# SA-GENEALOGIE Poslys

**Argiewe 2010**

## Jaargang VII Maand 2

**Februarie 2010**

## Saamgestel deur: Pieter L van der Merwe

# KWYTSKELDING

**Hierdie argief is nie ’n amptelike, wetlike dokument nie, maar ’n samestelling van die e-posse van verskillende lede van die SA Genealogie Gesprekslys soos dit gedurende die tydperk ingestuur was.**

**Die lyseienaars en hulle bestuurspan aanvaar dus geen aanspreeklikheid vir die korrektheid van gegewens, sienings oor bepaalde gebeure, interpretasie en samestelling van familieverwantskappe, of vir enige aksies of verlies wat daaruit mag voortspruit nie, en stel voor dat persone wat hierdie bron gebruik, self eers die gegewens kontroleer.**

# Februarie 2010 Bundels

Onderwerp: [SA-Gen] Bundel Nommer 4193

Datum:  Monday, February 01, 2010

Daar is 2 boodskappe in hierdie uitgawe

Onderwerpe in hierdie bundel:

1. STAMVADER COETZER From: Sylvester Rascher
2a. Re: Kieserslysprojek From: Gert Maritz

1. STAMVADER COETZER
Posted by: "Sylvester Rascher" sylvesterrascher@yahoo.com
sylvesterrascher
Mon Feb 1, 2010 2:45 am (PST)

Beste Lys,

Ek is op die oomblik op die spoor van Stamvader Jacob Coetzer en gaan binnekort in die argiewe van die voormalike Bohemia (nou Czech Republic) kyk of ek iets verder kan opspoor.

Kan iemand my moontlik help met inligting uit die volgende artikel: Coetzer, W.J.J.: (vide Fam. vol. 13, no. 2, 1976, p. 52): Kuzer. Familia vol. 13, no. 1, 1976, p. 3-6.

Blykbaar is daar iets in oor sy vader Wentzel.  Wil graag ook weet of daar iets gemeld word van sy moeder of broers en susters of enige ander inligting wat as leidraad kan dien van na wie en in watter tydsruimte gesoek moet word.

By voorbaat dankie.

Groete
Rassie

2a. Re: Kieserslysprojek
Posted by: "Gert Maritz" maritzgert@goalnet.co.za   grtmaritz
Mon Feb 1, 2010 2:46 am (PST)

Hallo Dennis

As jy nog hulp nodig het sal ek ook help.

Gert Maritz

gertmaritz@goalnet.co.za

maritzgert@goalnet.co.za

Nelspruit

013-7414454

0824574338

Onderwerp: [SA-Gen] Bundel Nommer 4194

Datum: Tuesday, February 02, 2010

Daar is 17 boodskappe in hierdie uitgawe

Onderwerpe in hierdie bundel:

1. Kotze, Erasmus, de Klerk From: Johan Pottas
2a. Deense skepe om die Kaap - passasierslyste op die Internet? From: montxsuz
2b. Re: Deense skepe om die Kaap - passasierslyste op die Internet? From: brakenjan@xplornet.com
3. Vrystaat Stamvaders vir Christopher Fitchet From: Berna Julietta van de Venter
4. [Koerant] Die Burger Oos-Kaap 01 Febr 2010 From: P Marx
5. LDS Pretoria From: Richard Wheeler
6. (Koerant) Beeld 01 Feb. 2010.doc From: Fanie Blignaut
7a. Re: Van der Linde, Anna Catharina From: Marlize De Beer
8a. Re: Capensis artikel From: Mariana Olivier
9. Die Bronberger ‘The Willows’ se Strubens ontdek goud ná m From: Louis Olivier
10. [KOERANT]BEELD-KRUGER Ruben From: TEIR Elizabeth
11. [KOERANT]BEELD-BEZUIDENHOUT Bossie [45] From: TEIR Elizabeth
12. [KOERANT]BEELD-ROUX Shawn [22] From: TEIR Elizabeth
13. [KOERANT]VOLKSBLAD-ERASMUS Jonathan Pierre [24] From: TEIR Elizabeth
14. Begrafnis briefies From: aletta magrieta.quebbemann
15. [Koerant ] Sunday Tribune 31 Januarie 2010 From: aletta magrieta.quebbemann
16. STERFTE;AIREY From: Ann Tiran

1. Kotze, Erasmus, de Klerk
Posted by: "Johan Pottas" pottasj@ufs.ac.za pottasjj
Mon Feb 1, 2010 4:49 am (PST)

Dag almal

Ek is opsoek na die ouers van Louis KOTZE getroud met Engela Jacoba Elizabeth ERASMUS, vir 'n vriend en ek vermoed dat as ek die skakel gekry het ek die res van KOTZE lyn kan opklaar. Ek weet net dat sy pa bekend was as Hendrik KOTZE, ek vermoed ook dat dit nie sy volle name was nie. Verder vermoed ek dat in die gesin wat ek het ook 'n dogter, vermoedelik die tweede oudste een ontbreek as ek kyk na die name. hy is ook 'n tweede keer getroud met 'n dame onbekend aan my op die stadium. Daar is geen sterfkennis vir hom nie. Sy tweede vrou is ook by hom begrawe nie.

Family Group Record
=============================================
Husband: Louis KOTZE

-----------------------------------------------------------
Birth: 25 Nov 1847
Death: 22 Nov 1926
Burial:
Marriage: 19 Dec 1868 Reddersburg, Vrystaat
Father: Hendrik KOTZE (b abt 1810)
Mother: NN KOTZE? (b abt 1813)
==============================================
Wife: Engela Jacoba Elizabeth ERASMUS
-----------------------------------------------------------
Birth: 1850
Angloboerewar: 21 Jun 1901 arriveer
Death: 23 Jan 1902 Konsentrasiekamp, Bethulie, Vrystaat
Burial:
Father: Petrus Francois Bockelenberg ERASMUS (b 29 Jun 1815)
Mother: Maria Magdalena DE KLERK (b 29 Apr 1815)
===============================================
Children
===============================================
1 M Hendrik Christiaan KOTZE
Birth: 1871
Death:
Burial:
Marriage:
-----------------------------------------------------------
2 M Louis Johannes KOTZE
Birth: 1876
Angloboerewar: Diyatalawa, Ceylon
Death:
Burial:
Marriage:
-----------------------------------------------------------
3 M Johannes Christiaan KOTZE
Birth: 1878
Death:
Burial:
Marriage:
-----------------------------------------------------------
4 M Francois de Klerk KOTZE
Birth: 15 Jun 1879
Death: 4 Jan 1953 Trompsburg, Vrystaat
Burial:
Spouse: Catharina Elizabeth BOTHA
-----------------------------------------------------------
5 F Maria Magdalena KOTZE
Birth: 1882
Angloboerewar:
Death:
Burial:
Marriage:
-----------------------------------------------------------
6 F Engela Jacoba KOTZE
Birth: 1887
Angloboerewar:
Death:
Burial:
Marriage:

------------------------------------------------------------
7 M Lodewicus Jacobus KOTZE
Birth: 1889
Angloboerewar:
Death:
Burial:
Marriage:
------------------------------------------------------------
8 M Hendrik Johannes KOTZE
Birth: 1891
Angloboerewar:
Death:
Burial:
Marriage:
------------------------------------------------------------
9 M Gerhardus Dirk KOTZE
Birth: 1893
Angloboerewar:
Death:
Burial:
Marriage:
==================================================
Prepared 1 Feb 2010 by:
JJ Pottas
Posbus 34559
FAUNASIG
RSA, 9325
+27 51 522 7329 / +27825693727
==================================================
FAMILY NOTES
Marriage(1): GK, ds DJ Beyers voltrek die huwelik en as getuies teken AF Venter en VF Venter. Hy is 'n 19 jarige veeboer van Vaalbank, Smithfield en sy 'n 18 jarige jongedogter van Bethfage, Bloemfontein.

HUSBAND NOTES: Louis KOTZE
Birth(1):
Death: Hy is begrawe in Reddersburg.
General: (MHG 1/3/1/32 BK24) Op 27 Maart 1884 doen hy aansoek om sy boedel te sekwestreer en is hy woonagtig te Vaal Bank (Vaalbank), distrik Caledon Rivier, Vrystaat. Die aansoek word onderteken te Smithfield. Hy besit op die stadium die volgende eiendom: 112 skape, 3 osse, 'n ou wa, 'n merrie en vul, 'n ryperd, 'n koei en bulkalf en 'n paar stukkies huisraad ter waarde van 104 Pond en sy skulde aan verskeie
persone beloop op die stadium 382 Pond 12 sjieling en 3 pennies. Op 5 Junie 1884 word 'n vergadering by die landdroskantoor te Smithfield gehou met sy krediteure. As kurator van sy boedel word William Joseph Butler aangestel op 21 Julie 1884. Teen 5 Desember is sy gesekwestreerde
boedel finaal afgehandel en het die krediteure geen gelde ter betaling van hul skuld ontvang nie. Op die vendusie gehou op 1 Oktober 1884 koop ene Hendrik Kotzee 2 osse, die merrie en vul en die wa, dit is moontlik sy vader of broer.

(VAB E690/1902) Op 5 November 1903 doen hy aansoek by die Weesheer vir die uitreiking van 'n hertrousertifikaat.

WIFE NOTES: Engela Jacoba Elizabeth ERASMUS
Birth(1):
Angloboerewar: (VAB SRC74 p44) Sy arriveer op 21 Junie 1901 in die kamp. Hulle is bywoners op die plaas Vaalbank, Smithfield.
Death: (VAB E690/1902) Sy sterf in die kamphospitaal aan ingewandskoors. Haar sterfkennis word geteken deur John E Barrett (F.R.C.S.) "Free State Refugee Camp Superintendent", WK Wilson (S.R.C.) en MM Kotzee. Hulle testament is vernietig deur die Britse magte tydens die ABO.

Op 5 November 1903 lÃª Louis die volgende verklaring af voor vrederegter
William Joseph Butler te Smithfield: "Ek woon op die plaas Vaalbank, distrik Smithfield, my vrou Engela Jacoba Elizabeth ERASMUS is oorlede in die Vlugtelings Kamp te Bethulie. Ek het haar sterfkennis geregistreer op 3 Februarie 1903 te Smithfield, sy het 9 kinders nagelaat, waarvan 5 meerderjarig is en vier minderjarig. Van al ons eiendom kon ek slegs 'n klein wastafel, twee stoele, 'n sofa, nie drie Pond werd nie vind, asook drie jukke. Ek het 'n eis ingedien vir kompensasie vir ongeveer driehonderd ses en tagtig Pond Sterling, met die uitsondering van die voorgenoemde items besit ek geensins enige iets
nie en moet ek my vier minderjarige kinders onderhou. Ek is begerig om weer in die huwelik te tree en doen hiermee aansoek by die Meester van die Hooggeregshof van die Oranjerivier Kolonie vir die daarstelling van 'n sertifikaat om my in staat te stel om 'n huwelik te sluit, en beloof ek plegtig dat indien ek enige kompensasie ontvang dit volgens wet te administreer en te distribuur."

CHILD NOTES: Hendrik Christiaan KOTZE
Birth: (VAB E690/1902)
General: Hy is moontlik getroud met Anna Maria Catharina COETZEE in 1889 sien Vrystaat huweliks registers.

CHILD NOTES: Louis Johannes KOTZE
Birth: (VAB E690/1902)
Angloboerewar: Ceylon (VAB SRC74 p45)

CHILD NOTES: Johannes Christiaan KOTZE
Birth: (VAB E690/1902)

CHILD NOTES: Francois de Klerk KOTZE
Birth(2): (VAB B4397/1918)
Death(2,3): Hy sterf op die plaas Koppieskraal. Hy is begrawe in Trompsburg.
General(2): (VAB B4397/1918) Teen Februarie 1919 woon en boer hulle op Koppieskraal, Edenburg.

CHILD NOTES: Maria Magdalena KOTZE
Birth: (VAB E690/1902)
Angloboerewar: (VAB SRC74 p45 & SRC88 p44)

CHILD NOTES: Engela Jacoba KOTZE
Birth: (VAB E690/1902)
Angloboerewar: (VAB SRC74 p45 & SRC88 p44)

CHILD NOTES: Lodewicus Jacobus KOTZE

Birth: (VAB E690/1902)
Angloboerewar: (VAB SRC74 p45 & SRC88 p44)

CHILD NOTES: Hendrik Johannes KOTZE
Birth: (VAB E690/1902)
Angloboerewar: (VAB SRC74 p45 & SRC88 p45)

CHILD NOTES: Gerhardus Dirk KOTZE
Birth: (VAB E690/1902)
Angloboerewar: (VAB SRC74 p45 & SRC88 p45)

SOURCES
1. Niel Botha. Huweliksregisters Vrystaat Niel Botha. Niel Botha.
2. Trompsburg begraafplaas, JJ Pottas, Posbus 34559, Faunasig, 9325, tel 051 5227 329, sel 082 569 3727.
3. ME Smith, * Botha, Voortrekkerstr 66, TROMPSBURG, tel 051-713-0027.

Johan J Pottas Rekensentrum UV
Tel: +27-51-401-2767 werk
Tel: +27-51-522-7329 huis
Tel: +27-82-569-3727 sel
Faks: +27-51-401-2765 werk
Posbus 34559, Faunasig, 9325

---

University of the Free State: This message and its contents are subject to a disclaimer.
Please refer to http://www.ufs.ac.za/disclaimer for full details.

Universiteit van die Vrystaat:
Hierdie boodskap en sy inhoud is aan 'n vrywaringsklousule onderhewig.
Volledige besonderhede is by http://www.ufs.ac.za/vrywaring beskikbaar.

---

2a. Deense skepe om die Kaap - passasierslyste op die Internet?
Posted by: "montxsuz" montxsuz@yahoo.com montxsuz
Mon Feb 1, 2010 5:52 am (PST)

Weet iemand dalk waar mens lyste van skepe en bemanning/passasiers kan kry van Deense DOK skepe circa 1700? Ek kon tot dusver niks dmv Google opspoor nie.

Die Deense Oos-Indiese Maatskappy (Dansk Østindisk Kompagni) is in 1616 gestig, en het net soos die Nederlandse VOC rondom die Kaap gevaar na die Ooste. In 1732 is die maatskappy hernoem na die Asiatisk Kompagni. Denemarke het oa handelsposte (kolonies) in Indië gehad, en het later ook met Sjina handel gedryf. Die skepe sou natuurlik by die Kaap aandoen.

Nou is dit seker moontlik dat van ons stamvaders onder 'n Deense vlag aan die Kaap kon land? Veral diegene van Skandinawië en Schleswig-

Holstein (wat natuurlik tot 1864 deel van Denemarke was). My stamvader bv. is (sover) nie op 'n VOC (Nederlandse) skeepslys te vinde nie ... Enige goeie wenke sal verwelkom word.

Groete
Christo van Rensburg

2b. Re: Deense skepe om die Kaap - passasierslyste op die Internet?
Posted by: "brakenjan@xplornet.com" brakenjan@xplornet.com   lovegenaca
Mon Feb 1, 2010 6:33 am (PST)

Inligting hieroor sal baie interresant wees. Ek kon ook tot dusver geen spoor van die KNOETZE stamvader op enige van die VOC se passasiers lyste vind nie, siende dat hy ook - sover ons weet - van Denemarke is.

'n Ander vraag sou wees of daar mense na die Kaap gekom het op skepe wat nie 'n amptelike lys van passasiers gehad het nie.

Groetnis
Martin Knoetze

On Feb 1, 2010, montxsuz <montxsuz@yahoo.com> wrote:

Â  Weet iemand dalk waar mens lyste van skepe en bemanning/passasiers kan kry van Deense DOK skepe circa 1700? Ek kon tot dusver niks dmv Google opspoor nie.

Die Deense Oos-Indiese Maatskappy (Dansk Ã˜stindisk Kompagni) is in 1616 gestig, en het net soos die Nederlandse VOC rondom die Kaap gevaar na die Ooste. In 1732 is die maatskappy hernoem na die Asiatisk Kompagni. Denemarke het oa handelsposte (kolonies) in IndiÃ« gehad, en het later ook met Sjina handel gedryf. Die skepe sou natuurlik by die Kaap aandoen.

Nou is dit seker moontlik dat van ons stamvaders onder 'n Deense vlag aan die Kaap kon land? Veral diegene van SkandinawiÃ« en Schleswig-
Holstein (wat natuurlik tot 1864 deel van Denemarke was). My stamvader bv. is (sover) nie op 'n VOC (Nederlandse) skeepslys te vinde nie ... Enige goeie wenke sal verwelkom word.

Groete
Christo van Rensburg

3. Vrystaat Stamvaders vir Christopher Fitchet
Posted by: "Berna Julietta van de Venter" bernajul@telkomsa.net capricornjump
Mon Feb 1, 2010 6:04 am (PST)

Dear Mr Fitchet

Aren't you a rugbly player, one that played for the Free State?

I would like those photo's of the Oberholzer's graveyard. It might be of
interest to me. See another mail to Johan. I have Oberholzer descendants.
I will appreciate that.

Thank you in advance.

Berna
Ek het in engels geskryf omdat die man in engels geskryf het na die lys so ek aanvaar hy is engels.

4. [Koerant] Die Burger Oos-Kaap 01 Febr 2010
Posted by: "P Marx" geelhoutboom@igen.co.za
Mon Feb 1, 2010 7:34 am (PST)

Sterfgevalle
DORFLING, Annalene Elizabeth (Liena). 68 jaar. +Donderdag 28 Jan 2010 in Port Elizabeth.
Kinders, kleinkinders. Roudiens Dinsdag 02 Febr 2010 15:00 NG Kerk Retief, Despatch.
Verassing privaat. (Die Burger Oos-Kaap 01/02/2010) Oos-Kaap Begrafnisdienste 041 992 5704

Hester Marx Loerie

5. LDS Pretoria
Posted by: "Richard Wheeler" rwheeler@woodlandsnet.co.za wheelerrt123
Mon Feb 1, 2010 7:44 am (PST)

Ek het verneem dat die Pretoria LDS verskuif het vanaf Centurion na Pretoria Oos. Ken enigiemand die adres?

Groete

Richard Wheeler

6. (Koerant) Beeld 01 Feb. 2010.doc
Posted by: "Fanie Blignaut" blikkies@mabonline.co.za   blignautfanie
Mon Feb 1, 2010 8:34 am (PST)

HAUPT; Deon * 20/06/1963 + 01/02/2009 en Renché * 25/06/1966 +
01/02/2009.Mommy and Daddy we miss you, your Children, Brothers,
Sisters,
Mom and Dad. [Foto met berig]. (Beeld – 01/02/2010)

LOUW; James George, ID-460910 5165 083, laaste bekende adres,
Minnaarstraat
37, Forest Hill, Johannesburg, kontak dringend vir Dina van Win KRYNAUW
Prokureurs by 011-955-5454 , Faks 011-955-2547 met
verwysingnommerTL0136.
(Beeld – 29/01, 01/02/2010)

Groete,

Fanie Blignaut (Blikkies),

Vanderbijlpark,

Gauteng provinsie.

7a. Re: Van der Linde, Anna Catharina
Posted by: "Marlize De Beer" marlizedbr@yahoo.com   marlizedbr
Mon Feb 1, 2010 11:24 am (PST)

Goeie naand Etienne,

Ek doen van der Linde navorsing, en het 'n Anna Catharina van der Linde
in my data basis. Laat ek bietjie sien wat ek kan kry dan kom ek terug
na jou toe met die besonderhede.

Groete
Marlize.

---

From: etiennedv <etiennedv@yahoo.com>
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Sent: Mon, February 1, 2010 8:20:36 AM
Subject: [SA-Gen] Van der Linde, Anna Catharina

More Lys.

Is daar enigiemand wat dalk kan help met die voorgeslagte van die
volgende persoon:

ANNA CATHARINA VAN DER LINDE(c. 1845) x 7/03/1870 NGK Bloemfontein
Jacobus Johannes Naude (c. 1836) (s.v. Johannes Anthonie Naude en
Elizabeth Margaretha Smit.

Ek het e-SAGI deurgesoek en vind ook niks in SAG onder die Naude's nie.
Ek het nie die SAG volume met die VD Linde's in nie.

Hulp sal waardeer word.

Groete,

Etienne

8a. Re: Capensis artikel
Posted by: "Mariana Olivier" omariana@lantic.net
Mon Feb 1, 2010 11:26 am (PST)

Naand Francois

Ons redaktrise Sasa Malan sÃª jy kan haar kontak sasamalan@gmail.com

Groete
Mariana
GGSA Wes-Kaap Tak
----- Original Message -----
From: Francois Smith
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Sent: Monday, February 01, 2010 8:52 AM
Subject: [SA-Gen] Capensis artikel

More lede

Ek het die volgden artikel opskirf raakgeloop op die internet:
â€“48 pages Capensis Die Sandveldhuisie op die plaas Theerivier -
erfenis van die Smitte - G. J. Smit page 16
2/2003 Junie/June

Het enige van julle dalk toegang tot die spesifieke uitgawe van
Capensis. Ek sal graag 'n afskrif van die artikel wil bekom.

Groete
Francois

PS - nuwe familia CD tot en met einde 2009 is blykbaar vanaf Maart 2010
beskikbaar

9. Die Bronberger ‘The Willows’ se Strubens ontdek goud ná m
Posted by: "Louis Olivier" lm.olivier@gmail.com   olivierlouis30
Mon Feb 1, 2010 11:26 am (PST)

Naand almal weereens 'n bietjie Pretoria geskiedenis uit die tydskrif
of is
dit koerant Die Bronberger
http://www.bronberger.co.za/index.php?option=com_content&task=view&id=6
72&Itemid=76
Louis Olivier
Pretoria 0128031028
lm.olvier@gmail.com
lindaoli4@gmail.com
Olivier, Coetzee, Swart, du Plooy

10. [KOERANT]BEELD-KRUGER Ruben
Posted by: "TEIR Elizabeth" trcul.info@elisanet.fi   kerrieborrie
Mon Feb 1, 2010 8:14 pm (PST)

'Ou Grote' verloor stryd teen kanker
2010-01-29 04:55

Mia Willemse

Pretoria

"Ek was só lief vir jou, Ruben. Ek wens ek kon jou vir ewig hou, maar ek gun jou die rus! Ek, Zoë en Isabella sal jou vir ewig in ons harte dra. xxx "

Só het me. Lize Kruger, die Blou Bul- en Springbokflank-legende Ruben Kruger se vrou, gister omstreeks 01:00 vir haar man tot siens gesê op Facebook.

Kruger, ook bekend as "Ou Grote", het sy tien jaar lange stryd teen breinkanker Woensdagaand om 23:10 in die Pretoria-Oos-hospitaal verloor. Hy sou in Maart sy veertigste verjaardag vier.

"Ons harte is vandag baie seer, maar tog is ons gelukkig dat Ruben nou kan rus," het mnr. Hendrik Cronjé, Kruger se swaer, aan Die Burger gesê.

Volgens Cronjé, Lize se broer, was familielede en vriende asook oudrugbyspelers van oor die land heen die afgelope week langs Kruger se hospitaalbed om vir hom te bid en vir hom tot siens te sê.

Selfs lede van die publiek het spontaan by die hospitaal opgedaag en vir Ruben gebid, het Cronjé gesê.

"Die laaste oomblikke was baie emosioneel gewees. Ruben het voor hy die hemelse poorte deurgegaan het Lize se hand nog gedruk en sy oë elke keer beweeg wanneer sy in sy oor gefluister het.

"Hy het absoluut opgehelder as Lize met hom gepraat het," het Cronjé snikkend gesê.

Lize, wat die afgelope week elke aand by haar man in dié hospitaal se waakeenheid gewaak het, moes gisteroggend die hartseer nuus aan haar twee dogtertjies, Zoë (7) en Isabella (4), oordra.

Zoë se presiese woorde aan Lize was: "Ek is verskriklik bly vir Pappa dat hy nou in die hemel by Oupa en Liewe Jesus kan wees," het Cronjé gesê.

Volgens hom was Kruger gereed om hemel toe te gaan, maar was hy nie gereed om vir Lize en sy twee dogtertjies agter te laat nie.

Kruger is in 2000 met 'n gewas op die brein gediagnoseer.

Die Burger het vroeër berig dat Kruger verlede week weens ontsteking in sy rugweefsel in Pretoria-Oos-hospitaal se waakeenheid onder sterk pynverdowing gehou is.

"Die aand voordat Ruben in die hospitaal opgeneem is, het om en by 60 mense met kerse buite sy huis gesit en vir hom gebid. Dit is ongelooflik om te sien dat hierdie man, wat goue spore op die rugbyveld getrap het, so 'n groot impak op mense se lewens gemaak het.

"Ek dink Ruben sal vir sy Christenskap eerder as sy yslike groot goue voetspore op die rugbyveld onthou wil word," het Cronjé gesê.

'n Gedenkdiens vir Kruger word op Woensdag 3 Februarie om 10:00 in die CRC-gemeente in die ooste van Pretoria gehou.

Dié diens kan ook deur die publiek bygewoon word.

11. [KOERANT]BEELD-BEZUIDENHOUT Bossie [45]
Posted by: "TEIR Elizabeth" trcul.info@elisanet.fi   kerrieborrie
Mon Feb 1, 2010 8:14 pm (PST)

'Julle bliksems!' toe word pa van 2 doodgeskiet
2010-02-01 00:55

Buks Viljoen

"Dankie, liewe Jesus, vir ons mooi nuwe huis en dat ons so gelukkig is."

Minute nadat die vyfjarige Lauren Bezuidenhout van Nelspruit die afgelope naweek dié gebedjie opgesê het, is haar pa, Bossie (45), doodgeskiet.

Kort voor die moord het mnr. Bezuidenhout, sy vrou, Karen (39), en hul kinders, Lauren en Jarrod (11), saam in die kombuis melkskommel gedrink. Mnr. Bezuidenhout se ma, Tina (65), was elders in die huis doenig.

Die gesin het Saterdag in hul nuwe dubbelverdiepinghuis in die gesogte Shandon Estates in Nelspruit ingetrek.

Mnr. Bezuidenhout is omstreeks 20:30 na die onderste verdieping van die huis om Jarrod in die bed te gaan sit.

In 'n stadium het mev. Bezuidenhout gehoor hoe haar man skree: "Julle bliksems!" het mev. Karin Visagie, 'n vriendin van die gesin, gister aan Beeld vertel.

Hy het hom vermoedelik teen inbrekers vasgeloop. Toe het 'n skoot geklap. Hy is in die nek getref en is op slag dood.

"Skaars ses uur voor sy sinnelose moord het ons nog op die huis se stoep gestaan en het hy vir my gesê hoe gelukkig hy nou is," het Visagie gesê.

Mev. Bezuidenhout word oormôre 40. "Bossie sou haar as verrassing vir 'n romantiese naweek wegneem. Pleks van partytjie hou beplan ons nou sy begrafnis."

Visagie se man, Ronnie, was Bezuidenhout se boesemvriend. Die twee het mekaar 35 jaar geken. Bezuidenhout, wat in 1984 'n matrikulant aan die Hoërskool Rob Ferreira in Witrivier was, het 'n jaar gelede 'n onderneming in Nelspruit by mnr. Visagie gekoop.

"Dit was sy lewensdroom om terug te kom Nelspruit toe," het mev. Visagie gesê .

Bezuidenhout het in Mei 2009 van Pretoria, waar hy in Silver Lakes gebly het, Nelspruit toe getrek. Sy gesin het in November, nadat die skole gesluit het, ook daarheen verhuis. Hulle het Saterdag uit hul huurhuis na hul nuwe droomwoning getrek.

Supt. Gerrie Agenbag, speurtakbevelvoerder van die polisie op Nelspruit, het gesê hulle vermoed Bezuidenhout is met 'n rewolwer doodgeskiet. 'n Koeëlpunt is in die moordkamer gekry, maar geen doppie nie.

Volgens Agenbag is dit nie seker hoeveel aanvallers daar was nie. "Spore wat ons buite die huis gekry het, wys dit kan moontlik twee of drie wees."

Enigiemand met inligting kan Agenbag by 013 759 1108 bel.

Shandon Estates, wat bemark word as 'n hoë-sekuriteitskompleks, het die afgelope twee maande onder 'n vlaag van misdaad deurgeloop.

Mnr. Charles Venter, 'n oud-burgemeester van Nelspruit en buurman van die Bezuidenhouts, is laat verlede jaar self in sy huis hier aangeval en erg aangerand.

- Beeld

12. [KOERANT]BEELD-ROUX Shawn [22]
Posted by: "TEIR Elizabeth" trcul.info@elisanet.fi   kerrieborrie
Mon Feb 1, 2010 8:15 pm (PST)

8-jarige sien hoe mans neef doodskop
2010-02-01 01:47

Hilda Fourie

'n Agtjarige meisie het eergister toegekyk hoe haar neef tydens 'n visvanguitstappie buite Boksburg doodgeskop en -geslaan word.

Terwyl drie mans besig was om mnr. Shawn Roux (22) te skop en te slaan het Michaela Labuschagne (8) vir haar pa, Willem, geskree: "Kyk na Shawn; hy raak blou."

Mnr. Labuschagne het op Shawn gaan lê om te keer dat hy verder aangerand word.

Oomblikke later het hy saam met Michaela en sy ander dogters, Tiffany (18) en Ashley (16), probeer om Roux by te bring voordat hulle met hom hospitaal toe gejaag het. Roux, wat besig was met sy ambagskap as passer en draaier, is by die hospitaal dood verklaar.

Konst. Lindelani Dladla, polisiewoordvoerder, het gister gesê 'n rusie het tussen Roux en 'n ouer man ontstaan wat gelei het tot die aanranding, waarna Roux aan sy beserings beswyk het.

Mev. Rina Labuschagne, Roux se tannie, het gister vertel Michaela is nog in 'n toestand ná Shawn se dood. "My kind vat dit glad nie goed nie," het sy gesê.

Volgens Labuschagne het Roux eergister saam met haar man, sy niggies en ander familielede en vriende by die Van Wykparkdam gaan visvang.

"Die kinders het kleilat gegooi en van die klei het op een van die ander visvangers, 'n 17-jarige seun, se lyn geval," het Labuschagne gesê.

"Dié seun het met 'n bottel in sy hand na my man toe gestap en gesê hy gaan sy pa bel. My man het gesê hy moet maar bel.

"Binne minute het daar drie voertuie met sowat 11 mans opgedaag. Dit was glo onder andere die seun se pa en stiefbroer.

"Die seun se pa het na my man toe geloop en hom in die gesig geslaan. Shawn het tussen die twee mans kom staan om te keer dat Willem geslaan word.

"Een van die ander het toe bygekom en Shawn met die vuis teen die kop geslaan. Shawn het op die grond geval.

"Hulle het hom begin skop en slaan en selfs op sy nek getrap. My dogtertjie skree toe vir Willem hy moet na Shawn kyk, want hy raak blou. Shawn het gelê en ruk op die grond.

"Hulle het probeer om hom by te bring, maar hy was klaar blou. By die hospitaal het hulle weer probeer om hom by te bring, maar daar was niks."

'n 38-jarige man is gisteroggend by sy huis in Dawn Park, Boksburg, in verband met Roux se dood in hegtenis geneem en sal vandag in die landdroshof in Boksburg verskyn.

- Beeld

13. [KOERANT]VOLKSBLAD-ERASMUS Jonathan Pierre [24]
Posted by: "TEIR Elizabeth" trcul.info@elisanet.fi   kerrieborrie
Mon Feb 1, 2010 8:25 pm (PST)

'Hartskind' gly na sy dood
2010-02-01 05:15

Nurene Jassiem ne Sonja van Buul

Kaapstad en Johannesburg

'n Jong paramedikus van Johannesburg het hom Saterdagmiddag in 'n stormsterk wind ten aanskoue van 'n vriendin by die uitkykpunt van Chapmanspiek doodgeval.

Mnr. Jonathan Pierre Erasmus (24) van Florida Hill in Johannesburg het glo gegly en sowat 300 m na benede gestort toe hy oor die reling by die piek se hoof-uitkykpunt geklim het om foto's te neem.

Erasmus, 'n paramedikus van Netcare 911, was saam met twee vriende, mnr. Francois Kellerman, ook 'n Netcare 911-paramedikus van Pretoria, en mnr. Marco Venter van Johannesburg, met vakansie in die Wes-Kaap toe die ongeluk gebeur het.

Erasmus het by die Netcare Olivedale-kliniek gewerk.

'n Stormsterk windhet ten tye van die voorval in die omgewing gewoed.

Me. Annie Olivier (34), 'n Netcare 911-paramedikus van die Kaap, het Saterdag saam met die vriende Chapmanspiek besoek.

Kellerman en Venter was blykbaar nie te ver van Olivier en Erasmus toe Erasmus gegly, by die berg afgetuimel en in die see geval het nie.

Die vriende wou Erasmus te hulp snel, maar Olivier het, volgens mnr. Brad Geyser, stasiebevelvoerder van die Nasionale Seereddingsinstituut (NSRI) in Houtbaai, ook in die moeilikheid beland toe sy hom probeer help het en is op 'n kranslysie vasgekeer.

Die NSRI is omstreeks 18:05 van die voorval ingelig.

Die NSRI, polisie, asook metro-nooddienste het toe 'n reddingspoging begin.

"Die metro-reddingspan het die vrou gered en sy het geringe beserings opgedoen."

Twee NSRI-bote is ontbied en het Erasmus se lyk opgespoor en uit die water gehaal.

Mnr. Jean Pierre La Grange, 'n boesemvriend en kollega van Erasmus, het Erasmus gister as 'n sprankelende jong man, vriend en mentor met " 'n helse lus vir die lewe" beskryf.

"Jonno sou sy lewe gegee het om 'n ander mens s'n te red."

Huldeblyke het ingestroom op 'n Facebook-blad wat La Grange kort ná Erasmus se dood gestig het.

Ryan Erasmus, Erasmus se jonger broer, skryf hier oor sy "klein ouboet".

"My lewe voel klaar minder sonder jou. Sien jou weer."

Mev. Erna Mouton van Florida Hill in Johannesburg, Erasmus se ma, skryf: "My lieflingkind, my sonskynkind, my hartskind, jy het met soveel passie geleef vir jou familie, vriende en jou werk.

"Ek is so ongelooflik trots op jou! Ons gaan oneindig na jou verlang."

Na verneem word was Mouton gister onderweg na die Kaap en kon nie vir kommentaar bereik word nie.

Insp. Tanya Lesch, Houtbaai-polisiewoordvoerder, het gesê Erasmus het volgens hul voorlopige ondersoek by die uitkykpunt oor die muurtjie geklim om foto's te neem toe hy gegly het.

'n Geregtelike doodsondersoek sal gedoen word.

- Die Burger

14. Begrafnis briefies

Posted by: "aletta magrieta.quebbemann" am.queb@mweb.co.za
alettaqea9fac
Mon Feb 1, 2010 11:03 pm (PST)

Dag vriende,

My vriende kollekteer fluks saam met my.

KAMERMAN Theresa Eileen nee McCARTHY * 25 Nov 1921 -----17 Julie 2009 Vrou ,ma ,ouma en oumagroot. Memorial by Durban Noord Methoodiste Kerk op 21 Sept 2009 om 10 vm.

OOSTHUIZEN Johanna Andretha * 16 Julie 1914 -----19 Jan 2010. Ma van Phillip, Johnny. Skoonma van Gareth ,Toerien. Ouma van Ryan, Francious, Kallie, André, Dave , André N, Alex ,Tony en Darryn. Diens uit Ou Apostoliese Kerk op 22 Jan 2010 om 12 middag. Diens waargeneem deur Oudste Teuns Moorcroft.

Gegroet uit Durban
Rita Quebbemann

Gegroet uit

15. [Koerant ] Sunday Tribune  31 Januarie 2010
Posted by: "aletta magrieta.quebbemann" am.queb@mweb.co.za
alettaqea9fac
Mon Feb 1, 2010 11:18 pm (PST)

Dag vriende,

QUICKQUIP:-

GEBOORTES:-LAYER nee DE REUS Rob & Lajla 'n seun Samuel Henry * 18 Jan 2010 in USA. Broer vir David. > lajla@gmail.com <

VERLOWINGS:-DAVISWORTH ~ BRETT Ray & Pam se seun Tyrone aan Michelle, dogter van Antoinette & Mike .

DOOD:-BROWNE Ray (Dogs) â€  28 Jan 2010 x Dee. Pa van Lee, Rod, Linda ,Brett en Wendy. Oupa van Katherine en William.

CRAWLEY Albert John (Jack) 1917 -----26 Jan 2010 op ouderdom 92 x â€ Kathleen nee MARCOVICH . Pa van Pat, Jacqui, Lynda, Mark , skoonpa en oupa van 8. Verassing privaat.

COLINO LODOVICO (Vico) 5 Feb 1949 ----28 Jan 2010 .Man en pa van Cheryl, Marco, en Damon.Swaer van Zane & Janine. Oom van Brooke en Forrest. TEL:- Cheryl 0828516702.Begrafnis by The Blessed Sacrament Virginia Durban op 3 Feb 2010 om 10vm. Ingesit deur DOVES 0860025500.

KRUGER Earl Robert KORREKSIE VAN GEBOORTEDATUM. 29 April 1971 ---27 Jan 2010 . Jonger broer van Sean , IlsÃ©, Kayla en Celine.;Ook van Ma & Primo ,Darrell, Leonie en kleinkinders.

MAYTE Gerald David (Barney) 2 Maart 1923 -----25 Jan 2010.Pa van Howard en â€  Donald. Stiefpa van Jeanette, John en Graham. Oupa en oom. Memorial by Frere Rd Presbyterian Kerk Glenwood op 6 Feb 2010 om 10:30 vm. Ingesit deur BELL Funerals.

ROBBINS Grant 6 Des 1969 -----28 Jan 2010 (skielik). x Janet vir 10 jaar. Pa van Kyle. Seun van Adrienne en broer van Glen. Skoonseun van Wally & Maryna en familie.

TANCHELL Wyn â€  25 Jan 2010 in Bath UK. Ons sal jou mis . Sy het 'n baie aktiewe lewe gelei. TEL:- Ken & Cecilie MARKS 011 8802556. Dr Judith LANDAU (Denver UK en Jane BUISSON-STREET.

WATTERSON Maysie Marie â€  op ouderdom 86 jaar x â€  Derrick. Derrick was " former mayor of Durban " van 1988---1990.Maysie is gebore in Mauritius. Haar familie het na Durban toe geimmigreer na " World War II " .Daar is 7 kinders , 19 kleinkinders, 24 agterkleinkinders en 1 agter -agterkleinkind. Begrafnis uit Assumption Katolieke Kerk Umbilo om 11 vm op 1 Feb 2010.

WILLIAMS Joyce Esme nee RONNE â€  28 Jan 2010. Ma van Sharon ,Clive en Brett . Skoonma , ouma en oumagroot. Begrafnis op 1 Feb 2010 by DOVES Greyville om 2nm. Ingesit deur DOVES 0860025500.

MEMORIAL:- BLINDELL JR. .Jy sou nou 18 gewees het. Saam met jou suster Candice 25 jaar saam in die Hemel. Ingesit deur Ma.

DICKSON Bruce 22 Jan 1977 ----29 Jan 2000.Onthou deur Ouers en Emma.

GOTHI Andrina Judy â€  31 Jan 2009 Ex Port Shepstone. Ma van Nicky, Rose , Prinolin en Leevin.

HARMSWORTH Dawn Anne . Vrou ,ma en ouma van Ivan , Kerran, Todd, Ryan, Jenni, Kerri , Mitchell, Rory, Georgina, Nathan en Caitlin.

LAWRENCE Alf . 1 jaar dood nou. Dit was 'n goeie 60 jaar van Lulu. Pa van Helena , Jack ,Shane en Cathy.

MILLER Daniel . 25 Aug 1984 -----31 Jan 2008 .Onthou deur Ouers, Chris , Kevin, Mikes en Robz.

NEL Stephen â€  1 Feb 2009. " Nephew and Godson " van Mary.

WEBSTER May .4 jaar dood nou. Ma ,ouma ,oumagroot en ooroumagroot.

Gegroet uit Durban, Warm aand en effens reen
Rita Quebbemann.

16. STERFTE;AIREY
Posted by: "Ann Tiran" anntiran@polka.co.za anntiran
Tue Feb 2, 2010 12:11 am (PST)

.

JOHN PAUL AIREY, gebore 21 Aug 1961, oorlede 31 Jan 2010 in Germiston [Lewer
Kanker.]s/v PETER AIREY en

DOROTHY AIREY.

Trou 3 Maart 1984 in Germiston Methodist / skei MICHELLE JENNIFER BEKKER,
gebore12 Mei 1964 in Ndola Noord-Rhodesië (d/v JOHANNES MICHAEL HENSA BEKKER en GERTRUDE KEEFER).

2 kinders: dogter: JORDAN LEIGH AIREY en seun DONOVAN JOHN AIREY

Annatjie/ Ann Tiran

[*PELSER]

fax 2 email: 086 610 5567

anntiran@polka.co.za

<mailto:anntiran@polka.co.za>

Onderwerp: [SA-Gen] Bundel Nommer 4195

Datum:  Wednesday, February 03, 2010

Daar is 25 boodskappe in hierdie uitgawe

Onderwerpe in hierdie bundel:


1. (Koerant) Beeld 02 Feb. 2010.doc From: Fanie Blignaut
2. Opsoek na voorouers, help asb ... From: Hendrik at Loogkolk
3a. RE: [SA-Gen] Die Bronberger 'The Willows' se Strubens ontdek goud n€ From: Piet Hoffmann
4. [Koerant] Die Burger Oos-Kaap 02 Febr 2010 From: P Marx
5a. (no subject) From: Charl Van As
5b. Re: (unknown) From: Dennis Pretorius
6a. Byvoeging tot ons familie From: Verna Fourie
6b. Re: Byvoeging tot ons familie From: Ariel Rudolph
7. LOTTER From: Johan Niemandt
8. Dreyer dogter soek kontak met familie From: Fanie Slabbert
9a. Johannes Christoffel (Jan) DU PLESSIS From: Gustav & Ren€ ¦é Pansegrouw
9b. Re: Johannes Christoffel (Jan) DU PLESSIS From: Andr€ ¢Ã© du Plessis
10a. Federer se ma From: lgr
10b. Re: Federer se ma From: Ariel Rudolph
10c. Re: Federer se ma From: Dennis Pretorius
10d. Re: Federer se ma From: lgr
10e. Re: Federer se ma From: Francois Greeff
11a. Skandering van boek From: Pieter du Venage
11b. Re: Skandering van boek From: Isebelle
12. Kuhn, Bredenhann, Scheepers, Lubbe familie From: lourensannemie
13a. Navorsing: DORFLING From: jandorfling
13b. Navorsing: DORFLING From: jandorfling
13c. Re: Navorsing: DORFLING From: Annelie Els
14a. Re: LDS Pretoria From: Virginia Vetten
15. (Koerant) Beeld 03 Feb. 2010.doc From: Fanie Blignaut


1. (Koerant) Beeld 02 Feb. 2010.doc
Posted by: "Fanie Blignaut" blikkies@mabonline.co.za   blignautfanie
Tue Feb 2, 2010 4:02 am (PST)

Middag Vriende, ek het ongelukkig die onderstaande berig verkeerd gelees,
dit is nou reg gestel.

LOUW; James George, ID-460910 5165 083, laaste bekende adres, Minnaarstraat
37, Forest Hill, Johannesburg. Enige familielid of vriend moet dringend vir
Dina van Win KRYNAUW Prokureurs by 011-955-5454 , Faks 011-955-2547 met
verwysingnommerTL0136, kontak. (Beeld - 29/01, 01, 02/02/2010)

Groete,

Fanie Blignaut (Blikkies),

Vanderbijlpark,

Gauteng provinsie.

2. Opsoek na voorouers, help asb ...
Posted by: "Hendrik at Loogkolk" hendrik@loogkolk.co.za loogkolk09
Tue Feb 2, 2010 5:29 am (PST)

FIRST GENERATION
1. Ilana DE WITT1.

SECOND GENERATION
2. Frderick Christoffel DE WITT1 was born on June 5, 1939. He was married to Maria Elizabeth VAN ZYL.
3. Maria Elizabeth VAN ZYL1 was born on January 28, 1952. Frderick Christoffel DE WITT and Maria Elizabeth VAN ZYL had the following children:
1 i. Ilana DE WITT.

THIRD GENERATION
4. Ernest Hendrik DE WITT1 was born in 1912. He was married to Magdalena Petronella Johanna POTGIETER.
5. Magdalena Petronella Johanna POTGIETER1 was born in May 1915. Ernest Hendrik DE WITT and Magdalena Petronella Johanna POTGIETER had the following children:
2 i. Frderick Christoffel DE WITT.

6. Willem Abraham VAN ZYL1 was born in 1917. He was married to Anna Sophia Catharina SMIT.
7. Anna Sophia Catharina SMIT1 was born in 1925. Willem Abraham VAN ZYL and Anna Sophia Catharina SMIT had the following children:
3 i. Maria Elizabeth VAN ZYL.

FOURTH GENERATION
12. Jacob VAN ZYL1. He was married to Marthe DE BRUIN.
13. Marthe DE BRUIN1. Jacob VAN ZYL and Marthe DE BRUIN had the following children:
6 i. Willem Abraham VAN ZYL.

14. Christiaan Jacobus SMIT1 . He was married to Maria Elizabeth DEETLEFS.
15. Maria Elizabeth DEETLEFS1. Christiaan Jacobus SMIT and Maria Elizabeth DEETLEFS had the following children:
7 i. Anna Sophia Catharina SMIT.

SOURCES

1. E-Pos vanaf SAGenealogie / GenForum / Buitenposten en verskeie ander genealogiese navorsers.

3a. RE: [SA-Gen] Die Bronberger 'The Willows' se Strubens ontdek goud n€
Posted by: "Piet Hoffmann" annelie@icon.co.za   piet_hoffmann
Tue Feb 2, 2010 5:49 am (PST)

Hallo Louis,

Dankie € ¦’¶ ek het nou sommer die hele spul deurgelees en nou is die dag amper
om!

Groete,

Marie Hoffmann,

Brooklyn.

From: SAGenealogie@yahoogroups.com
[mailto:SAGenealogie@yahoogroups.com] On
Behalf Of Louis Olivier
Sent: 01 February 2010 09:26 PM
To: Sa Genealogie
Subject: [SA-Gen] Die Bronberger € ¦’±The Willows€ ¦’² se Strubens ontdek goud n€ ¦á
mislukte boerdery

Naand almal weereens 'n bietjie Pretoria geskiedenis uit die tydskrif of is
dit koerant Die Bronberger
http://www.bronberger.co.za/index.php?option=com_content
<http://www.bronberger.co.za/index.php?option=com_content&task=view&id=672&I
temid=76> &task=view&id=672&Itemid=76
Louis Olivier
Pretoria 0128031028
lm.olvier@gmail.com <mailto:lm.olvier%40gmail.com>
lindaoli4@gmail.com <mailto:lindaoli4%40gmail.com>
Olivier, Coetzee, Swart, du Plooy

4. [Koerant] Die Burger Oos-Kaap 02 Febr 2010

Posted by: "P Marx" geelhoutboom@igen.co.za
Tue Feb 2, 2010 6:41 am (PST)

Sterfgevalle
BOUWER, Annett (voorheen GOUWS). +Sondag 31 Jan 2010. Esli en Amanda GOUWS,
Kinibaai; kinders Etienne, Rickus, Ilse en hul gesinne. (Die Burger Oos-Kaap 02/02/2010)

VENTER, Rita. Gedenkdiens Woensdag 03 Febr 2010 15:00 NG Kerk Somerstrand.
Verassing privaat. (Die Burger Oos-Kaap 02/02/2010)
First Avenue Funeral Home 041 581 5028

In Memoriam
JANSE VAN RENSBURG, Annette. Vandag jou vyfde verjaarsdag by ons Hemelse Vader.
Andy, Eugene en Janice. (Die Burger Oos-Kaap 02/02/2010)

(2 berigte)
LE GRANGE, Alice (Baby). Vyf jaar is reeds verby. Jose, Riaan, Vivian, Emile en families;
Jou suster Mabel. (Die Burger Oos-Kaap 02/02/2010)

Hester Marx Loerie

5a. (no subject)
Posted by: "Charl Van As" charl.vanas@yahoo.com charl.vanas
Tue Feb 2, 2010 8:46 am (PST)

http://flytuque.webs.com?8yp47kqs

5b. Re: (unknown)
Posted by: "Dennis Pretorius" krugersdorp@pixie.co.za dennis_pretorius
Tue Feb 2, 2010 10:25 am (PST)

Hallo Almal

Hierdie lid se SAGen Yahoo toegang is onmiddelik gestaak en hy is nie meer
lid nie.

Indien hy 'n nuwe adres kry sal ons sy deelname weer oorweeg

Groetnis

Dennis Pretorius ----- Krugersdorp, S A
Home Tel / Huis Tel: +27-11-769-2400 Office /Kantoor: _+27-11-953-3727
Cel / Sel: +27-83-679-8541 Fax/Faks +27-86-609-8541
----- Original Message -----
From: "Charl Van As" <charl.vanas@yahoo.com>
To: <sailesh_chiba@hotmail.com>; <lipzdontlie@yahoo.com>;
<angel229_75@yahoo.com>; <yociamolee@yahoo.se>;
<SAGenealogie@yahoogroups.com>; <marissamistry@yahoo.com>;
<genaraf@live.com>
Sent: Tuesday, February 02, 2010 6:46 PM
Subject: [SA-Gen] (unknown)

http://flytuque.webs.com?8yp47kqs

6a. Byvoeging tot ons familie
Posted by: "Verna Fourie" verna.fourie@gmail.com   verna.fourie
Tue Feb 2, 2010 11:03 am (PST)

Hallo vriende,

Dit is met groot trots wat ek julle in kennis stel van die toevoeging
tot
ons familie.

Ons dogter Nicole het Sondagmiddag geboorte geskenk aan 'n pragtige en
kosbare seuntjie,
Damien DU TOIT.

ouers Nicole FOURIE * 30.01.1987 x 18.10.2008 met
Jaco DU TOIT * 04.12.1986

sv Heinrich DU TOIT * 27.08.1958 x 04.04.1982
Lizette GRIFFIN *02.03.1963
dv Louis Lourens GRIFFIN
Elizabeth Maria BURGER

Ek het nou eers laat weet aangesien ons 'n baie moeilike twee dae agter
die
rug het.
Damien is nog in neo-natale intensiewesorg en ons hoop en bid net dat
hy nie
enige breinskade opgedoen het met die probleme tydens sy geboorte nie.
Op hierdie stadium gaan dit redelik goed.

Uiteindelik is ek ook ouma :-)

Groete,

Verna Fourie
Pretoria

6b. Re: Byvoeging tot ons familie
Posted by: "Ariel Rudolph" ariel.rudolph@gmail.com arielrudolph
Tue Feb 2, 2010 11:42 am (PST)

Hi Verna,
Veels geluk aan julle wat nou grootouers geword het.
Ons bid gesondheid vir Damien en sy ma.

Groete
Ariel

2010/2/2 Verna Fourie <verna.fourie@gmail.com>

>
>
> Hallo vriende,
>
> Dit is met groot trots wat ek julle in kennis stel van die toevoeging tot
> ons familie.
>
> Ons dogter Nicole het Sondagmiddag geboorte geskenk aan 'n pragtige en
> kosbare seuntjie,
> Damien DU TOIT.
>
> ouers Nicole FOURIE * 30.01.1987 x 18.10.2008 met
> Jaco DU TOIT * 04.12.1986
>
> sv Heinrich DU TOIT * 27.08.1958 x 04.04.1982
> Lizette GRIFFIN *02.03.1963
> dv Louis Lourens GRIFFIN
> Elizabeth Maria BURGER
>
> Ek het nou eers laat weet aangesien ons 'n baie moeilike twee dae agter die
> rug het.
> Damien is nog in neo-natale intensiewesorg en ons hoop en bid net dat hy
> nie
> enige breinskade opgedoen het met die probleme tydens sy geboorte nie.
> Op hierdie stadium gaan dit redelik goed.
>
> Uiteindelik is ek ook ouma :-)
>
> Groete,
>
> Verna Fourie
> Pretoria
>

>
>
>

7. LOTTER
Posted by: "Johan Niemandt" pcmechza@gmail.com   pcmechza
Tue Feb 2, 2010 11:19 am (PST)

Kan enigiemand dalk help met die kinders en kleinkinders van Marthinus
Lourens LOTTER * 21.2.1821 = Kaapstad 11.3.1821

Baie Dankie

Johan Niemandt

http://www.facebook.com/group.php?gid=7313791484

www.nieman.co.za

Sien fotos by : http://www.flickr.com/photos/pcmechanic/sets
Skype : pcmechza

8. Dreyer dogter soek kontak met familie
Posted by: "Fanie Slabbert" fanie_slabbert@yahoo.com   fanie_slabbert
Tue Feb 2, 2010 12:04 pm (PST)

Hoop nie ek oortree enige reels nie, maar wil graag hier help as ons
kan.

Tetina Le Gras Dreyer is op soek na haar pa se familie. Sy het hul laas
gesien toe sy 4 was. Haar pa is Lourens Dreyer en sy broer is Tom
Dreyer. Tom se vrou is Elsie en hul kinders is Tommy en Trinka. Hulle
het op n stadium in Brakpan gebly. Sy s€ ¦ê dat haar pa ook n ouer
dogter Thelma het en n suster Anna.

Kan iemand dalk help?
Fanie Slabbert

9a. Johannes Christoffel (Jan) DU PLESSIS

Posted by: "Gustav & Ren€ ¦é Pansegrouw" gustavre@absamail.co.za
gustavre2003
Tue Feb 2, 2010 12:14 pm (PST)

Hallo lyslede

Ek hoop dat DU PLESSIS-kenners my kan help met die sterfdatum van
Johannes
Christoffel (Jan) DU PLESSIS * 26.11.1867 € ¦» Burgersdorp 8.3.1868,
veeboer v.
Venterstad by huwelik s.v. Francois Philippus du Plessis en Cornelia
Maria
Gertruida van Niekerk x Burgersdorp 8.7.1889 Elsje/Elsie Sophia
PANSEGROUW
* 27.8.1869 € ¦» Burgersdorp 14.11.1869. Jan het nog geleef toe sy
vader in
1920 oorlede is. As Elsje se sterfdatum ook bekend is sal dit 'n bonus
wees. Ek sou ook graag wou weet hoeveel kinders hul gehad het.

Hartlike groete

Ren€ ¦é

9b. Re: Johannes Christoffel (Jan) DU PLESSIS
Posted by: "Andr€ ¢Ã© du Plessis" duplesaj@yahoo.com   duplesaj
Tue Feb 2, 2010 1:54 pm (PST)

Ren€ ¢Ã©,
Jammer, ek het 3 FP's maar nie een pas in daardie tydgleuf nie.
Groetnis.€ ¢Â
€ ¢Â Andr€ ¢Ã© du Plessis
Centurion

________________________________
From: Gustav & Ren€ ¢Ã© Pansegrouw <gustavre@absamail.co.za>
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Sent: Tue, February 2, 2010 10:14:34 PM
Subject: [SA-Gen] Johannes Christoffel (Jan) DU PLESSIS

€ ¢Â
Hallo lyslede

Ek hoop dat DU PLESSIS-kenners my kan help met die sterfdatum van
Johannes
Christoffel (Jan) DU PLESSIS * 26.11.1867 € ¢Â» Burgersdorp 8.3.1868,
veeboer v.

Venterstad by huwelik s.v. Francois Philippus du Plessis en Cornelia Maria
Gertruida van Niekerk x Burgersdorp 8.7.1889 Elsje/Elsie Sophia PANSEGROUW
* 27.8.1869 € ¢Â» Burgersdorp 14.11.1869. Jan het nog geleef toe sy vader in
1920 oorlede is. As Elsje se sterfdatum ook bekend is sal dit 'n bonus wees. Ek sou ook graag wou weet hoeveel kinders hul gehad het.

Hartlike groete

Ren€ ¢Ã©

10a. Federer se ma
Posted by: "lgr" lgrinken@iburst.co.za   lucasrinken
Tue Feb 2, 2010 12:29 pm (PST)

Naand vriende,
Met die onderhoud Sondag op TV het dit geblyk dat sy ma 'n nooi
du Rand is. So mooi dat sy na al die jare in die buiteland nog so
vlot Afrikaans praat!

Weet iemand dalk meer oor hierdie dame. Sou hulle baie graag in e-SAGI wou opneem!

Dankie by voorbaat en vriendelike groete,

Lucas

--
Using Opera's revolutionary e-mail client: http://www.opera.com/mail/

10b. Re: Federer se ma
Posted by: "Ariel Rudolph" ariel.rudolph@gmail.com   arielrudolph
Tue Feb 2, 2010 12:39 pm (PST)

Hi Lucas,
Ek weet dat Roger Federer se ma is Lynette Du Rand.
Hy het beide Suid Afrikaanse en Switserse burgerskap.

Groete
Ariel

2010/2/2 lgr <lgrinken@iburst.co.za>

> Naand vriende,
> Met die onderhoud Sondag op TV het dit geblyk dat sy ma 'n nooi
> du Rand is. So mooi dat sy na al die jare in die buiteland nog so
> vlot Afrikaans praat!
>
> Weet iemand dalk meer oor hierdie dame. Sou hulle baie graag in e-
SAGI
> wou opneem!
>
> Dankie by voorbaat en vriendelike groete,
>
> Lucas
>
>
> --
> Using Opera's revolutionary e-mail client: http://www.opera.com/mail/
>
>
> ------------------------------------
>
> SAGenealogie is n poslys vir die bespreking van genealogiese en
> genealogies-verwante aangeleenthede alleenlik, onderhewig aan die
> voorwaardes soos uitgespel by http://www.sagenealogie.com Lede wat
> aangeleenthede wil opper wat nie van 'n suiwer genealogiese aard is
nie,
> word versoek om dit nie op die poslys te doen nie, maar dit liefs van
die
> lys af direk aan die betrokkene te stuur. Probleme, klagtes en
voorstelle
> vir verbetering moet gestuur word aan:
> SAGenealogie-owner@yahoogroups.com
>
> Besoek ons webblad by:
> http://www.sagenealogie.com
> http://www.sagenealogy.com
>
> Yahoo! Groups Links
>
>
>
>

10c. Re: Federer se ma
Posted by: "Dennis Pretorius" krugersdorp@pixie.co.za
dennis_pretorius
Tue Feb 2, 2010 12:40 pm (PST)

Hallo Lucas

Die vorige korrespondensie oor Federe haal ek hieronder aan:

From: "Jaco Strauss" <jaco@strauss.za.com>
To: <SAGenealogie@yahoogroups.com>
Subject: [SA-Gen] Re: ROGER FEDERER
Date: 05 July 2009 07:54 PM

Sy was 'n Du Rand / Durand. Volgens een van sy biografie€ ë meld dat sy 18
jaar oud was in 1970. Haar pa was 'n plaasvoorman en haar ma 'n
verpleegster. Verder het haar pa in die Tweede W€ êreld Oorlog gedien waar hy
in Engeland gestasioneer was.

Hulle huistaal was Afrikaans, maar sy was in 'n Engelse skool en het 3
broer/susters gehad.

--- In SAGenealogie@yahoogroups.com, "Nico Vermaak" <vermaak@...>
wrote:
>
> Middag Lysteraars,
>
> Ek sit en sukkel om in NAAIRS in te kom, en het een oog op die tennis
> ook -
>
> Toe wonder ek of iemand meer inligting het oor Roger Federer se Suid
> Afrikaanse ma, Lynette, wat in die laat 70's 'n sekretaresse by Ciba-
> Geigy
> in Kemptonpark was.
> Sy pa het vir die Switserse arm van die groep gewerk.
> Weet iemand dalk wat Lynette se nooiensvan was, en wie haar ouers is?
>
> Groete
>
> Nico Vermaak
> RANDBURG

==================================================================

From: "TEIR Elizabeth" <trcul.info@elisanet.fi>
To: <SAGenealogie@yahoogroups.com>
Subject: [SA-Gen] [KOERANT]-BEELD-DURAND LYNETTE
Date: 26 July 2009 10:18 AM

25/07/2009 15:13 - (SA)
Federer se ma van SA verlang na boerewors

Karin Burger
Kaapstad
Die tennisster Roger Federer se ma het 'n voorliefde vir boerewors.

Di€ é Switser, wat die Wimbledon-tennistoernooi pas vir die sesde keer gewen
het en nou die meeste Grand Slam-titels (15) agter sy naam het, se ma,
Lynette, is 'n Suid-Afrikaner van geboorte. Sy was 'n nooi Durand en het in
Kempton Park grootgeword.

"As ek aan Suid-Afrika dink, verlang ek na my familie, my vriende en 'n

lekker stuk boerewors," vertel sy uit Switserland.

"Daarom probeer ons om minstens een keer 'n jaar by familie daar uit te kom.

"Boonop kry Roger geweldig steun uit Suid-Afrika. Ons ontvang ge-reeld bewonderaarspos van oral in die land."

Die familie ontvang sedert Donderdag €  ékstra baie pos nadat Roger en sy vrou,
Mirka, die ouers van tweelingdogters geword het.

Britse wedders sit klaar geld op die tafel oor die moontlikheid dat € óf
Charlene Riva €  óf Myla Rose, of albei, eendag sukses op die tennisbaan gaan
behaal soos hul pa.

Weddenskappe staan op 25/1 vir 'n Grand Slam-titel deur een van die dogters,
met 50/1 vir sukses in die dubbelspel.

Die tweeling se ouma Lynette het destyds vir Ciba - 'n Switserse chemiese
maatskappy - in Suid-Afrika gewerk toe sy Robert Federer op 'n
internasionale kongres in Isando, Kempton Park, ontmoet het.

N€  á hul troue het sy saam met hom na Switserland verhuis waar hulle sedert
1973 in die Basel-gebied woon.

Die egpaar woon tans in Bottmingen, skaars 10 minute se ry van Basel se middestad.

Hoewel Lynette en Robert se laaste besoek aan Suid-Afrika in Februarie was
toe hulle twee weke kom kuier het, kry Roger en Mirka maar min kans om hul
voete op Suid-Afrikaanse bodem te sit.

"Met tennis se druk program speel die professionele spelers regdeur die jaar, en dit beteken baie reis," verduidelik sy.

"Die kanse dat my seun binnekort in Suid-Afrika sal speel, is maar skraal.
Sy voorbereidings vir toernooie en die feit dat hy nou 'n pa is, maak dit
vir hom moeilik om in Suid-Afrika te gaan kuier."

Roger, wat deesdae weer die no.1-plek op die w€  êreldranglys beklee, en Mirka
was in Maart 2005 saam met Lynette in Suid-Afrika toe hy die Imbewu-projek
in New Brighton, Port Elizabeth, besoek het.

Di€  é projek is die eerste van sy soort wat baat gevind het by die Roger

Federer-stigting en dis gekies juis vanwe€  ë Lynette se bande met Suid-Afrika.

Die stigting help agtergeblewe kinders met hul onderwys en be-vorder ook
sport onder kinders. Lynette is deel van die fonds se bestuurspan.

"Roger wil iets van sy fortuin teruggee aan diegene wat nie so bevoorreg is
nie," s€  ê Lynette

Dennis Pretorius ----- Krugersdorp, S A
Home Tel / Huis Tel: +27-11-769-2400 Office /Kantoor: _+27-11-953-3727
Cel / Sel: +27-83-679-8541 Fax/Faks +27-86-609-8541
----- Original Message -----
From: "lgr" <lgrinken@iburst.co.za>
To: <SAGenealogie@yahoogroups.com>
Sent: Tuesday, February 02, 2010 10:29 PM
Subject: [SA-Gen] Federer se ma

Naand vriende,
Met die onderhoud Sondag op TV het dit geblyk dat sy ma 'n nooi
du Rand is. So mooi dat sy na al die jare in die buiteland nog so
vlot Afrikaans praat!

Subject: RE: [SA-Gen] Hulp asb!

Prokueursrekord dws
siviele sake aannames
Egskeidings plasing van kindrs onder hoftoesig n magdom inligting ons het sl al die vrystaat sn digitaal verwerk behoor binnekort op web te wees
Sent from my Windows MobileÂ® phone.

NOTICE: This email message is for the sole use of the intended recipient(s) and may contain confidential and privileged information. Any unauthorized review, use, disclosure or distribution is prohibited. If you are not the intended recipient, please contact the sender by reply email and destroy all copies of the original message.

7b. Re: Hulp asb!
Posted by: "Isebelle" kraussis@ldschurch.org   iekrauss
Sun Feb 7, 2010 4:53 am (PST)

Familysearch Ng nog nie voltooi nie (5* besig met finsle audit sommige indekse pas nie by die prentjie nie ons het die Naairs indeks en velde gebruik Magistraats en protokol besig met audit vir =ndeksering en voorlopige plasing

Sent from my Windows Mobile® phone.

NOTICE: This email message is for the sole use of the intended
recipient(s) and may contain confidential and privileged information.
Any unauthorized review, use, disclosure or distribution is prohibited.
If you are not the intended recipient, please contact the sender by
reply email and destroy all copies of the original message.

7c. Re: Hulp asb!
Posted by: "Isebelle" kraussis@ldschurch.org iekrauss
Sun Feb 7, 2010 4:56 am (PST)

Ons het nog spanne nodig die 1ngelse sukkel om registers te lees in
baster hollands afrikaans en die spelling is iets ysliks het vir party
vanne tot e10 variasies!

Sent from my Windows MobileÂ® phone.

NOTICE: This email message is for the sole use of the intended
recipient(s) and may contain confidential and privileged information.
Any unauthorized review, use, disclosure or distribution is prohibited.
If you are not the intended recipient, please contact the sender by
reply email and destroy all copies of the original message.

8. Re:
Posted by: "Reon Meij" reonm@vodamail.co.za
Sun Feb 7, 2010 4:51 am (PST)

Ann,
Wys jou net. In genealogie moet 'n mens oopoog loop: daar is 2
Ansela's: Die Bassons s'n en die Campher's s'n. Jammer as ek iemand
verwar het! Maar (tong-in-die-kies) dit het darem aanleiding gegee tot
Estelle en Anita se eposse!
Tjeers
Reon Meij

----- Original Message -----
From: Ann Tiran
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Sent: Sunday, February 07, 2010 2:04 PM
Subject: RE: [SA-Gen]

Ja dankie, ek het die goed oor ANGELA van Bengale....dis reg sy is in
die
BASSON lyn wat ek vir Inuz van Zyl gedoen het.

Jozua het egter ANSELA x LORENZ CAMPHER gesoek en Reon het die inligting oor
ANGELA van BENGALE gegee.

Arme nuwe navorsers kan dalk so bietjie deurmekaar raak.

groete

Ann / Annatjie Tiran

[*PELSER]

fax 2 email: 086 610 5567

<mailto:anntiran@polka.co.za>

_____

From: SAGenealogie@yahoogroups.com
[mailto:SAGenealogie@yahoogroups.com] On
Behalf Of Estelle
Sent: 07 February 2010 13:28
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Subject: RE: [SA-Gen]

Praat jy van Angela van Bengale? Ek kan jou daarmee help. Ek het haar storie. Want sy le in my Basson lyn.

Groete

Estelle

9a. Ansela en Angela
Posted by: "Dennis Pretorius" krugersdorp@pixie.co.za
dennis_pretorius
Sun Feb 7, 2010 4:52 am (PST)

Hallo Almal

Ek het weer 'n bietjie gaan lees oor die twee dames ( of is dit dalk dieselfde vrou ??)

Het gelees dat Mansell Upham spekuleer oor of die twee dames dalk een en dieselfde is - maar dat hy toendertyd (so 10 jaar gelede) nog aan die navorsing gewerk het.

Een van die twee was getroud met die Camher Stamvader en die ander met die Basson Stamvader.

Ek weet dat Mansell soms die e-pos briewe lees - Mansell as jy hierdie e-pos sien, vertel tog groot asb vir ons meer van die twee (of een) dame/s

Groetnis

Dennis Pretorius ----- Krugersdorp, S A
Home Tel / Huis Tel: +27-11-769-2400 Office /Kantoor: _+27-11-953-3727
Cel / Sel: +27-83-679-8541 Fax/Faks +27-86-609-8541

9b. Re: Ansela en Angela
Posted by: "Ann Tiran" anntiran@polka.co.za anntiran
Sun Feb 7, 2010 5:54 am (PST)

Dennis

%-) kon die dame so besig gewees het??

groete

Ann / Annatjie Tiran

[*PELSER]

fax 2 email: 086 610 5567

<mailto:anntiran@polka.co.za>

_____

From: SAGenealogie@yahoogroups.com
[mailto:SAGenealogie@yahoogroups.com] On
Behalf Of Dennis Pretorius
Sent: 07 February 2010 14:56
To: SAGen
Subject: [SA-Gen] Ansela en Angela

Hallo Almal

Ek het weer 'n bietjie gaan lees oor die twee dames ( of is dit dalk dieselfde vrou ??)

Het gelees dat Mansell Upham spekuleer oor of die twee dames dalk een en
dieselfde is - maar dat hy toendertyd (so 10 jaar gelede) nog aan die navorsing gewerk het.

Een van die twee was getroud met die Camher Stamvader en die ander met die

Basson Stamvader.

Ek weet dat Mansell soms die e-pos briewe lees - Mansell as jy hierdie e-pos
sien, vertel tog groot asb vir ons meer van die twee (of een) dame/s

Groetnis

Dennis Pretorius

10. Kennisgewing, Maandvergadering GGSA Wes-Kaap, 13 Februarie 2010
Posted by: "Mariana Olivier" omariana@lantic.net
Sun Feb 7, 2010 5:03 am (PST)

Goeiedag Lyslede

Kennisgewing van Maandvergadering GGSA Wes-Kaap, 13 Februarie 2010

Datum - Saterdag 13 Februarie 2009
Tyd - 14:00
Plek - Goodwood Biblioteeksaal, Kerkstraat, Goodwood
Toegang - Gratis
Kontakpersoon - Voorsitter Andrew Kok 082 500 6758

Spreker - Adinda Vermaak née Cillié
Adinda is 'n Kurrikulum Adviseur by die Wes-Kaapse Onderwys Departement.
In 1993 behaal sy 'n MA-graad in Geskiedenis met 'n verhandeling Die geskiedenis van Kuilsrivier: 1652-1905.
In 2004 het sy Kroniek van 'n kontrei: Die verhaal van die NG Kerk Kuilsrivier gepubliseer

Onderwerp - Die Verseboek van die Bosmans
Hierdie gedigte is geskryf tussen 1773 en 1814 op plase in die Bottelary naby Kuilsrivier. Die Verseboek bevat ook vyf gebede van Isak Bosman wat hy by die Coperberg in Namakwaland geskryf het waar hy in 1790 op 'n onverklaarbare wyse oorlede is.
Die gedigte is geskryf deur Susanna Bosman (née. de Villiers) en haar dogters Susanna Johanna Schabord (née Bosman) en Maria Margaretha de Waal (née Bosman).
Die gedigte gaan onder andere oor persoonlike belewenisse soos die dood van 'n kind en die dood van 'n ouer; aard-bewings wat hulle beleef het, probleme in die kerk en die beryming van die vurige bekeringspreke wat van die preekstoel af verkondig is.

Groete
Mariana Olivier
GGSA, Wes-Kaap

11a. Ansella VD Kaap
Posted by: "Jacques BENADIE" jaqb64@gmail.com   jaqbenadie
Sun Feb 7, 2010 6:40 am (PST)

Aan alle belangstellendes oor die hoorbeeld van Ansella VD Kaap.

Dit lyk my ek het die You Send It storie deurmekaar verstaan.

Hieronder is die skakel waarmee ENIGIEMAND dit kan aflaai.

https://download.yousendit.com/MVNjZHluQVNUWUIzZUE9PQ

Daar is egter een beperking :- Dit mag net 100 keer afgelaai so as jy dit wil doen dit nou!!

--
Jaq BENADIE
PO Box 2337, Pinetown, 3600
Ph 031 - 708 3746
Fax 0865 197 978
jaqb64@gmail.com

11b. Re: Ansella VD Kaap
Posted by: "Ann Tiran" anntiran@polka.co.za   anntiran
Sun Feb 7, 2010 7:49 am (PST)

Baie dankie dat jy dit met ons gedeel het Jacques. Ek het dit afgelaai en
die vertelling terdeë geniet

Lekker aand.

Ann / Annatjie Tiran

[*PELSER]

fax 2 email: 086 610 5567

<mailto:anntiran@polka.co.za>

_____

From: SAGenealogie@yahoogroups.com [mailto:SAGenealogie@yahoogroups.com] On Behalf Of Jacques BENADIE
Sent: 07 February 2010 16:40
To: SA Genealogie
Subject: [SA-Gen] Ansella VD Kaap

Aan alle belangstellendes oor die hoorbeeld van Ansella VD Kaap.

https://download.
<https://download.yousendit.com/MVNjZHluQVNUWUIzZUE9PQ>
yousendit.com/MVNjZHluQVNUWUIzZUE9PQ

Daar is egter een beperking :- Dit mag net 100 keer afgelaai so as jy dit wil doen dit nou!!
_,___

12. Deliana vd Kaap
Posted by: "etiennedv" etiennedv@yahoo.com etiennedv
Sun Feb 7, 2010 7:20 am (PST)

Middag Lys

Ek lees in S.A.G.:

Johannes Paulus SOEKOE * Ansbach, Duitsland c. 1761 +c. 1807 (46.-) en Deliana vd Kaap is die ouers van ...

Weet enigiemand dalk iets meer oor hierdie egpaar, meer spesifiek oor Deliana vd Kaap?

Groete
Etienen

13. Lemensich
Posted by: "simonek@mweb.co.za" simonek@mweb.co.za simonelkay
Sun Feb 7, 2010 9:31 am (PST)

Hi Lede

Ek probeer 'n vriend help met sy ouma se familie. Sy was Maud Lemensich.
Ek kry niks in SAG nie en net twee NAAIRS verwysing, albei vir 'n verband. OP Ancestry24 is daar een graf in Maitland vir "n William, wat vermoedelik Maud se broer was. Op eGGSA kry ek niks.

Het enigeen dalk enige inligting oor hierdie familie in hulle databasisse?

Dankie
Simone

14a. Walter Robert SCOTT * Queenstown 29.3.1901
Posted by: "Gustav & René Pansegrouw" gustavre@absamail.co.za
gustavre2003
Sun Feb 7, 2010 10:25 am (PST)

Hallo lyslede

Hoop dat iemand my met die volgende tameletjie kan help:

e3 Johanna Stoffelina (Stollie/Ousus) * Hanover 14.7.1906 » Hanover
2.9.1906, opsigter by lekkergoedfabriek (Algoa) † Port Elizabeth
31.1.1987 #
Forest Hill-begraafplaas, Port Elizabeth x c. 1926 Walter Robert SCOTT
*
Queenstown 29.3.1901 » Metodistekerk Queenstown 26.5.1901, winkelier †
Burgersdorp 24.2.1984 s.v. Robert Henry (Henri) SCOTT en Mary Ethel
GREEN
c. 1940 (hy xx Catharina Wilhelmina Jacomina (Baby/Josie) PRETORIUS *
1.1.1916 (sy xx DEKKERS)) (MOG S/K 725/84), 1 kind

Die kind se name was glo Robert Henri Scott.

Hierdie Walter Robert se S/K gee net een vrou vir hom. Dit is egter
onderteken deur blykbaar 'n kind uit sy tweede huwelik. Die enigste
dogter
van Stollie ontken dat haar moeder meer as een maal getroud is. Haar
vader
was: Carel Johannes ERASMUS * “Klipplaat”, Waterfort, dist. Jansenville
26.1.1915, leerlooier, later by kwekery, Dept. Openbare Werke † Port
Elizabeth 23.9.1975 # Forest Hill-begraafplaas, Port Elizabeth (MOG S/K
2647/75) s.v. Lourens Rasmus Erasmus en Adriaan Jakobus Landsberg
(vroulik).
Haar vader se jongste suster ontken ook dat Stollie voorheen getroud
is, so
ook die dogter van haar ouer suster. Twee persone wat navorsing oor die
Scotts doen, is ewe seker dat daar wel so 'n huwelik was. Ek kon op
NAAIRS
nie kry dat daar 'n egskeiding was nie. Het ons hier met 'n buite-
egtelike
verhouding te doen waar die kind uit die verhouding deur die vader
grootgemaak is?

Groetnis

René

My e-pos-adres verander eersdaags na: gustavre@mweb.co.za
Voorlopig het ek twee e-posadresse.

14b. Re: Walter Robert SCOTT * Queenstown 29.3.1901
Posted by: "Dennis Pretorius" krugersdorp@pixie.co.za
dennis_pretorius
Sun Feb 7, 2010 12:54 pm (PST)

Hallo Rene

Toe Walter Robert Scott se broer in 1987 oorlede is het die bemaking van die
broer aan Walter Robert se 5 kinders gegaan.

Die kinders se name was:

Robert Henri geb 24 Des 1930
Walter Robert geb 22 Des 1940
Andrew William geb 14 Okt 1942
Edith Edna geb 14 Okt 1944
Edward George geb 27 Mei 1948

Robert Henri verskyn nie in enige kieserslys wat ek nagegaan het nie maar hy
moes wel gelewe het in 1987 - die jaar waarin hy 1/5 van sy pa se broer se
boedel ge-erf het.

Ek weet nie of dit jou hoegenaamd help nie !

Groetnis

Dennis Pretorius ----- Krugersdorp, S A
Home Tel / Huis Tel: +27-11-769-2400 Office /Kantoor: _+27-11-953-3727
Cel / Sel: +27-83-679-8541 Fax/Faks +27-86-609-8541
----- Original Message -----
From: "Gustav & René Pansegrouw" <gustavre@absamail.co.za>
To: <SAGenealogie@yahoogroups.com>
Sent: Sunday, February 07, 2010 8:25 PM
Subject: [SA-Gen] Walter Robert SCOTT * Queenstown 29.3.1901

Hallo lyslede

Hoop dat iemand my met die volgende tameletjie kan help:

e3 Johanna Stoffelina (Stollie/Ousus) * Hanover 14.7.1906 » Hanover
2.9.1906, opsigter by lekkergoedfabriek (Algoa) ? Port Elizabeth 31.1.1987 #
Forest Hill-begraafplaas, Port Elizabeth x c. 1926 Walter Robert SCOTT *
Queenstown 29.3.1901 » Metodistekerk Queenstown 26.5.1901, winkelier ?
Burgersdorp 24.2.1984 s.v. Robert Henry (Henri) SCOTT en Mary Ethel GREEN
c. 1940 (hy xx Catharina Wilhelmina Jacomina (Baby/Josie) PRETORIUS *
1.1.1916 (sy xx DEKKERS)) (MOG S/K 725/84), 1 kind

Die kind se name was glo Robert Henri Scott.

Hierdie Walter Robert se S/K gee net een vrou vir hom. Dit is egter
onderteken deur blykbaar 'n kind uit sy tweede huwelik. Die enigste
dogter
van Stollie ontken dat haar moeder meer as een maal getroud is. Haar
vader
was: Carel Johannes ERASMUS * "Klipplaat", Waterfort, dist. Jansenville
26.1.1915, leerlooier, later by kwekery, Dept. Openbare Werke ? Port
Elizabeth 23.9.1975 # Forest Hill-begraafplaas, Port Elizabeth (MOG S/K
2647/75) s.v. Lourens Rasmus Erasmus en Adriaan Jakobus Landsberg
(vroulik).
Haar vader se jongste suster ontken ook dat Stollie voorheen getroud
is, so
ook die dogter van haar ouer suster. Twee persone wat navorsing oor die
Scotts doen, is ewe seker dat daar wel so 'n huwelik was. Ek kon op
NAAIRS
nie kry dat daar 'n egskeiding was nie. Het ons hier met 'n buite-
egtelike
verhouding te doen waar die kind uit die verhouding deur die vader
grootgemaak is?

Groetnis

René

15a. Re: Begrafplaas CD en Burgershoop, Krugersdorp begrafplaas
Posted by: "Dennis Pretorius" krugersdorp@pixie.co.za
dennis_pretorius
Sun Feb 7, 2010 1:08 pm (PST)

Hallo Louis

Die Begrafplaas DVD is nie 'n volledige prentjie nie - ten beste is dit
'n
hulpmiddel. Wat Burgershoop betref is die data wat in die databais is
die
grafsteen data wat deur GGSA opgeteken is. Niks van die registerdata is
in
die DVD Databasis nie.

Net enkele begrafplase is volledig opgeneem in die DVD - meeste is
egter
slegs die grafsteendata.

Die ideaal is natuurlik om die registers op te teken maar soos jy self
skryf
is dit soms ook maar gebrekkig !!

Enigiemand wat begrafplaasregisterdata het moet dit asb aanstuur na
Peter
Moss om opgeneem te word in die databasis.

Groetnis

Dennis Pretorius ----- Krugersdorp, S A
Home Tel / Huis Tel: +27-11-769-2400 Office /Kantoor: _+27-11-953-3727
Cel / Sel: +27-83-679-8541 Fax/Faks +27-86-609-8541
----- Original Message -----
From: <louis@voorstoep.co.za>
To: <SAGenealogie@yahoogroups.com>; "Van der Merwe"
<vanderm@icon.co.za>
Sent: Friday, February 05, 2010 2:32 PM
Subject: [SA-Gen] Begrafplaas CD en Burgershoop, Krugersdorp
begrafplaas

Goeiedag.

Daar is baie name in die Burgershoop begrafplaas op die CD, maar is dit al die grafte wat daar voorkom?

Wat ek bedoel is, is die bron vir die CD fotos van grafte wat geneem is, of die begrafplaas rekords?

Byvoorbeeld, die Swartruggens begrafplaas op die CD bevat nie al die name nie. Nie eens al die waarvoor daar grafte is nie. Dit beteken as 'n volgende dink iemand van hom is daar begrawe en hy sien nie die persoon se naam op die CD nie, gaan hy nie verder soek nie. Hy sal daar verbyry, want die naam staan dan nie op die CD nie

Ek dink gebruikers van die CD moet dit slegs as riglyn gebruik. As iemand se naam nie in 'n begrafplaas op die CD voorkom nie, is dit nie noodwendig dat hy nie daar begrawe is nie. Nie alle grafte het stene op nie. Die beste bron bly maar die begrafplaas registers - En selfs hulle is soms vol verstommende foute.

Ek gebruik die CD nogal baie en het reeds baie van my mense daar opgespoor.

Louis Engelbrecht

16. Petrus Albertus van Breda en Cecilia Johanna Alberta van Zyl
Posted by: "Johann Hanekom" johann@hanekom.org johann.hanekom
Sun Feb 7, 2010 2:23 pm (PST)

Beste lyslede

Petrus Albertus van Breda * Darling 19 Des 1912 + 10 Mar 1995 en
Cecilia
Johanna Alberta van Zyl * Clanwilliam c 1923 + Belville 11 Jul 1955

Is daar dalk iemand wat kan help met hulle huweliksdatum? Ek vermoed
dit
moes omstreeks 1940/1943 plaasgevind het, en heelwaarskynlik in
Clanwilliam

Groetnis

Johann

From: SAGenealogie@yahoogroups.com
[mailto:SAGenealogie@yahoogroups.com] On
Behalf Of Ann Tiran
Sent: 07 February 2010 13:49
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Subject: RE: [SA-Gen] Ansela en Angela
Importance: High

Dennis

%-) kon die dame so besig gewees het??

groete

Ann / Annatjie Tiran

[*PELSER]

fax 2 email: 086 610 5567

<mailto:anntiran@polka.co.za <mailto:anntiran%40polka.co.za> >

_____

From: SAGenealogie@yahoogroups.com
<mailto:SAGenealogie%40yahoogroups.com>
[mailto:SAGenealogie@yahoogroups.com
<mailto:SAGenealogie%40yahoogroups.com>
] On
Behalf Of Dennis Pretorius
Sent: 07 February 2010 14:56
To: SAGen
Subject: [SA-Gen] Ansela en Angela

Hallo Almal

Ek het weer 'n bietjie gaan lees oor die twee dames ( of is dit dalk dieselfde vrou ??)

Het gelees dat Mansell Upham spekuleer oor of die twee dames dalk een en
dieselfde is - maar dat hy toendertyd (so 10 jaar gelede) nog aan die navorsing gewerk het.

Een van die twee was getroud met die Camher Stamvader en die ander met die
Basson Stamvader.

Ek weet dat Mansell soms die e-pos briewe lees - Mansell as jy hierdie e-pos
sien, vertel tog groot asb vir ons meer van die twee (of een) dame/s

Groetnis

Dennis Pretorius

17. (Koerant) Beeld 08 Feb. 2010.doc
Posted by: "Fanie Blignaut" blikkies@mabonline.co.za   blignautfanie
Sun Feb 7, 2010 9:02 pm (PST)

BOTMA; Daniël Albertus, in lewe van Clarens, Vrystaat provinsie.
Verassingsdiens: NG Tygerpoort Gemeente, Pretoria, 09/02/2010, 10:30.
(Beeld
– 08/02/2010) AVBOB Begrafnisdienste, Pretoria, 012-327-3788.

Groete,

Fanie Blignaut (Blikkies),

Vanderbijlpark,

Gauteng provinsie.

Onderwerp: [SA-Gen] Bundel Nommer 4204

Datum: Monday, February 08, 2010

Daar is 13 boodskappe in hierdie uitgawe

Onderwerpe in hierdie bundel:

1a. Re: Ansela en Angela From: Mansell Upham
1b. Re: Ansela en Angela From: Ariel Rudolph
2. [Koerant] Sunday Tribune  7 Feb 2010 From: aletta magrieta.quebbemann
3. [KOERANT]BEELD-Prinsloo Leatitia[54] From: TEIR Elizabeth
4. [KOERANT]BEELD-VENTER Fanie [60] From: TEIR Elizabeth
5. ANGELA VAN BENGALEN From: Helena Liebenberg
6. Ex-servicemen Industries in Johannesburg From: louis@voorstoep.co.za
7a. Arrestasie rekords van 1949 From: louis@voorstoep.co.za
7b. Re: Arrestasie rekords van 1949 From: Estelle
8. Re: Mansell Upham - Basson navorsing From: Martina Louw
9a. LDS en GGSA From: Linda Lombard
10. VAN GAS/VAN GASS From: Johan Pottas
11. GENEALOGIESE VERSLAE From: Viljoen, HC

1a. Re: Ansela en Angela
Posted by: "Mansell Upham" Krotwa@hotmail.com   kutykum
Sun Feb 7, 2010 9:21 pm (PST)

Hallo Almal

1. Die heelslag Ansela van de Caep (Mevrou Campher), die halfslag Ansela van de Caep (Mevrou Silberbach) en die heelslag Maaij Ansela van Bengale (Mevrou Basson) was beslis drie verkillende vrouens.

2. Die naam Ansela (of Anselaar) is `n korrupsie van die Portugees/Latyns `ancilla` (wat `slawe meid` beteken). Net Mevrou Basson (die Weduwee Jagt) kom meestal voor in die rekords as `Angela`, maar sy maak `n punt teen die einde van haar lewe om haarself as `Engela` van Bengale te noem in haar eie testament en die naam leef voort met haar Bergh, Van As and Basson afstammelinge [Sien my jongste artikel oor die Bassons in die Kwaartaalblad van die Nasionale Biblioteek, 2009).

3. Ek stem nie saam met Dr Helena Sheffeler se vinding dat Mevrou Campher aan Christina Diemer behoort het nie. Eintlik was dit Mevrou Silberbach wat deur Christina Diemer vrygestel en as bejaard gedoop en getroud is. Sy was die dogter van Christina van Angola, `n slavinne wat voorheen aan Jan van Riebeeck behoort het.

4. Die oorsprong van Mevrou Campher is heelwat ingewikkeld. Ongelukkig moet haar storie wag voordat ek `n meer breedvoerige artikel kan klaar

skryf en deo volente `n publiseerder kan kry. Hoe sy `n Kompanjie slavinne geword het (en nie haar suster en ouers nie - mense van uiters genealogiese belang vir Kaapse afstammelinge) bly `n groot raaisel. Sy en Campher kon nooit trou nie omdat sy heelslag is. Net vier heelslag slavinne aan die Kaap het dit reg gekry om te trou voordat hierdie regsverbod aan die Kaap streng en konsekwent toegepas is.

Groetnis

Mansell Upham

To: SAGenealogie@yahoogroups.com
From: krugersdorp@pixie.co.za
Date: Sun, 7 Feb 2010 14:56:29 +0200
Subject: [SA-Gen] Ansela en Angela

Hallo Almal

Ek het weer 'n bietjie gaan lees oor die twee dames ( of is dit dalk dieselfde vrou ??)

Het gelees dat Mansell Upham spekuleer oor of die twee dames dalk een en dieselfde is - maar dat hy toendertyd (so 10 jaar gelede) nog aan die navorsing gewerk het.

Een van die twee was getroud met die Camher Stamvader en die ander met die Basson Stamvader.

Ek weet dat Mansell soms die e-pos briewe lees - Mansell as jy hierdie e-pos sien, vertel tog groot asb vir ons meer van die twee (of een) dame/s

Groetnis

Dennis Pretorius ----- Krugersdorp, S A
Home Tel / Huis Tel: +27-11-769-2400 Office /Kantoor: _+27-11-953-3727
Cel / Sel: +27-83-679-8541 Fax/Faks +27-86-609-8541
--

1b. Re: Ansela en Angela
Posted by: "Ariel Rudolph" ariel.rudolph@gmail.com   arielrudolph
Sun Feb 7, 2010 9:55 pm (PST)

Mansell,
Het jy miskien insette oor die herkoms van *Lena (oftewel Helena) VAN
DE
CAAB?*

Sy het getrou met *Jan PIETERSZ die vryswart (of halfslag) teen tye van sy
troue, een van Andreas PIETERSZ se buite egtelike kinders van die slavin Christina
VAN DIE KAAP.*

Is dit moontlik dat die wet teen die troue van heelslag slavinne nie heeltemaal toegepas was in die geval van "vryswartes" of was die verbod teen
1739 met die tyd van hulle troue al klaar een kant gesit?
Miskien was *Helena VD CAAB* teen hierdie tyd vrygestel?

Hoop om van jou te hoor
Groete
Ariel

2010/2/8 Mansell Upham <Krotwa@hotmail.com>

2. [Koerant] Sunday Tribune  7 Feb 2010
Posted by: "aletta magrieta.quebbemann" am.queb@mweb.co.za
alettaqea9fac
Sun Feb 7, 2010 10:09 pm (PST)

Dag vriende,

QUICKQUIP:- " The most tragic things I know about human nature is that all of us tends to put off living. We are all dreaming of some magical rose garden over the horizon instead of enjoying the roses that are blooming outside our windows today." - Dale CARNEGIE.

GEBOORTES:- FUTTER Shaun & Tarryn 'n seun James Michael * 4 Feb 2010 in Parklands Hospitaal. Boetie vir Daniel.

HOLLICK Phil ,Jacqui en Michael verwelkom kleinkind en " niece" Ella Marian WELLBELOVED * 4 Feb 2010.

WELLBELOVED nee HOLLICK Craig & Lauren 'n dogter Ella Marian *4 Feb 2010 in Umhlanga Hospitaal . Kleinkind vir Bob & Joy. Ook kleinkind vir Marian.

RICHARDSON -SMITH Craig & Shannon 'n seun Adyn * 2 Feb 2010. Kleinkind vir Mum en Louis.

VERLOWINGS:- HILL Ed & Bev en Eugene HAYWOOD wens Warren en Candice geluk met verlowing.

STEVENS ~ MARDON Jason & Cathy se dogter Jessica aan Paul , seun van Dorian & Val.

DOOD:-BEETZ Jennifer Jean .Vrou ,ma en ouma van Deon ,Lulu ,Quintin, Yolande, Donelle en Michael.

CHAPMAN (van korreksie ) Ernest Arthur . Ingesit Shirley & Harold.

GRANT Curly x Jean . Pa van Robyn x Steve en Carol-Ann x Shaun en â€ Haydn. Oupa van James. Broer van Sue. Swaer en oom van Des, Ilan, Davis, Amber, Reunen, Leonine en James.[Sterfdatum is ongelukkig net 0? Feb geen ink in die deel]

GROBBELAAR Shaun . Memorial by Congregational Church Malvern op 12 Feb 2010 om 2nm.

LAW Don â€  tragies hierdie week. gemis deur familie en vriende.

LOWES Arnie â€  Tragies.Simpatie aan Danita, Arnold en Daniel LOWES . Ingesit deur die DBN Harley Davidson en DBN H.O.G.

LYNCH Kerry â€  4 Feb 2010x Aiden .Ma van Daniel en Chloe.

MITCHELL Shirley Anne ID 4502050091082 â€  6 Feb 2010 in Natal Settlers . Suster van John Mc DONALD.[privaat inligting]

PETERS Basil Bernard x Yano. Pa van Ryan en Jenelle. Seun van Veronica. Broer van Teena en Cheryl. Swaer van Suren. Begrafnis by Logos Mission Minstries op 10 Feb 2010 om 3nm. Daarna na Monini Heights vir verassing om 4nm . Ingesit deur WYABANK Funeral Services.

RICKABY Fred â€  31 Jan 2010 op ouderdom 93 jaar. " Top Natal Trainer and respected horse-racing personality. " Verassing in Newmarket England.

STAFFORD Mayer Fenn.(klein dogtertjie) Simpatie aan Karen ,Kevin en familie van vriende by Singles Social Group en Lynda.

VAN DER MERWE Wykerd Robert 29 Des 1938 ----4 Feb 2010.Pa, skoonpa ,en oupa van AndrÃ© en Deirdre , Erika, Tarryn, Danica, Sean en Kirsten. Memorial by St Mary's Anglikaanse Kerk Richmond op 8 Feb 2010 om 2nm. Ingesit deur BAKER & BAKER 0834076255 PMB.

WOOD Robert Wellesley (Bob) â€  17 Jan 2010 . Voorheen van Zimbawe. Kort Diens by Stellawood Begraafplaas ( Wall of rememberance.) op 10 Feb 2010 om 2nm. Ingesit deur SHANLEY'S 031 2057644.

MEMORIAM:- CLARKE Ellen 25 April 1938 ---4 Feb 2007 x Ray . Ma en ouma.

COLLINS Val â€  7 Feb 2009. Vrou , ma ,skoonma en ouma. Ingesit deur Trevor en familie.

GRUNDLING Wendy â€  6 Feb 1999. Onthou deur Joy, Steven, Debbie en seuns, Ryan en familie, LeJuan en familie.

MOWAT Eileen Lillian â€  3 Feb 2009. Saam met Pa nou. Ma van Miles. Ouma van Warren en Samantha.

OLUFSEN David. 2 jaar dood nou. Onthou deur Robynne, Michelle, Sally, Tamsyn, Amy en Matthew.

RICHARDS Clint (Jug) . 2 en half jaar dood nou. Vandag was jou verjaarsdag. Broer ,swaer en oom. Liefde van Naydene , Kerwyn en Tenique.Ook berig van jou ouers en dogter: Cedric, Lorna en Kirstin.

SAMUEL Rosalind Beatrice â€  7 Feb 2007 tragies. Ingesit deur Amy, Esme en Trevor POWYS.

THYSSEN Craig John . Ingesit deur familie.

WOOD Alwyn "Kaapie" â€  7 Feb 2009. Broer en oom van Tony ,Mary en kinders (RICHARDS)

Gegroet uit nog 'n warm nag in Durban
Rita Queb.

3. [KOERANT]BEELD-Prinsloo Leatitia[54]
Posted by: "TEIR Elizabeth" trcul.info@elisanet.fi   kerrieborrie
Sun Feb 7, 2010 10:19 pm (PST)

'4 mans verwoes my gesin in 'n sekonde
2010-02-07 23:33

Hilda Fourie

" 'n Wonderlike gesin is in een sekonde verwoes toe vier mans in ons kamer ingebars en sonder om 'n woord te sê, my vrou langs my doodgeskiet het."

Só het 'n emosionele dr. Duncan Prinsloo eergister by Fort Schanskop in Pretoria tydens 'n gedenkdiens vir slagoffers van plaasaanvalle vertel van die nag toe hy en sy vrou deel van Suid-Afrika se misdaadstatistieke geword het.

Rowers het hulle op hul plaas by Vaalbank buite Bronkhorstspruit aangeval.

Dieselfde koeël wat sy vrou, Laetitia (54), se dood veroorsaak het, het Prinsloo (62) in die rug getref en hom verlam gelaat.

Mev. Prinsloo is een van sowat 2 000 mense wat sedert 1994 in plaasaanvalle dood is.

"Ek loof God dat ek vandag voor julle kan staan, al is dit wankelrig," het Prinsloo, wat sukkel-sukkel met 'n kierie oor die weg kom, gesê.

"As dit nie was vir die genade van die Here wat jou moed gee om voort te gaan nie, sou 'n mens maklik ná só 'n voorval gaan lê."

Volgens Prinsloo strek die implikasies van wat met hom en sy gesin gebeur het veel verder as dat hy sukkel om te loop.

Benewens die emosionele skade wat sy jongste dogter opgedoen het toe sy dié nag haar ma dood in haar bed en haar pa verlam op die vloer gekry het, is hy ook nie meer die hardwerkende, gesonde veearts met 'n praktyk wat veral boere bedien het nie.

Sowat 45 mense wat op sy plaas woon en in sy praktyk werk, word ook deur moontlike werkloosheid in die gesig gestaar omdat hy nie meer sy werk ten volle kan doen nie.

Prinsloo beoog om sy plaas te verkoop omdat hy dit nie meer kan behartig nie.

Verder leef Prinsloo in sy huis op die plaas wat hy wil verkoop soos 'n gevangene omdat dit soos 'n tronk lyk.

"As jy in die nag buite toe gaan, is die vrees in jou. Jy kan nie deur slaap nie, want as jy 'n geluid hoor, is jy wakker."

Prinsloo het gesê as hy ooit weer 'n onbekende man in sy huis kry wat hom bedreig, sal hy skiet. "Daar word van my verwag om daardie tyd van die oggend vir 'n inbreker te vra wat hy in my huis soek.

"Die antwoord wat ek sal kry, is hoogs waarskynlik 'n koeël," het Prinsloo gesê.

Mnr. Herman de Jager, wie se pa, Piet (65), in September 2003 op sy plaas Laatsgevonden in Levubu doodgeskiet is, het by dieselfde geleentheid gesê hy hoop dat hy eendag die mans wat sy pa vermoor het, kan vergewe sodat hy ook vergewe kan word vir die haat wat hy in hom dra.

- Beeld

4. [KOERANT]BEELD-VENTER Fanie [60]
Posted by: "TEIR Elizabeth" trcul.info@elisanet.fi   kerrieborrie
Sun Feb 7, 2010 10:20 pm (PST)

Ma (79) stap 4 km vir hulp
2010-02-08 00:39

Carla van Niekerk

'n Bejaarde ma moes gister sowat 4 km ver stap om te gaan hulp soek nadat sy gehoor het hoe gewapende rowers haar seun op hul plaaswerf doodskiet.

Mnr. Fanie Venter (60), 'n oujongkêrel wat saam met me. Hannetjie Venter (79), sy ma, op hul plaas sowat 25 km van Bethal af gebly het, is gister omstreeks 08:30 deur rowers buite sy huis oorval.

Mnr. Sakkie Pretorius, 'n jare lange familievriend, sê Venter en sy ma was op verskillende plekke op die werf besig toe mev. Venter die booswigte sien.

"Daar was blykbaar drie van hulle. Sy het vir hom (Venter) geskree, maar hy het haar seker nie gehoor nie. Die een het haar mond toegedruk."

Een het Venter, wat altyd 'n wapen aan hom dra vir veiligheid, onkant betrap en hom in die kop geskiet.

Mev. Venter het blykbaar nie gesien hoe haar seun geskiet word nie, maar die skoot gehoor.

"Toe sy daar kom, sê een vir haar hy slaap net. Sy kon sien hy is dood met al die bloed."

Pretorius vertel die rowers het mev. Venter toe met 'n wapen teen haar kop gedwing om die kluis vir hulle oop te sluit.

"Sy het vir hulle gevra: 'Hoekom skiet julle my nie ook nie?' "

Die rowers het die haelgeweer in die kluis gevat, geld en die ma se handsak, sê Pretorius.

Mnr. Francois van Dijk, 'n buurman wat grond by Venter huur, vertel die rowers het die selfone ook gesteel. Mev. Venter kan nie motor bestuur nie het toe sowat 4 km ver saam met hul hond tot by Van Dijk se huis gestap om hulp te ontbied.

"Sy was so 10:00 hier. Sy het al die pad gestap. Dit is baie traumaties vir haar."

Van Dijk het dadelik die polisie in kennis gestel en die bure gevra om vir die rowers uit te kyk. "Maar dit was te laat. Hulle was met 'n voertuig daar en al lankal weg."

Van Dijk sê dit blyk dat die rowers nie enigiets anders uit die huis gesteel het nie. "Die huis was nie eens omgekrap of beskadig nie. Dit lyk of hulle daar was vir wapens."

Volgens Pretorius het die rowers mev. Venter "rondgeruk", maar sy is nie beseer nie.

Hy meen die booswigte het toegang tot die omheinde erf verkry deur "die slotte en kettings te knip".

Venter laat sy ma, drie broers en 'n suster, wat in Australië bly, agter.

"Hy sou jou altyd help waar hy kan. Ek het hom goed geken. Ons was in 1980 reeds vriende," sê Pretorius.

- Beeld

5. ANGELA VAN BENGALEN
Posted by: "Helena Liebenberg" helena@taaloord.co.za liebenberghelena
Sun Feb 7, 2010 11:33 pm (PST)

Aan alle belangstellendes

Gaan lees gerus op die TAALOORD-webblad www punt taaloord punt co punt za onder Geskiedenis die artikel "Transkripsies uit die VOC-verhaleskat", 2.4 Slawe, Angela van Bengalen.

Daar is nogal heelwat inligting oor haar.

Vriendelike groete

Helena

6. Ex-servicemen Industries in Johannesburg
Posted by: "louis@voorstoep.co.za" louis@voorstoep.co.za boerseun_1838
Mon Feb 8, 2010 12:06 am (PST)

Goeiedag almal.

Weet enige een meer van die ontstaan en geskiedenis van die "Ex-service men Industries" in Johannesburg?

Groete.

Louis Engelbrecht
Pretoria, Villieria
Engelbrecht, Vermeulen, Hills, Grobler, Smith, ens.

7a. Arrestasie rekords van 1949
Posted by: "louis@voorstoep.co.za" louis@voorstoep.co.za boerseun_1838
Mon Feb 8, 2010 12:07 am (PST)

Goeiedag almal.

Hoop iemand weet.

Hoe sal ek te werk gaan om uit te vind waarom iemand in Johannesburg in 1949 gearresteer was? Is daar 'n argief van hierdie tipe rekords?

Groete.

Louis Engelbrecht
Pretoria, Villieria
Engelbrecht, Vermeulen, Hills, Grobler, Smith, ens.

7b. Re: Arrestasie rekords van 1949
Posted by: "Estelle" estelle@mozi.co.za
Mon Feb 8, 2010 1:10 am (PST)

Hi Louis en almal,

Ek is ook besig met die geskiedenis van ou Johannesburg, omdat my man se
Familie Else van die pioneers was, sal ook graag wil wwet waar om nog inligting te bekom. Indien jy in die ou Johannesbur geskiedenis belangstel,
ek hat al 'n bietjie navorsing gedoen.

Groete

Estelle Else

_____

From: SAGenealogie@yahoogroups.com [mailto:SAGenealogie@yahoogroups.com] On Behalf Of louis@voorstoep.co.za
Sent: 08 February 2010 10:07 AM
To: SAGen
Subject: [SA-Gen] Arrestasie rekords van 1949

Goeiedag almal.

Hoop iemand weet.

Hoe sal ek te werk gaan om uit te vind waarom iemand in Johannesburg in 1949 gearresteer was? Is daar 'n argief van hierdie tipe rekords?

Groete.

Louis Engelbrecht
Pretoria, Villieria
Engelbrecht, Vermeulen, Hills, Grobler, Smith, ens.

8. Re: Mansell Upham - Basson navorsing
Posted by: "Martina Louw" mlouw1@bigpond.net.au martinalouw

Mon Feb 8, 2010 12:11 am (PST)

Hallo Dennis,
Is Mansell nog in die ooste?
Weet jy hoe ver hy met sy Basson navorsing gekom het? Ek sou hom vreeslik graag wou vra of hy nie dalk al afgekom het op Johanna Petronella BASSON wat op 30/9/1742 met Willem du Plooy getroud is se ouername nie.
Mansell as jy hierdie lees laat weet my tog asseblief!
Groete,

Martina Louw.

9a. LDS en GGSA
Posted by: "Linda Lombard" lindal@ballmail.co.za
Mon Feb 8, 2010 2:44 am (PST)

Hallo Natascha,

Ja dit geld vir jou ook, en ook vir enige lid van die publiek. Die Erfenissentrum is nou by LDS geaffilieer en Noord-Transvaaltak van GGSA se
boekery is ook in hul biblioteek gehuisves – alles tot die beskikking van
enigiemand.

Dankie, Colin, dat jy mense so aanmoedig om by Noord-Transvaal aan te sluit!
Ek kan ook nie verstaan dat mense verkies om geen oogkontak met ander navorsers te maak nie! Ek hoop my en Colin se entoesiasme gaan almal aanmoedig om wel by die tak van GGSA naaste aan jou – of waar jy graag wil
inskakel – sal aansluit. As lid van GGSA kan jy terselfdertyd by ‘n tak en
e-ggsa wees en selfs op takpublikasies van ander takke inskryf. Jy moet net
een tak as jou hooftak kies.

En die van julle wat so ver van ‘n tak is – volg Henning Noeth se voorbeeld
en probeer om ‘n tak te stig! Henning, ek hoop jy gaan suksesvol wees met
jou poging. As jy hulp en ondersteuning nodig het, kontak my gerus.

Groete,

Linda Lombard

From: SAGenealogie@yahoogroups.com
[mailto:SAGenealogie@yahoogroups.com] On

Behalf Of Natascha van der Werff
Sent: Friday, February 05, 2010 9:22 AM
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Subject: Re: [SA-Gen] LDS Pretoria

Dis wonderlike nuus dankie Colin. Ek is lid van eGGSA, tel dit ook?

--- In SAGenealogie@yahoogroups.com
<mailto:SAGenealogie%40yahoogroups.com>
, Colin Möhr <mohr@...> wrote:
>
> Hullo almal in Pretoria en omgewing,
> As julle aansluit by die Noord Transvaalse tak van GGSA, kan julle
die
nuwe LDS geriewe by die Erfinis Stigting by die Voortrekker Monument
gebruik, insluitend telefoniese voorafbestelling van die gewensde LDS
film
van die bibliotekaresse, wat jou sal laat weet wanneer die film
aangekom
het!
> Groete,
> Colin Mohr
>
> ----- Original Message -----
> From: Natascha van der Werff
> To: SAGenealogie@yahoogroups.com
<mailto:SAGenealogie%40yahoogroups.com>
> Sent: Friday, February 05, 2010 7:40 AM
> Subject: [SA-Gen] LDS Pretoria
>
>
>
> Dagse
> Kan iemand help met 'n kontaknommer asb.?
> Dankie
> Natascha vd Werff
>
>
>
>
>

>

10. VAN GAS/VAN GASS
Posted by: "Johan Pottas" pottasj@ufs.ac.za   pottasjj
Mon Feb 8, 2010 3:07 am (PST)

Dag almal

Weet julle of enige iemand dalk die VAN GAS familie navors? Indien wel

sal ek bly wees as julle my kan laat weet, iemand het my netnou hier op ons kampus gevra of ek weet van iemand die familie navors en ek het gesÃª
dat ek daaroor navraag sal doen.

Groete

Johan J Pottas Rekensentrum UV
Tel: +27-51-401-2767 werk
Tel: +27-51-522-7329 huis
Tel: +27-82-569-3727 sel
Faks: +27-51-401-2765 werk
Posbus 34559, Faunasig, 9325

---

University of the Free State: This message and its contents are subject to a disclaimer.
Please refer to http://www.ufs.ac.za/disclaimer for full details.

Universiteit van die Vrystaat:
Hierdie boodskap en sy inhoud is aan 'n vrywaringsklousule onderhewig.
Volledige besonderhede is by http://www.ufs.ac.za/vrywaring beskikbaar.

---

11. GENEALOGIESE VERSLAE
Posted by: "Viljoen, HC " hcv@sun.ac.za   hc_viljoen
Mon Feb 8, 2010 3:23 am (PST)

Beste SAGenealoë,
Ek sou baie graag een of ander tyd my opgedateerde Viljoen Familieregister in drukformaat wou publiseer. Ek verneem graag by diegene wat dit al gedoen het watter genealogiese programme se verslagformaat die "beste" is hiervoor? Ek sou bv nie slegs die De Villiers genealogiese kodes wou aangee nie, maar eerder die uiteensetting waarin elke indiwidu voorsien word van 'n seriële nommer, plus die De Villiers kode daarby. In die indeks is dit dan slegs nodig om elke persoon se seriële nommer aan te gee (ipv 'n bladsynommer). Dit word bv gebruik in Alet Swanepoel se Combrink familieregister.
Tans gebruk ek PAF maar voordat ek Legacy of Family Origins of Brother's Keeper of Pro-Gen aanskaf (elkeen het sy voorstaanders en voor-/nadele) verneem ek graag die opinies van gebruikers.
Vriendelike groete
Christo

Onderwerp: [SA-Gen] Bundel Nommer 4205

Datum:  Tuesday, February 09, 2010

Daar is 22 boodskappe in hierdie uitgawe

Onderwerpe in hierdie bundel:


1. Re: swartwater From: Paul Bosman
2. [KOERANT]VOLKSBLAD-POTTAS Johan From: TEIR Elizabeth
3. [KOERANT]BEELD-van STADEN Koos [69]en Henriette [66] From: TEIR Elizabeth
4. Die Grobler-Grobbelaar geslagsregister - Dr CL Grobler From: etiennedv
5a. Re: Walter Robert SCOTT * Queenstown 29.3.1901 From: Gustav & René Pansegrouw
6. [Koerant]  Die Burger Oos-Kaap 08 Febr 2010 From: P Marx
7a. Schonken From: Jan & Altha
7b. Re: SCHONKEN/DORFLING en DORFLING/BOTHA/SNYMAN From: Jan Dorfling
8a. [KOERANT]BEELD-SWARTWATER NG kerk gebou. From: TEIR Elizabeth
8b. Re: [KOERANT]BEELD-SWARTWATER NG kerk gebou. From: Isebelle
9. FW: [SA-Gen] - Hendrik Louw From: Heyns
10a. Hendrik Louw From: Hendrik at Loogkolk
11a. Re: Ansela van Bengale From: Johann H Claassen
12.1. Begrafnisbrief From: Fanie Blignaut
13a. Sandra Laing.. From: DIRK SCHELLINGERHOUT
13b. Sandra Laing.. From: Hendrik at Loogkolk
13c. Re: Sandra Laing.. From: Isebelle
13d. Sandra Laing. From: TEIR Elizabeth
13e. Re: Sandra Laing. From: Colin Möhr
13f. Re: Sandra Laing.. From: Annemarie van den Doel
14. (Koerant) Beeld 09 Feb. 2010.doc From: Fanie Blignaut
15. Re: Bengalen, Basson, Verrijn & Petronella vd Caab From: Martina Louw


1. Re: swartwater
Posted by: "Paul Bosman" pbosman@kleinfontein.net   paul5016
Mon Feb 8, 2010 4:38 am (PST)

Dankie vir die inligting, ek stuur dit na SAGenealogie.

Mens wonder of daar kerkrekords in die brand verwoes is. Is daar iemand op
die lys wat sou kon uitvind?

Groetnis

Paul Bosman

_____

From: Bronberger [mailto:bronberger@ananzi.co.za]
Sent: 08 Februarie 2010 10:10 AM
To: 'Paul Bosman'
Subject: FW: swartwater

Hierdie is waar ons nou-net in Desember was. Ons het nogal gestop by die
kerk.

Sussa

Swartwater se NG kerk in brand verwoes

* 2010-02-08 00:39

Rook trek gisteroggend uit die NG kerk Koedoesrant. Dié kerk by Swartwater
naby die Botswana-grens in Limpopo is deur ’n brand in puin gelê. Dié foto
is met ’n selfoon deur ’n gemeentelid geneem.

Neels Jackson

’n Elektriese fout het waarskynlik daartoe gelei dat die NG gemeente
Koedoesrant se kerkgebou op Swartwater in Limpopo gisteroggend afgebrand
het.

Ds. Wimpie Jordt het gesê hulle het om 06:55 gister agtergekom die kerk
brand.

Rook het by die kerk se dak uitgeborrel en teen halfagt was alles
verby.

Die dak en alles in die kerkgebou is vernietig. Dit sal gesloop moet word,
het Jordt gesê.

Volgens Jordt word die syfer van R7 miljoen se skade genoem, maar hy kon dié
syfer nie bevestig nie.

Die gebou is verseker.

Jordt het gesê die gemeenskap aan die Botswana-grens is ’n hegte een wat
droogtes en swaarkry ken.

Hulle glo Christus hou sy kerk in stand.

Met die puin wat nog agter hulle smeul, het die gemeente in die ou
kerkgeboutjie wat as saal gebruik word, nagmaal gevier, het Jordt
vertel.

Jordt het gesê daar was nietemin baie emosie want die gemeenskap het baie
sentiment aan die gebou gehad.

Dis in 1962 kontant opgerig en die laaste lid van die boukommissie wat nog
geleef het, oom Koos (Straat) Coetzee, is verlede week uit die einste gebou
begrawe.

Die hele gemeenskap, van watter kerkverband ook al, het die NG gemeente
gister ondersteun nadat hul gebou afgebrand het.

Oor dié steun wat hulle gekry het, het Jordt gister gesê: “Ons harte is vol
daarvan.”

19:35:00

2. [KOERANT]VOLKSBLAD-POTTAS Johan
Posted by: "TEIR Elizabeth" trcul.info@elisanet.fi kerrieborrie
Mon Feb 8, 2010 5:41 am (PST)

Die storie van die graf op Dassieskrans
2010-02-05 15:59

OP die plaas Dassieskrans is 'n klein familiebegraafplaas van die Stroebel-familie aan wie die plaas behoort. So besoek ek en my vrou die begraafplaas toe ons by haar neef gaan kuier op 20 April 2006. Daar aangekom, sê Johan Stroebel daar is een graf wat nie deel is van die familie nie.

"Toe ek egter die name lees op die steen, sê ek vir hom, luister, ek ken die vrou, ek is 100% seker dat sy iewers op my databasis is en dat ek beslis meer van haar weet. Terug by die opstal het ek my skootrekenaar aangesit en ja, ek het haar daarop."

Die steen is van sandsteen en is nog in 'n baie goeie toestand.

Die ander grafte is dié van Maria Elizabeth Coetzer, (25/07/1875 + 10/12/1918), van die plaas Zevenjaarsfontein, Rouxville, wat dood is toe sy haar suster gaan oppas het gedurende die groot griep van 1918 en self aan die griep gesterf het. Sy is die dogter van Hendrik Johannes Coetzer en Martha Dorothea Botha.

Maria is getroud op 28 Maart 1893 in die NG kerk Rouxville, met Johannes Christoffel Stroebel, (29/03/1870 - 21/11/1944), waar hy ook begrawe is. Haar vier kinders is almal jonk oorlede. Die vier se grafte is nooit opgemaak nie.

Die volgende graf is dié van Johannes Christoffel Stroebel jr., die kleinseun van bogenoemde Johannes Christoffel Stroebel en die seun van Johannes Christoffel Stroebel, (29/06/1894 - 24/10/1967) wat getroud was met Anna Margaretha van Zyl.

Dan is daar ook die graf van 'n vrou wat niks met die Stroebel-familie te doene het nie. Dit is die graf van Agatha Geertruyda Dry (Swanepoel), (24/05/1877 - 25/12/1925) van die plaas Kraaifontein, Rouxville.

Sy word begrawe op die plaas Dassieskrans. Sy is die dogter van Jan Abraham Christoffel Swanepoel en Anna Catharina Gesina Botha. Sy is getroud op 25 November 1896 met Gert Christiaan Dry, (c. 1873 - 28/09/1936) van die plaas Uitkyk, Vryburg, waar hy ook begrawe is.

Gert en Agatha het ses kinders gehad, by name Anna Katrina Gezina; Johanna Katrina; Agatha Gertruida; Jan Abraham Christoffel; Gert Christiaan en Sarel Marthinus Johannes.

Jan Abraham Christoffel Dry, (24/03/1909 - 27/11/1967) is getroud met Martha Magdalena Jacobs, (28/07/1910 - 26/05/1980), die dogter van Lourens Marthinus Jacobs en Anna Sophia Brits.

Hulle het die volgende twee kinders: Anna Sophia en Gert Christiaan. Anna Sophia Dry (02/07/1933), noemnaam Dottie, is op 4 Maart 1952 met Joseph Benjamin William Pottas van Vryburg getroud.

Hy is die seun van Willem Roelof Johannes Pottas en Beatrice Dominy. Willem Roelof Johannes Pottas is die neef van Johan Jacob Pottas, (gebore 29/04/1926 te Excelsior), met die noemnaam Skerf.

Skerf se seun Johan Jacob Pottas is getroud met Eureka Dannhauser Smith, die dogter van Gert Hendrik Dannhauser Smith, (17/04/1911 - 27/10/1983) van Trompsburg en Maria Elizabeth Botha, van Swakfontein, Jamestown.

Maria Elizabeth Botha is die dogter van Marthinus Johannes Jacobus Botha, (gebore 13/03/1893 te Dordrecht - 30/09/1926 Swakfontein, Jamestown) en Cornelia Wilhelmina Stroebel, (gebore 12/11/1898 te Dassieskrans, Rouxville - 10/07/1975 Rouxville), met die noemnaam tant Willie.

Cornelia Wilhelmina Stroebel is die dogter van Johannes Christoffel Stroebel en Maria Elizabeth Coetzer, hierbo vermeld. So deur 'n paar geslagte is daar dus nou 'n familieskakel tussen Agatha en Maria wat in die begraafplaas begrawe lê.

Daar is ook 'n verdere verhaal te vertelle oor die graf, uit die oorlewering van die Stroebels: Die graf gegrawe op Dassieskrans was klaarblyklik vir my vrou, Eureka, se ouma wat self in 1925 dodelik siek was.

Agatha sterf egter op die buurplaas Kraaifontein en Willie se pa bied toe die klaar gegraafde graf aan Gert Dry aan om sy vrou daarin te begrawe.

Toe die kis van Rouxville op die plaas aankom, was hy egter te klein vir Agatha.

So sit twee van die mans weer die 20?km in na Rouxville om 'n groter kis te kry. Daar gekom was daar nie 'n groter kis beskikbaar nie en vra die twee toe die ystersmit om die kis bietjie groter te maak. Hy willig in en terwyl hy daarmee doenig was, stap die twee oor na die kroeg om die tyd om te kry.

Toe die kis klaar is, was hulle egter ook nie meer in staat om die kis uit te vat plaas toe nie. So is die kis uit plaas toe sonder hulle, Agatha is begrawe en die twee mans het die begrafnis gemis.

Toe ek en Eureka die begraafplaas op 22 April 2006 besoek het, het ek nie besef dat ons 'n verbintenis via die graf sou vind in ons voorsate nie.

Bronne: Sterfkennisse van die VAB en KAB; Die Swanepoel Register van Adriaan Swanepoel; Huweliksregisters opgeteken deur Niel Botha; Joseph Pottas; Maria Botha; Johan Stroebel; Johan Pottas

3. [KOERANT]BEELD-van STADEN Koos [69]en Henriette [66]
Posted by: "TEIR Elizabeth" trcul.info@elisanet.fi kerrieborrie
Mon Feb 8, 2010 5:41 am (PST)

Boer sterf langs sy vrou in bed ná 2 skote
2010-02-05 21:51

Marietie Louw-Carstens

Hoedspruit - 'n Boer van Hoedspruit in Limpopo is deur sy kamervenster koelbloedig in die nek geskiet terwyl hy in die bed gelê en TV kyk het.

Mnr. Koos van Staden (69) het hom langs sy vrou, Henriette (66), doodgebloei. Hy sou in April 70 geword het.

Die onbekende aantal aanvallers het niks gesteel nie.

Mev. Van Staden het met haar pistool op die aanvallers teruggeskiet, maar hulle het weggekom.

"Ek het aan hulle gesê: 'Wat wil julle nog hê??.?.?.?hy is nou besig om dood te gaan'," het 'n steeds geskokte mev. Van Staden gister aan Beeld gesê.

Die aanvallers het eergisteraand by die egpaar se huis op die Glencoe Sugar Estates buite Hoedspruit ingebreek. Hulle het by 'n kombuisvenster ingekom.

Mnr. Braam van der Merwe, voorsitter van Agri SA in die Hoedspruit-distrik, het gesê die aanvallers het hulle in 'n veiligheidshek voor

die hoofslaapkamer vasgeloop. Hulle het om die huis gestap en die hoofslaapkamervenster met 'n graaf stukkend geslaan.

Mev. Van Staden het gesê sy en haar man was ná 21:00 in hul kamer. Hulle het TV gekyk voordat hulle sou slaap. Mev. Van Staden het gesê haar man was effens hardhorend en die TV se klank was baie hard. Hulle het nie gehoor toe die aanvallers by die kombuis inbreek nie.

"Ons het skielik net die hande gesien wat by die gordyne verbysteek. En toe die pistool en toe die een se gesig met 'n klapmus op."

Die aanvallers het twee skote geskiet. Mnr. Van Staden is in die nek getref.

"My pistool was by my en ek het teruggeskiet op hulle, maar dit was te laat. My man het iets aan my gesê, maar ek kan nie onthou wat nie."

Mev. Van Staden het gesê die aanvallers het nie eens haar handsak met haar beursie in wat in die kombuis was, gevat nie.

Mev. Wendy van Staden, die egpaar se skoondogter, het gesê hulle het "nooit, nooit gedink so iets sal gebeur nie".

Supt. Ronel Otto, provinsiale polisiewoordvoerder, het gesê spoorsnyers en polisiehonde het gister na die aanvallers gesoek.

Teen druktyd is niemand nog weens die moord in hegtenis geneem nie.

-Beeld

4. Die Grobler-Grobbelaar geslagsregister - Dr CL Grobler
Posted by: "etiennedv" etiennedv@yahoo.com   etiennedv
Mon Feb 8, 2010 7:04 am (PST)

Is daar enigiemand wat oor die bg. boek beskik wat my tot hulp kan wees?

Ek wil graag weet wie die kinders van Gerrit Grobler (15/10/1809 - 10/03/1891) x 1/9/1833 Barbara Maria Claassens (c. 1816 - 29/05/1839) xx 13/10/1839 Susanna Wilhelmina Viljoen *5/10/1823 xxx 21/09/1860 Cecilia Jacomina Smit was.

Ek het die boek al onder oe gehad maar het my aantekeninge misplaas.

As ek reg onthou, word die boek verdeel in die nageslag van elk van die kinders van die stamvader, en hierdie Gerrit Grobler was agterlangs in die boek, hier om en by b13 of b16 of so iets.

Ek sal dit baie waardeer as iemand my kan help.

Groete,

Etienne

5a. Re: Walter Robert SCOTT * Queenstown 29.3.1901
Posted by: "Gustav & René Pansegrouw" gustavre@absamail.co.za
gustavre2003
Mon Feb 8, 2010 7:15 am (PST)

Hallo Dennis

Baie harrtlik dank vir jou moeite, ek waardeer dit opreg. Het jou
inligting
aan die persone wat ook Scott-navorsing doen gestuur. Wag nou op hulle
reaksie.

Groetnis

René

______

From: SAGenealogie@yahoogroups.com
[mailto:SAGenealogie@yahoogroups.com] On
Behalf Of Dennis Pretorius
Sent: Sunday, 7 February 2010 22:59
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Subject: Re: [SA-Gen] Walter Robert SCOTT * Queenstown 29.3.1901

Hallo Rene

Toe Walter Robert Scott se broer in 1987 oorlede is het die bemaking
van die

broer aan Walter Robert se 5 kinders gegaan.

Die kinders se name was:

Robert Henri geb 24 Des 1930
Walter Robert geb 22 Des 1940
Andrew William geb 14 Okt 1942
Edith Edna geb 14 Okt 1944
Edward George geb 27 Mei 1948

Robert Henri verskyn nie in enige kieserslys wat ek nagegaan het nie
maar hy

moes wel gelewe het in 1987 - die jaar waarin hy 1/5 van sy pa se broer
se
boedel ge-erf het.

Ek weet nie of dit jou hoegenaamd help nie !

Groetnis

Dennis Pretorius ----- Krugersdorp, S A
Home Tel / Huis Tel: +27-11-769-2400 Office /Kantoor: _+27-11-953-3727
Cel / Sel: +27-83-679-8541 Fax/Faks +27-86-609-8541
----- Original Message -----

6. [Koerant]  Die Burger Oos-Kaap 08 Febr 2010
Posted by: "P Marx" geelhoutboom@igen.co.za
Mon Feb 8, 2010 7:37 am (PST)

Sterfgevalle
GREYLING, Anna Helena Gertrude. +Woensdag 03 Febr 2010. Begrafnisdiens Woensdag
10 Febr 2010 11:00 NG Kerk PE-Wes, Newtonpark. Forest Hill-begraafplaas.
(Die Burger Oos-Kaap 08/02/2010) Alfred Jones AVBOB Port Elizabeth 041 484 2731

MEYER, Dirk. +Vrydag 05 Febr 2010. Eggenote, kinders, kleinkinders, agterkleinkinders.
Begrafnisdiens Dinsdag 09 Febr 2010 10:00 Evangelies Gereformeerde Kerk, Hankey.
(Volgens mev Meyer word die begrafnisdiens gehou 09 Febr 2010 10:30 EG Kerk, Port Elizabeth)
(Die Burger Oos-Kaap 08/02/2010) Alfred Jones AVBOB Port Elizabeth 041 484 2731

In Memoriam
GROBLER, Carla-Marie. 19/09/1992 - 08/02/2009. Dadda Ruben, Mommy, Sussie, Elmarie en
Johannes en Aletta Maria NN. Alles perfek, en ek voel soos n
Presidensieele
huishouding op Vadersdag!

Twee dinge wat egter pla is dat die Vd Nest mense jare lank in
Ladysmith
gebly het en dat my oupe-groot-hulle op Oudshoorn getrou het. Dis
ligjare
per ossewa van Ladysmiyh af!!! Behalwe daarvan het die gesprek om die
Ierse/
Skotse afkoms my gepla.. Robbertse is darem so Hollands as kan kom..

Terwyl ek so rondkrap, kom ek af op my my ma se tante se
doopsertifikaat af:
Alletta maria Swanepoel. gedoop te St. Mary's Barkley-West. Ouers
Johannes
Gerhardus Swanepoel en Allettia Maria. Getuies EEJ Robinson en AM
Robinson.
Daar kom my ma se storie weer vorendag.. Robinson.. en die Engelse
kerk??

My enigste hoop is om AM Swanepoel se SK te prober kry (Nie op NAAIRS
nie)
of om montlik die huweliksregister van Oudshoorn van ca 1880 te kry..
maar
dit sal seker ook nie help as sy slegs as jongedogter anngegee word
nie???

Groete

Gert

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (6)
10f. Re: ROBBERTZE/ROBERTSE/ROBESON/ROBINSON
Posted by: "Gert Esterhuizen" murdeira74@gmail.com jorgeestreux
Sun Feb 14, 2010 1:22 am (PST)

Colin,
Ek het nou bevestiging gekry dat die deel in SAG (Roberts(z)) EN
Robinson
dieselfde mense is! Johannes Matthias (sic) en Johanna Francina
Robinson
verskyn ook as doop-getuies vir n Johannes Matthias Van VREEDE. Ek het
juis
gedink om nou ondersoek in te stel oor dat of Ladysmith moet Ladismith
wees,
of die Oudshoorn huwelik was verkeerd. JM en JF se adres word aangegee
as
Klipdam No 1 en sy beroep word aangegee as "Digger".

Gert
2010/2/14 Colin Möhr <mohr@lantic.net>

>
>
> Hi Gert,
> Dit moet Ladismith Kaap wees, baie naby aan Oudtshoorn. Die Barklay
Wes
> Engelse kerk ding is maklik. As ek reg onthou was dit die eerste en
enigste
> kerk op die dorp destyds en almal het dit gedeel. Van my aangetroude
Muller

> famlilie lede ( beslis NG lede) is ook daar getroud en gedoop hier
aan die
> einde van die 1800's. Dit was ook 'n delwersdorp, met alle moontlike
> nasionaliteit wat kom klippies soek het.
> Groete,
> Colin Mohr
>
> ----- Original Message -----
> From: Petrus Fourie
> To: SAGenealogie@yahoogroups.com <SAGenealogie%40yahoogroups.com>
> Sent: Sunday, February 14, 2010 7:39 AM
> Subject: Re: [SA-Gen] ROBBERTZE/ROBERTSE/ROBESON/ROBINSON
>
> Goeie môre Gert,
>
> Aai die SA met sy duplikaat dorpe en name :-}}}
>
> Daar is ook 'n Ladismith, Kaap wat baie nader aan Oudtshoorn is.
>
> Groetnis
>
> Petrus
>
> On 2/13/10, Gert Esterhuizen
<murdeira74@gmail.com<murdeira74%40gmail.com>>
> wrote:
> > Naand mense,
> > Ek het so n week gelede gepraat oor my tameletjie met my ouma-
grootjie
> > Alletha Maria ROBBERTZE (Volgens my oupa-groot se SK). Ek had
bedenkinge
> oor
> > die van, omdat ek seker was dat my ma gese het haar ouma was van
Skotse
> of
> > Ierse afkoms.(Robeson of Robinson).Daar was egter geen teken van
enige
> kind
> > wat Engelse name gehad het nie.
> >
> > Paul Bosman wys my toe op n Aletta Maria Robbertse (Z?) (SAG 9)wie
se ma
> n
> > Johanna Francina Van Der Nest was. Dit pas 100% in met die kinders
> (eerste
> > dogter) asook dat een van die kinders n Gideon Johannes was, wat n
> stamnaam
> > by die Van der nests is!! Die Johanna Francina se ouers was dan ook
> Gideon
> > Johannes en Aletta Maria NN. Alles perfek, en ek voel soos n
> Presidensieele
> > huishouding op Vadersdag!
> >
> > Twee dinge wat egter pla is dat die Vd Nest mense jare lank in
Ladysmith
> > gebly het en dat my oupe-groot-hulle op Oudshoorn getrou het. Dis
ligjare

> > per ossewa van Ladysmiyh af!!! Behalwe daarvan het die gesprek om
die
> Ierse/
> > Skotse afkoms my gepla.. Robbertse is darem so Hollands as kan
kom..
> >
> > Terwyl ek so rondkrap, kom ek af op my my ma se tante se
doopsertifikaat
> af:
> > Alletta maria Swanepoel. gedoop te St. Mary's Barkley-West. Ouers
> Johannes
> > Gerhardus Swanepoel en Allettia Maria. Getuies EEJ Robinson en AM
> Robinson.
> > Daar kom my ma se storie weer vorendag.. Robinson.. en die Engelse
kerk??
> >
> > My enigste hoop is om AM Swanepoel se SK te prober kry (Nie op
NAAIRS
> nie)
> > of om montlik die huweliksregister van Oudshoorn van ca 1880 te
kry..
> maar
> > dit sal seker ook nie help as sy slegs as jongedogter anngegee word
> nie???
> >
> > Groete
> >
> > Gert
> >
> >
> > [Non-text portions of this message have been removed]
> >
> >
>
> --
> Petrus Fourie
> Postmasburg
> Tel: 053 3132043
> Faks: 086 6971472
>
> [Non-text portions of this message have been removed]
>
>
>

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (6)
11a. Re: Wie was Petronella van de Kaap  - verkoop aan Thomas Verrijn
172
Posted by: "Martina Louw (nee vanB" mlouw1@bigpond.net.au   martinalouw
Sat Feb 13, 2010 1:41 pm (PST)

Ek het die Taaloord artikel oor Ansela van Bengalen baie geniet, baie dankie vir die verwysing Helena. Ek het ook 'n brokkie inligting daarin opgemerk wat my net miskien kan help.

Daar word genoem dat op dieselfde vendusie op 23 Aug 1720 waarop Ansela van Bengalen se besittings verkoop is na haar dood, daar ook vir die rekening van haar seun wyle Michiel Basson 'n slavin genaamd "Petronella van de Caab" saam met haar kind verkoop is aan Thomas Verrijn.

Ek is naarstigtelik op soek na die naam van die slavin wat die ma was van my voorouer Johanna Petronella Basson, gebore omstreeks 1718-1720. Die datums en ander besonderhede pas dus toevallig baie mooi, en die feit dat hy oorlede is toe die kind baie klein was sal verduidelik hoekom hulle nooit in die huwelik getree het en nog kinders gehad het nie.

Weet iemand meer van bg slavin "Petronella van de Caab" af, en is daar enige moontlikheid dat sy dalk my Johanna Petronella se ma kon gewees het en die kind waarmee sy verkoop was dus my voorouer gewees het??? Ek sal baie graag wil weet waar sy vandaan gekom het, wanneer sy in die Kaap aangekom het, hoe lank sy Michiel Basson se slavin was voor sy dood, en wat van haar geword het hierna. Weet iemand dalk?

Groete,
Martina.

--- In SAGenealogie@yahoogroups.com, Helena Liebenberg <helena@...> wrote:
>
> Aan alle belangstellendes
>
> Gaan lees gerus op die TAALOORD-webblad www punt taaloord punt co punt
> za onder Geskiedenis die artikel "Transkripsies uit die
> VOC-verhaleskat", 2.4 Slawe, Angela van Bengalen.
>
> Daar is nogal heelwat inligting oor haar.
>
> Vriendelike groete
>
> Helena

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (2)
12. Re: Met verwysing na v.d.K-vroue & DNA
Posted by: "Martina Louw" mlouw1@bigpond.net.au martinalouw
Sat Feb 13, 2010 1:55 pm (PST)

Hallo Jozua,

In ons webwerf se 'files' area by http://groups.yahoo.com/group/SAGenealogie/files/ (jy moet registreer by Yahoo om die webwerf te sien) is daar 'n leêr met die naam DNA-

genealogie. Jy sal daarin 'n artikel kry wat kortliks verduidelik hoe dit werk.

Groete,
Martina.

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (1)
13. [Koerant] The Mercury Vrydag 12 Feb 2010
Posted by: "aletta magrieta.quebbemann" am.queb@mweb.co.za alettaqea9fac
Sat Feb 13, 2010 9:50 pm (PST)

Dag vriende,

QUICKQUIP:-" Some couples go over their budget very carefully every month. Others just go over them. " Sally POPLIN.

GEBOORTES:- BAISE -JAMES Seth & Jess 'n seun Max James BAISE * 10 Feb 2010. Boetie vir Annabel.

HICKMAN /PETRIE Steven & Teryn 'n seun. Boetie vir Dale en Eryn. Kleinseun vir Tony, Brenda en Roz.

VERLOWING:- PENNEFATHER Rob & Rob se dogter Katie aan Devlin, seun van Michael & Denise FOGG.

DOOD:- BALLACK Peter Jacobus Friederick 27 Maart 1936 ----10 Feb 2010. x Ada. Pa van Brian, Ian en oupa van Callen, Brogan, Talia en Brad.

BARROWMAN Andrew Alan "Barry" 8 Julie 1943 ----6 Feb 2010. Broer van Wendy. Oom en groot oom van Karen , Paul, en Jonathan. Memorial by Church of Jesus Christ of Latter Day Saints Silverton Rd Durban op 17 Feb 2010 om 2nm. Verassing privaat.

BARNS Joanne Patricia x Paul. Simpatie van " Club Members and Staff of Mount Edgecombe Country Club.

DAVEY Gertrude Ann + 6 Feb 2010 in Kokstad. Ma van Charles, Ursula, Rhoda, Andrew en + Brian. Skoonma en ouma van 16 en oumagroot van 26 . Begrafnis by St Patricks Cathedral Kokstad op 13 Feb 2010 om 11vm . Ingesit deur DOVES 0860025500.

DEVERELL Ivan Arthur 27 April 1935 -----10 Feb 2010 in St Augustines Hospitaal. Man ,Pa en oupa . Vriend van Joan & Alwyn.Memorial by DOVES Greyville op 15 Feb 2010 om 10 vm. Ingesit deur DOVES 0860025500.

DICKINSON Doreen Mary 11 Mei 1930 ---+ 10 Feb 2010.x + Neville. (Ma van Tony , Michael, Debbie en Sue. Skoonma van Julie, Mokey, Jeff en Martyn ,ouma en oumagroot) . Ma en ouma van Sue ,Martyn, Lee, Lindy, Mackenna, Dean en Casey. Oom ouma van Ash, Guy en Isabella.;Ouma van Patricia.;Ma en ouma van Mike, Mokey, Sarah en Claire.;Ma en ouma van Debs & Jeff.;

Ma van Tony en Julie,ouma van Michelle en Ross.Begrafnis op 12 Feb 2010 om 3:30nm by Our Lady of Fatima Catholic Church Durban Noord.

GILL KINGSLEY + 10 Feb 2010 x Joy. Pa van Bev, Peter ,Di en Dave. Oupa van Ryan, Stephen, Chris ,Kate en Matt. Memorial by All Saints Anglikaanse Kerk Maidstone op 16 Feb 2010 om 11 vm. Ingesit deur DOVES.0860025500.

HAGERMAN Paula 19 Maart 1951 ---+ 9 Feb 2010. Suster en tannie van Tom & June, Brian en Lynette en hulle kinders Nadine en Tarryn. ; Suster van Brian , June, Ella ,Linda en Sydney. Begrafnis by DOVES Greyville op 15 Feb 2010 om 10vm.Ingesit deur DOVES 0860025500.

HENDERSON James (Jimmy) x + Doris. xx Helena. Pa van Graham, Ian en Stewart. Broer van + Eve, Anne, Ronald. Swaer van Lourdes, Carlos, Joyce en + Jim. Oupa van Vanessa, Elaine, Amy, Kate en Paula.Requiem Mass op 15 Feb 2010 by Immaculate Conception Catholic Church Pinetown om 2:30nm. Ingesit deur DOVES 0860025500.

MUNDY Mike 1950 --+ 9 Feb 2010. Broer van John en Glynnis en Dianne en Marcus .Oom van Gregg, Christy en Milah, Jacqui en Lloyd, Marcus en Sarah en Seth. Liefde aan Pam en jou dogters Emmylou en Tony, Amy-Jane en Darryl en Kirsty-Ann en Ray.

RIGGS Valerie Florence 19 Junie 1921---10 Feb 2010. Ma van Toni.Ouma van Marilou. ; Ouma van Warren en Claire. Suster van Olive en familie.

SHOOTER June . Suster van Dickie DU PLESSIS , Anette, Cherece en Gisele.

SUTTON Winston (Win en Sutty) 22 Julie 1933 ---10 Feb 2010 x Gaynor. Pa van Patrick, Louisa, Colleen, Anne en al die kleinkinders. Memorial by Stellawood Begraafplaas Kapel op 15 Feb 2010 om 1nm Verassing privaat. Ingesit deur SHANLEY'S 031 2057644.

THOMAS Frances + 7 Feb 2010. Ma van Carrie en David , ouma van Matt, Nic, Jamie en Thomas.; Van Charles , Pippa, Carrie en Sasha.

WADE Derek Colin + 8 Feb 2010 x Marlene. Pa van Hilton x Pam. Oupa van Joshua, Angel, Hannah en Michael.

WHEATCROFT Robin David Paul . Broer van Jason , Nadine en Seth.

WOODHEAD Maureen van Margate. Verassingsdiens uit Hervormde Kerk Port Shepstone op 13 Feb 2010 om 3nm. Ingesit deur AVBOB 0396822463.

ZAAYMAN Sheila + 10 Feb 2010. x Phillip . Memorial by Flame Lily op 15 Feb 2010 om 9vm. Ingesit deur OAKLEIGH 031 2059959.

MEMORIAM:- NICHOLAS nee KESHWAR Ella + 12 Feb 2007. Onthou deur Howard & Claudia, Deirdre & Louie, Mark & Antoinete, Michelle ,Vanessa en kleinkinders.

THOMAS McKENZIE -WEBSTER. Van die familie.

VAN ZYL Margaret .1 jaar dood nou . x George (Bokkie). Ma en ouma van Boy (Gavin) en Georgie.; Linda en Alan, Gail, Cheryl, Lisa, Tailyn, Tyla en Chelly.

WEITZ Heather . Suster ,tannie en vriendin. Van Clive, Betty-ann en familie.

WHEELER Bruce. Nog 'n jaar verby. Onthou deur Ma, Pa , Louise en Ian, Brian en Edward.

WILTON Gordon . Seun ,broer en swaer. Van Ma, en susters Amelia en Heather, Broers Graham en Lewis.

SIMPATIE:- BOWLES Ivor. Voorheen hoofseun van DHS sterf laas week. Simpatie aan familie veral sy seuns Neil en Mike. Van Hoof , personeel en seuns by Durban High School.

Gegroet uit Durban waar 'n donderstorm gisteraand net die lug nog meer bedompig gemaak het.
Rita Quebbemann

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (1)
14. Ancestry24 | Swanepoel Alleta Maria
Posted by: "Colin Möhr" mohr@lantic.net   mohr.colin
Sun Feb 14, 2010 1:24 am (PST)

Hi Gert,
Hier is sy.
http://ancestry24.com/records/items/show/1904713
Groete,
Colin

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (1)
15. Ancestry24 | Swanepoel Johannes Martinus Gerhardus
Posted by: "Colin Möhr" mohr@lantic.net   mohr.colin
Sun Feb 14, 2010 1:27 am (PST)

Hi Gert,
Kyk ook hier.
http://ancestry24.com/records/items/show/1904714
Groete,
Colin

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post

Messages in this topic (1)
16. Ancestry24 | Swanepoel Willem Johannes
Posted by: "Colin Möhr" mohr@lantic.net   mohr.colin
Sun Feb 14, 2010 1:35 am (PST)

Hi Gert,
Nog een
http://ancestry24.com/records/items/show/2272180
Groete,
Colin

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (1)
17. Barkley West
Posted by: "Colin Möhr" mohr@lantic.net   mohr.colin
Sun Feb 14, 2010 1:41 am (PST)

Hi Gert,
Daar is klomp goeters op Ancestry24 wat dalk kan help .
Groete,
Colin

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (1)
18a. Re: Hulp met van Blerk Familie
Posted by: "Enslin Van Blerk" enslin.vanblerk@gmail.com
Sun Feb 14, 2010 1:41 am (PST)

Goeie Dag Almal

Ek wil weet of julle my kan help met my stamboom? Ek het die name wat
ek
reeds bymekaar gemaak het gelys en wil graag weet of iemand al die
vanne
nagevors het en meer inligting vir my het daarop? Ek wil fokus op al
die
vanne en nie net op van Blerk naam nie.

VAN BLERK
> Nicolaas van Blerk X Jacomyntje (Dina) van Deventer - - - Kaapstad
> Jan Barend van Blerk X Geertruy Swart
> Jan Barend van Blerk X Maria Catharina van den Berg
> Petrus Jacobus van Blerk X Maria Susanna Joubert - - - Graaff-Reinet
> Middelburg distrik
> Francois Petrus van Blerk X Johanna Carolina Barendina Vorster - - -
> Graaff-Reinet Middelburg distrik
> Izak (Isaac) Jacob Joubert van Blerk X Jacoba Sophia Enslin - - -
> Graaff-Reinet Middelburg Bethlehem Winburg distrik

> Pieter Enslin van Blerk X Elsebia Maria Roos - - - Bloemfontein
> Izak Jacob Joubert van Blerk X Susanna Elizabeth Hermina van der
Linde - -
> - Bloemfontein
> Pieter Enslin van Blerk X Michelle Schlemmer - - - Kaapstad
>
> ENSLIN

> George Frederik Enslin X Maria Elizabeth Kolbe
> Jan Adriaan Enslin X Maria Kruger (Ek is bly om te sien die JA is nie
Johan
> Adam Enslin nie :-))
> Izak Jacob Joubert Van Blerk X Jacoba Sophia Enslin
> Oupa Pieter Enslin van Blerk X ELSEBIA MARIA (Roos)
>
>
> ROOS
> OU VADER CORNELIS JOHANNES ROOS EN ANNA CATHARINA DE WET
> JOHANNES GYSBERTUS (MARTHINUS) ROOS 26/06/1840 OP 2 FEBRUARIE 1860
GETROUD
> MET ANNA ELIZABETH BRUWER.
> CORNELIUS JOHANNES ROOS 16/01/1863-15/03/1949, GETROUD MET JOHANNA
> MARGARETHA MARIA FOURIE OP
> 15 FEBRUARIE 1886 TE BETHLEHEM DEUR DS CP THERON; EC (EDUARD
CHRISTIAAN
> ROOS) IS HUL GETUIE.
> HULLE VESTIG HULLE OP DIE PLAAS RETIEFSNEK WAAR HUL HUL KINDERS
> GROOTMAAK. HULLE WORD ALBEI HIER BEGRAWE.
> CORNELIS JOHANNES ROOS, 07/04/1894-20/07/1960 GETROUD MET WILHELMINA
> MICHELIENA ODENDAAL 22/07/1899-20/05/1968,
> VESTIG HULLE OP COERLAND.
> ELSEBIA MARIA (Roos) VAN BLERK, 22/07/1924 – 25/10/1988, GETROUD MET
PIETER
> ENSLIN VAN BLERK 1919-1964;
>

--
Groetnis
Enslin Van Blerk
=================
"EenDragt Maakt Magt"
=================

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (6)
19.1. New file uploaded to SAGenealogie
Posted by: "SAGenealogie@yahoogroups.com" SAGenealogie@yahoogroups.com
Sun Feb 14, 2010 2:19 am (PST)

Hello,

This email message is a notification to let you know that

a file has been uploaded to the Files area of the SAGenealogie group.

File : /NG Gemeente Ladismith K.P. 1851 - 1951.PDF
Uploaded by : lizoberholster <aperico@mweb.co.za>
Description : Gedenkboekie

You can access this file at the URL:
http://groups.yahoo.com/group/SAGenealogie/files/NG%20Gemeente%20Ladismith%20K.P.%201851%20-%201951.PDF

To learn more about file sharing for your group, please visit:
http://help.yahoo.com/l/us/yahoo/groups/original/members/forms/general.htmlfiles

Regards,

lizoberholster <aperico@mweb.co.za>

Onderwerp: [SA-Gen] Bundel Nommer 4217

Datum:  Sunday, February 14, 2010

Daar is 6 boodskappe in hierdie uitgawe

Onderwerpe in hierdie bundel:


1. Ladismith Kaap From: Elizabeth Oberholster
2a. Re: Ancestry24 | Swanepoel Alleta Maria From: Johan Vermeulen
2b. Re: Ancestry24 | Swanepoel Alleta Maria From: Johan Vermeulen
2c. Re: Ancestry24 | Swanepoel Alleta Maria From: Gert Esterhuizen
3a. Re: Nog slawinne:Catrijn van Malabar en Catharina van Bengale From: Jozua van Vuuren
4a. Re: Barkley West From: Gert Esterhuizen


1. Ladismith Kaap
Posted by: "Elizabeth Oberholster" aperico@mweb.co.za   lizoberholster
Sun Feb 14, 2010 2:21 am (PST)

Beste vriende

Na aanleiding van die feit dat daar onlangs nogal redelik verwys is na Ladismith Kaap, het ek nou 'n PDF boekie opgelaai na Fotki. Hopelik het dit
waarde vir iemand!

Groetnis

Liz

2a. Re: Ancestry24 | Swanepoel Alleta Maria
Posted by: "Johan Vermeulen" jverm@lantic.net   johanvermsa
Sun Feb 14, 2010 2:24 am (PST)

Alet,

Ek stuur maar aan.

Jy het dit dalk ook reeds.

Groete

johan

From: SAGenealogie@yahoogroups.com
[mailto:SAGenealogie@yahoogroups.com] On
Behalf Of Colin Möhr
Sent: 14 February 2010 11:25 AM
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Subject: [SA-Gen] Ancestry24 | Swanepoel Alleta Maria

Hi Gert,
Hier is sy.
http://ancestry24.com/records/items/show/1904713
Groete,
Colin

2b. Re: Ancestry24 | Swanepoel Alleta Maria
Posted by: "Johan Vermeulen" jverm@lantic.net   johanvermsa
Sun Feb 14, 2010 2:26 am (PST)

Jammer.

Hierdie wou eik direk aan Alet Swanepeol stuur.

Groete

Johan.

Alet,

Ek stuur maar aan.

Jy het dit dalk ook reeds.

Groete

Johan

2c. Re: Ancestry24 | Swanepoel Alleta Maria
Posted by: "Gert Esterhuizen" murdeira74@gmail.com   jorgeestreux
Sun Feb 14, 2010 2:42 am (PST)

Colin, Dankie. Dis juis haar ma wat my ouma-grootjie was. Dit is soms die
spellings wat ons so deurmekaar maak!!

Groete
Gert

2010/2/14 Colin Möhr <mohr@lantic.net>

>
>
> Hi Gert,
> Hier is sy.
> http://ancestry24.com/records/items/show/1904713
> Groete,
> Colin
>

>
>
>

3a. Re: Nog slawinne:Catrijn van Malabar en Catharina van Bengale
Posted by: "Jozua van Vuuren" jozuavv@absamail.co.za vuren1940
Sun Feb 14, 2010 2:31 am (PST)

Dagsê Ann

Is Catharina van Bengale dalk dielfde persoon as die volgende:?

Barend Pieterz Blom van Wegenau x 1691 Catharina De Bero (De Beer).
Volgens die doopboek van

Kaapstad 5-11-1784 is Catharina De Bero die doger van Louis de Berault
en Catharina v.d.K.

Ek is toevallig ook 'n afstammeling van Catrijn van Malabar.

Groete

Jozua

From: Ann Tiran
Sent: Thursday, February 11, 2010 1:50 PM
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Subject: [SA-Gen] Nog slawinne:Catrijn van Malabar en Catharina van
Bengale

Middag lyslede en vriende

Terwyl ons nou so oor die slawe praat, is daar iemand wat miskien iets
het
oor :

Catrijn van Malabar en Catharina van Bengale?

Ek kom nou eers agter dat behalwe vir Eva en Ansela hulle ook in my

voorsate is [g'n wonder ek het ook 'n groot neus nie %-) ]

Dankie en groete

Ann / Annatjie Tiran

[*PELSER]

fax 2 email: 086 610 5567

<mailto:anntiran@polka.co.za>

4a. Re: Barkley West
Posted by: "Gert Esterhuizen" murdeira74@gmail.com jorgeestreux
Sun Feb 14, 2010 2:38 am (PST)

Colin en ander,
Alles pas nou by die legkaart in!! Baie dankie. Ek het ook vir die eerste
keer op die Rootsweb dope in Barkley Wes ingegaan en sommer n hele klomp
detail gekry van ander familie ook!!

Gert
2010/2/14 Colin Möhr <mohr@lantic.net>

Onderwerp: [SA-Gen] Bundel Nommer 4218

Datum: Monday, February 15, 2010

Daar is 25 boodskappe in hierdie uitgawe

Onderwerpe in hierdie bundel:


1a. Nog slavinne: Regina Elizabeth VAN BATAVIA From: ldsvoboda
1b. Re: Nog slavinne: Regina Elizabeth VAN BATAVIA From: Gert Esterhuizen
2. Queenstown ou begraafplaas From: Sunelia Heath
3a. Sebastopol distrik Bethlehem From: annamariefolkus
3b. Re: Sebastopol distrik Bethlehem From: Ariel Rudolph
3c. Re: Sebastopol distrik Bethlehem From: Folkus
4. [Koerant] The Mercury Vrydag 12 Feb 2010 CREDITORS... From: aletta magrieta.quebbemann
5a. Nikkelen Kuyper From: tomvermeulen
5b. Re: Nikkelen Kuyper From: Marel Serfontein
6a. DU TOIT From: Michele Shaw
6b. DU TOIT From: Michele Shaw
7a. Re: Lidmaatskap From: Daan Hamman
8. [Koerant] Berea Mail 12 Feb 2010. From: aletta magrieta.quebbemann
9a. Re: Die Grobler-Grobbelaar geslagsregister - Dr CL Grobler From: B. Leach
9b. Die Grobler-Grobbelaar geslagsregister - Dr CL Grobler From: B. Leach
9c. Die Grobler-Grobbelaar geslagsregister - Dr CL Grobler From: B. Leach
9d. Re: Die Grobler-Grobbelaar geslagsregister - Dr CL Grobler From: Kingsley's
9e. Re: Die Grobler-Grobbelaar geslagsregister - Dr CL Grobler From: etiennedv
10. [Koerant] Sunday Tribune 14 Feb 2010. From: aletta magrieta.quebbemann
11a. Re: Doopregister Koffiefontein From: elaineackermann
12. Begraafplase in die Warm Bokkeveld From: jos_leroux
13a. Hoe soek ek verlore familie lede From: Francois Smith
13b. Re: Hoe soek ek verlore familie lede From: Isebelle
14. Boucher-boek From: Jan Cilliers
15. Plaasname (en moontlik eienaars) From: Andries & Marelize Keyter


1a. Nog slavinne: Regina Elizabeth VAN BATAVIA
Posted by: "ldsvoboda" capeyamu@gmail.com ldsvoboda
Sun Feb 14, 2010 4:46 am (PST)

Terwyl almal nou op slavinne is, weet iemand asb. iets meer van Regina Elizabeth van Batavia. Hier is wat ek oor haar het:

Regina Elizabeth VAN BATAVIA was born before 1742 in Batavia . She was christened on 25 Dec 1763 in NGK Kaapstad, KP. In doopregister van NG

Kerk Kaapstad: Regina Elizbeth van Batavia; Vrygegeven van den burger Hendrik Teaars, "Op gedane belydenis gedoopt."

getroud met

Hendrik THIART\THEART was born about 1732. In Kaap aangekom as Hendrik Tischaar in 1752, soldaat in diens van die V.O.C.. In al die dokumente van die V.O.C. is hy Tischaar. By sy vrou se doop is hy Hendrik Teaars. In huweliksregister van NG Kerk, Kaapstad is hy: Hendrik Tiaar van Rootswilderen in Duits-Lotharinge. Hendrik THIART\THEART and Regina Elizabeth VAN BATAVIA were married on 15 Jan 1764 in NGK Kaapstad, KP

Enige inligting oor Hendrik sal ook welkom wees!

Lizette (Phuket)

1b. Re: Nog slavinne: Regina Elizabeth VAN BATAVIA
Posted by: "Gert Esterhuizen" murdeira74@gmail.com   jorgeestreux
Sun Feb 14, 2010 5:34 am (PST)

Lizette,
Volgens Pama:
Thiat: Oorspronklik Thiadhart. Afgelei van die Germaans voornaam
Theodharde
d.i. madtige volk. Hendrk of Heinrich Thiart (ook Theart of Tischaar)
van
Rutsweiler in Lotsharinge (vandag Frankryk). Hy en Regina had 6
kinders.

Gert

2010/2/14 ldsvoboda <capeyamu@gmail.com>

>
>
> Terwyl almal nou op slavinne is, weet iemand asb. iets meer van
Regina
> Elizabeth van Batavia. Hier is wat ek oor haar het:
>
> Regina Elizabeth VAN BATAVIA was born before 1742 in Batavia . She
was
> christened on 25 Dec 1763 in NGK Kaapstad, KP. In doopregister van NG
Kerk
> Kaapstad: Regina Elizbeth van Batavia; Vrygegeven van den burger
Hendrik
> Teaars, "Op gedane belydenis gedoopt."
>
> getroud met
>
> Hendrik THIART\THEART was born about 1732. In Kaap aangekom as
Hendrik
> Tischaar in 1752, soldaat in diens van die V.O.C.. In al die
dokumente van

> die V.O.C. is hy Tischaar. By sy vrou se doop is hy Hendrik Teaars.
In
> huweliksregister van NG Kerk, Kaapstad is hy: Hendrik Tiaar van
> Rootswilderen in Duits-Lotharinge. Hendrik THIART\THEART and Regina
> Elizabeth VAN BATAVIA were married on 15 Jan 1764 in NGK Kaapstad, KP
>
> Enige inligting oor Hendrik sal ook welkom wees!
>
> Lizette (Phuket)
>
>
>

2. Queenstown ou begraafplaas
Posted by: "Sunelia Heath" sunelia.heath@yahoo.com sunelia.heath
Sun Feb 14, 2010 6:06 am (PST)

Hallo my liewe lyslede... of moet ek eerder se my liewe neefs en niggies?

Was weer Vrydag daar... nie so baie gedoen nie, maar darem. Hierdie ou grafte vat vir ewig om af te neem... oudste een sover? +1871! Ek's baie trots op hom :) As jy na 'n engelse van soek, mag hy miskien hierdie keer hier wees :)

http://f1.grp.yahoofs.com/v1/4AF4S48Ljf6w3rhaWE2oHQxZ6Fp9HxZX7vQSzAwKQiTP0ounFR4K4Ogj0eeqerWeAeiccKtMTLOpmqcnS2-fUBKNZ_VaYQHz1Mu0dw/Begraafplase/Queenstown%20Ou%20Begraafplaas%201.xls

Laat weet asseblief as ek 'n foto vir jou kan aanstuur.

Groete
Sunelia

3a. Sebastopol distrik Bethlehem
Posted by: "annamariefolkus" folkus@telkomsa.net annamariefolkus
Sun Feb 14, 2010 6:13 am (PST)

Hallo Almal

Die plaas Sebastopol word as plek aangedui waar my oupagrootjie Jacobus Nicolaas SWART oorlede is in 1914. In sy boedel gee dit aan dat dit so ongeveer 4 myl van Kestell af geleë is.

Is daar dalk iemand wat vir my meer inligting rondom die plaas kan gee
of wat met 'n bietjie geluk weet van grafte daar. Die moontlikheid kan
seker ook wees dat hy dalk in Kestell begrawe is. Is die grafte in
Kestell al opgeteken?

Dankie byvoorbaat.

Groete

Annamarie Folkus

folkus@telkomsa.net <mailto:folkus@telkomsa.net>

3b. Re: Sebastopol distrik Bethlehem
Posted by: "Ariel Rudolph" ariel.rudolph@gmail.com arielrudolph
Sun Feb 14, 2010 11:43 pm (PST)

Annamarie,
Die plaas naam is baie interessant!!
Weet jy dat Sebastopol 'n stad is in Ukraine.
Probeer uitvind wie die oorspronklike eienaars van die plaas was.
Dis moontlik dat die oorspronklike eienaars kontakte gehad het met
Sebastopol in die Ukraine gehad het of selfs daarvan gekom het.

My oorgrootouers was in Sebastopol in die Ukraine getroud voor hulle VK
toe
getrek het en toe SA toe in die laat 19de eeu.

Groete
Ariel

2010/2/14 annamariefolkus <folkus@telkomsa.net>

>
>
>
> Hallo Almal
>
> Die plaas Sebastopol word as plek aangedui waar my oupagrootjie
Jacobus
> Nicolaas SWART oorlede is in 1914. In sy boedel gee dit aan dat dit
so
> ongeveer 4 myl van Kestell af geleë is.
>
> Is daar dalk iemand wat vir my meer inligting rondom die plaas kan
gee
> of wat met 'n bietjie geluk weet van grafte daar. Die moontlikheid
kan
> seker ook wees dat hy dalk in Kestell begrawe is. Is die grafte in
> Kestell al opgeteken?
>

> Dankie byvoorbaat.
>
> Groete
>
> Annamarie Folkus
>
> folkus@telkomsa.net <folkus%40telkomsa.net>
<mailto:folkus@telkomsa.net<folkus%40telkomsa.net>
> >
>

>
>
>

3c. Re: Sebastopol distrik Bethlehem
Posted by: "Folkus" folkus@telkomsa.net annamariefolkus
Mon Feb 15, 2010 12:11 am (PST)

Hallo Ariel

Ek onthou jy het my vertel van die oorspronklike Sevastopol in Ukraine.

Die probleem is dat daar meer as een Sebastopol voorkom op die Serv. General
se web (no 55 en 108?) vir Bethlehem. Ek probeer nou bepaal watter een 4 myl
van Kestell geleë is. Daar is ook een in Zastron se distrik (no 51) en een
in Victoria, Natal. Ek het nou aan Martha Lotter geskryf om vir my na die
plaasregisters te kyk. Hulle behoort seker te weet watter een naby Kestell
geleë is.

Ek laat weet jou sodra ek iets hoor.

Groete
Annamarie Folkus

----- Original Message -----
From: "Ariel Rudolph" <ariel.rudolph@gmail.com>
To: <SAGenealogie@yahoogroups.com>
Sent: Monday, February 15, 2010 9:42 AM
Subject: Re: [SA-Gen] Sebastopol distrik Bethlehem

Annamarie,
Die plaas naam is baie interessant!!
Weet jy dat Sebastopol 'n stad is in Ukraine.
Probeer uitvind wie die oorspronklike eienaars van die plaas was.
Dis moontlik dat die oorspronklike eienaars kontakte gehad het met

Sebastopol in die Ukraine gehad het of selfs daarvan gekom het.

My oorgrootouers was in Sebastopol in die Ukraine getroud voor hulle VK toe
getrek het en toe SA toe in die laat 19de eeu.

Groete
Ariel

2010/2/14 annamariefolkus <folkus@telkomsa.net>

>
>
>
> Hallo Almal
>
> Die plaas Sebastopol word as plek aangedui waar my oupagrootjie Jacobus
> Nicolaas SWART oorlede is in 1914. In sy boedel gee dit aan dat dit so
> ongeveer 4 myl van Kestell af geleë is.
>
> Is daar dalk iemand wat vir my meer inligting rondom die plaas kan gee
> of wat met 'n bietjie geluk weet van grafte daar. Die moontlikheid kan
> seker ook wees dat hy dalk in Kestell begrawe is. Is die grafte in
> Kestell al opgeteken?
>
> Dankie byvoorbaat.
>
> Groete
>
> Annamarie Folkus
>
> folkus@telkomsa.net <folkus%40telkomsa.net>
> <mailto:folkus@telkomsa.net<folkus%40telkomsa.net>
> >
>

>
>
>

------------------------------------

SAGenealogie is 'n poslys vir die bespreking van genealogiese en
genealogies-verwante aangeleenthede alleenlik, onderhewig aan die
voorwaardes soos uitgespel by http://www.sagenealogie.com Lede wat
aangeleenthede wil opper wat nie van 'n suiwer genealogiese aard is nie,
word versoek om dit nie op die poslys te doen nie, maar dit liefs van die
lys af direk aan die betrokkene te stuur. Probleme, klagtes en voorstelle

vir verbetering moet gestuur word aan:
SAGenealogie-owner@yahoogroups.com

Besoek ons webblad by:
http://www.sagenealogie.com
http://www.sagenealogy.com

Yahoo! Groups Links

----------------------------------------------------------

19:35:00

4. [Koerant] The Mercury Vrydag  12 Feb 2010 CREDITORS...
Posted by: "aletta magrieta.quebbemann" am.queb@mweb.co.za
alettaqea9fac
Sun Feb 14, 2010 7:13 am (PST)

Dag vriende,

QUICKQUIP:-" A budget tells us what we can't afford,but it doesn't keep us from buying it. " William FEATHER

" He who does not economise will have to agonise. " CONFUCIUS.

CREDITORS/ DEBTORS:-

BLACK Philip Eric ID 2601035048084 + 14 Sept 2009 van 2 Raleigh Court, Portsmouth Rd Pinetown, daarna Jan Richter Frail Care Centre Pietermaritzburg x Neeltge Femina ID 2309220044089 . ESTATE Nr. 11514/ 2009. J J THORNTON C.A.(S.A.) 22 Pinset Place Durban 4001

BOWER Nadina Mary ID 2204140049186 + 8 Nov 2009 van 107 Summerhill Lodge Scottburgh. ESTATE Nr. 384/2010. FNB TRUST SERVICES Posbus 27511, Greenacres, Port Ellizabeth 6057

CORREIRA Fernado Melo Da Rocha ID 4108135090188 + 30 Nov2009 van 53 Mpushini Ave, Waterfall 3610. ESTATE Nr. 513/2010 /Pmb. SUE NICOL ,28 Old Main Rd ,Hillcrest 3610.

JOHNSON Juliana ID 3901150025084 + 10 Julie 2008 x buite gemeenskap van goedere B.F. JOHNSON. ESTATE Nr. 13669/09 PMB. J. JOHNSON Nr 3 ,Oceandream Flats ,31 Park Drive Umhlanga Rock 4310 KZN

LEHMANN Vernon Arnold ID 3510035065080 + 1 Jan 2010 van 53 A St Winifred's Drive , St Winifred. ESTATE Nr. 635/2010/PMB. FNB TRUST SERVICES Posbus 212 , Westville 3630

LILLIE William ID 3209145058081 + 13 Des 2009 van 17 Lake Jasmine, Augusta Estate, Hillcrest. ESTATE Nr. 190/2010 PMB. JOHN SWAN Posbus 3 Hillcrest 3650

McCULLOCH Marguerite Doreen ID 3304210023084 + 25 Jan 2010 van Pinetown. ESTATE Nr. 1030/2010/PMB. GRAEME McCULLOCH Posbus 1426, Wandsbeck 3631.Executor Testamentary.

FIRST /FINAL:-

BOUILLON M.M ID 6601220031081 + 13 Maart 2007 x John Pieter Godfried BOUILLON ID 5410245039082 van 32 Dorfner Crescent Marianhill Park, Caversham Crescent. ESTATE Nr. 9690/07/Dbn. CARLITZ CROCKART & ASSOC. 3de Vloer Silver Oaks 14/36 Silverton Rd Musgrave Durban.

CHAPPELL Margaret ID 2802210044084+ 5 Sept 2009 van Kloof Retirement Home, 40 Abelia Rd ,Kloof.ESTATE Nr. 11171/2009. FNB TRUST SERVICES Posbus 212 ,Westville 3630

CHUANG Shih-Tsun ID 5603065848083 + 22 Jan 2009 x Shun-Ching CHUANG ID 5705120868087 van 12 Agar Place, Durban Noord. ESTATE Nr. 8114/2009/Pmb. DITZ INCORP Posbus 25250, Gateway 4321.

COLE Kathleen Anne ID 6303260043082 + 15 April 2009 van 14 Summerhaven ,229 Rinaldo Rd ,Glen Anil Durban Noord. ESTATE Nr.8150 /2009. FNB TRUST SERVICES Posbus 212 ,Westville 3630.

COWAN Mary Hamilton ID 3604050057088 + 17 Mei 2009 van War Memorial Home Trust ,Grisvenor Rd Pmb. ESTATE Nr. 6008/2009. FNB TRUST SERVICES Posbus 13527, Cascades 3202.

CRAIG Robert Neil Dudley ID 4006085035080 + 24 Nov 2009 van 14 Smuts Str Westcliffe , Hermanus. ESTATE Nr. 13859/2009. FNB TRUST SERVICES Posbus 13527, Cascades 3202.

DAVIS Beulah ID 3007160018083 + 21 Jan 2008 van 8 Cornubia Gardens, Cornubia Drive Mount Edgecombe.4300. ESTATE Nr. 3548/2008/Dbn. WOODHEAD BIGBY & IRVING ATTORNEYS 700 Mansion House 12 Field Str Durban 4001.

DE BEER Johan Andreas ID 4909285096085 + 3 April 2009 x Vera DE BEER ID 5607020105083 van 2 Levenhall Rd ,Glenmore Durban. ESTATE Nr. 6298/2009/DBN. JOHNSTON & PARTNERS Posbus 3823 , Durban 4000.

DE BRUIN Willem Hendrik Jacobus + 25 Mei 2009 ID 2202195005087 van 13 Milkwood Villas, 88 Ocean Drive Ballito. ESTATE Nr. 8809/2009. FNB TRUST SERVICES Posbus 212 Westville 3630.

EVANS Mary Patrina ID 2109300008080 + 20 Julie 2009 van Evelyn House Richmond. ESTATE Nr. 9398/2009. FNB TRUST SERVICES Posbus 27521, Greenacres Port Elizabeth 6057.

GEAR Donald James ID 1709045056186 + 29 Junie 2009 van 9 Wagtail Way, Inchanga Park ,Inchanga. ESTATE Nr. 7908/2009. FNB TRUST SERVICES Posbus 13527, Cascades 3202.

HORDYK Jan ID 2212125046085 + 3 Mei 2009 van Natal Settlers Memorial Home ,17 Hutchinson Rd, Durban. ESTATE Nr. 9364/2009/Dbn. PRIOR & BEZUIDENHOUT Postnet Suite 58 Posbus X4 Dalbridge 4014.

KEMP Mary Louse Stuart ID 2206040003080 + 28 Julie 2009 van Caister Lodge, 264 Musgrave Rd Durban. ESTATE Nr. 12606/2009/Dbn. MARRIOTT TRUST (Pty) Ltd Posbus 3211, Durban 4001

MANNING John Sydney ID 4005125026083 + 3 Julie 2006 van 9 Martin Crescent Westville. ESTATE Nr.9933/2006. FNB TRUST SERVICES Posbus 212 ,Westville 3630

SMITH Daphne ID 3011040014080 + 9 Nov 2008 van 334 Bill Buchanan Home, 1 Goodwin Drive, Durban. ESTATE Nr. 14468/2008/Pmb. CT WESLEY 403 Windermere Rd ,Durban 4001

SPENCER Jack ID 1208295002081 + van 77 Mangosuthu Rd Eshowe. ESTATE Nr. 7376/2008/Dbn. GRAHAM ALAN DAVEL 2 Pendalia, 21 Reservoir Rd, Winston Park 3610

STUART Cecil Roy ID 2506065024089 + 1 Julie 2009 van 158 Blair Atholl Rd, Westville. ESTATE Nr. 8862/2009. FNB TRUST SERVICES Posbus 212 Westville 3630.

TATE Marion ID 1005170051187 + 9 Junie 2009 van 60 Kenilworth Rd ,Overport Durban. ESTATE Nr. 7425/2009/PMB. CHELIN & ASSOC. Suite 2, Cambridge House, 5 Havelock Cres, Morningside Durban 4001

VAN DER COLFF Esme Therese ID 4105230068085 + 4 Julie 2009 van 35 Avenue Svea Uvongo. ESTATE Nr. 10838/2009. FNB TRUST SERVICES Posbus 13527, Cascades 3202.

WALKER Valerie ID 4212310069189 + 26 Mei 2009 van 49 Sherwood Crescent Amanzimtoti. ESTATE Nr. 6621/2009/Pmb. LANE MITCHLEY ATTORNEYS 79 Churchill Rd Durban 4001.

WOLFF Erika Natalija ID 2207220092182 + 28 Feb 2009 van 53 Harbourth Rd ,New Germany 3610. ESTATE Nr. 5641/2009/Dbn. WOODHEAD BIGBY & IRVING ATTORNEYS 700 Mansion House , 12 Field Str .Durban 4001.

WOOD William ID 3009295019085 + 23 Okt 2009 van 26 Limpus Rd, Pinetown. ESTATE Nr. 12710/2009/Pmb. MORRIS FULLER WALDEN WILLIAMS 1 Knightsbridge ,16 Westville Rd, Westville 3629.

Gegroet uit Warm en bedompige Durban
Rita QUEBBEMANN * STEENKAMP.

5a. Nikkelen Kuyper
Posted by: "tomvermeulen" tomvermeulen@yahoo.com   tomvermeulen
Sun Feb 14, 2010 7:41 am (PST)

Hallo allemaal,

Ik ben Tom Vermeulen en woon in Rotterdam, Nederland. Ik zoek naar nakomelingen van Francois Pieter Jacob van Nikkelen Kuyper. Hij is geboren op 19 januari 1833 in Middelharnis, Zuid-Holland, Nederland en op 16 september 1911 overleden in Pretoria. Hij heeft een aantal belangrijke functies bekleed in Zuid Afrika.

Hij is op 20 oktober 1863 in Zijpe, Nederland getrouwd met Petronella Margareyha Holterman, geboren op 12 september 1837 in Zaandam.

In 1875 zijn zij vertrokken naar Zuid Afrika

Kinderen

Johanna Elizabeth Cornelia, geboren op 20 mei 1872 in Buiksloot, Nederland, overleden op 8 oktober 1948 (plaats onbekend) X Cornelis Frederik Delfos, geboren op 21 juni 1868 in Rotterdam, overleden op 23 oktober 1933 in Pretoria.
Adriaan Jan Evert X F.E. van de Merwe
E.E.J. (alleen initialen bekend) X Gerardus Evert Jan Henny
Johanna Henriette X Henri Dijkman
J.W. (alleen initialen bekend, geslacht niet bekend)
P.C. (alleen initialen bekend, geslacht niet bekend) X J.H. van Zuylen
Gerard Jean Eduard, geb 15 augustus 1864 (plaats onbekend, waarschijnlijk Pretoria) overleden 11 maart 1941 Transvaal X (plaats en datum onbekend) Ellen Mathilda Skinner, geboren op 13 mei 1873 in Pretoria en aldaar overleden op 10 november 1958

Heeft iemand aanvullingen.

Als iemand iets in Nederland zoekt graag tot wederdienst bereid

5b. Re: Nikkelen Kuyper
Posted by: "Marel Serfontein" marelserfontein@vodamail.co.za
Sun Feb 14, 2010 8:16 am (PST)

Dagse Tom, my naam is Jaap Serfontein woonagtig te Villiers in die Vrystaat.
Ek dink ek kan jou help. Toe ek in Pretoria gewoon het, was ek bevriend met
`n persoon met die van Kuyper. Ons was saam in die kerkraad en hy was die
orrelis... by uitstek!!! Ek het `n paar telefoon nommers en adresse vir jou:

1. K. Kuyper, Prokureur, Ancoregebou, Jeppestraat, Sunnyside, Pretoria tel no 012 341 6605, faks no 012 341 6605 (Hy sal kan help!!)

2. R Kuyper, Ben prinsloostraat, Annlin, Pretoria Tel no 012 567 5603

3. R.A. Kuyper, tel no 012344 2857

4. S. Kuyper, Kontakstraat 330, The willows, tel no 012 807 3760

5. A. Kuyper, 476 Rodericksroad, Lynwood, Pretoria. Tel no 012 365 3408

6. Die Scriba, NG Kerk, Wonderboom Suid, Pretoria, tel no 012 331 0494

, From: SAGenealogie@yahoogroups.com
[mailto:SAGenealogie@yahoogroups.com]
On Behalf Of tomvermeulen
Sent: 14 February 2010 05:38 PM
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Subject: [SA-Gen] Nikkelen Kuyper

Hallo allemaal,

Ik ben Tom Vermeulen en woon in Rotterdam, Nederland. Ik zoek naar nakomelingen van Francois Pieter Jacob van Nikkelen Kuyper. Hij is geboren
op 19 januari 1833 in Middelharnis, Zuid-Holland, Nederland en op 16 september 1911 overleden in Pretoria. Hij heeft een aantal belangrijke functies bekleed in Zuid Afrika.

Hij is op 20 oktober 1863 in Zijpe, Nederland getrouwd met Petronella Margareyha Holterman, geboren op 12 september 1837 in Zaandam.

In 1875 zijn zij vertrokken naar Zuid Afrika

Kinderen

Johanna Elizabeth Cornelia, geboren op 20 mei 1872 in Buiksloot, Nederland,
overleden op 8 oktober 1948 (plaats onbekend) X Cornelis Frederik Delfos,
geboren op 21 juni 1868 in Rotterdam, overleden op 23 oktober 1933 in Pretoria.
Adriaan Jan Evert X F.E. van de Merwe
E.E.J. (alleen initialen bekend) X Gerardus Evert Jan Henny
Johanna Henriette X Henri Dijkman
J.W. (alleen initialen bekend, geslacht niet bekend)
P.C. (alleen initialen bekend, geslacht niet bekend) X J.H. van Zuylen
Gerard Jean Eduard, geb 15 augustus 1864 (plaats onbekend, waarschijnlijk
Pretoria) overleden 11 maart 1941 Transvaal X (plaats en datum onbekend)
Ellen Mathilda Skinner, geboren op 13 mei 1873 in Pretoria en aldaar overleden op 10 november 1958

Heeft iemand aanvullingen.

Als iemand iets in Nederland zoekt graag tot wederdienst bereid

6a. DU TOIT
Posted by: "Michele Shaw" sunshine.shaw@telkomsa.net   michele.shaw61
Sun Feb 14, 2010 9:16 am (PST)

Middag Natascha,

Francois DU TOIT en Suzanna SEUGNET is op Feb 12, 1690 in Paarl getrou.

Hulle het 9 kinders gehad.

Michele Shaw

---

From: SAGenealogie@yahoogroups.com
[mailto:SAGenealogie@yahoogroups.com] On
Behalf Of Natascha van der Werff
Sent: 12 February 2010 01:08 AM
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Subject: [SA-Gen] DU TOIT

Medegeners,
Kan die Du Toit kenners my reghelp as. Iets maak nie sin in my data:
Francois DU TOIT *15.9.1664
x 12.2.1610 in Frankryk
Suzanna SEUGNET
arriveer 1686 aan Kaap met skip Vrijheit.
Ek vermoed die troudatum is foutief?
Vele dank
Natascha vd Werff

6b. DU TOIT
Posted by: "Michele Shaw" sunshine.shaw@telkomsa.net   michele.shaw61
Sun Feb 14, 2010 9:17 am (PST)

Middag medegeners,

Is daar dalk iemand wat vir Edmund Ormond Lionel DE BOIS ken? Hy het in Junie 1875 getrou met Maria Susanna Nel.

Dankie

Michele Shaw

---

From: SAGenealogie@yahoogroups.com
[mailto:SAGenealogie@yahoogroups.com] On
Behalf Of Natascha van der Werff
Sent: 12 February 2010 01:08 AM
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Subject: [SA-Gen] DU TOIT

Medegeners,
Kan die Du Toit kenners my reghelp as. Iets maak nie sin in my data:
Francois DU TOIT *15.9.1664
x 12.2.1610 in Frankryk
Suzanna SEUGNET
arriveer 1686 aan Kaap met skip Vrijheit.
Ek vermoed die troudatum is foutief?
Vele dank
Natascha vd Werff

7a. Re: Lidmaatskap
Posted by: "Daan Hamman" dshamman@icon.co.za
Sun Feb 14, 2010 9:26 am (PST)

Beste Jaap,

Dit is 'n baie wye vraag hierdie omdat ek nie weet wat reeds bekend is nie.

'n Mens begin maar altyd by jouself en eie familie en werk dan terug terwyl
ook bestaande bronne soos die boekereeks SA Geslagregisters nageslaan moet
word om vanaf die stamvader te werk en te kyk waar daar moontlik 'n
koppeling met jou eie vertakking gemaak kan word. SA Geslagregisters is 'n
reeks van 17 volumes wat die drie volume reeks Geslagreisters van Ou Kaapse
Families opvolg. Indien jou plaaslike biblioteek Volume 11 (Scho-Sny) vir
jou kan bestel deur die biblioteekdiens sal dit jou baie help.

Daar is twee mense waarvan ek bewus is wat aan die van Serfontein werk, naamlik;

Dr. R.B. Anderson - e-posadres rbanderson@mweb.co.za en sy Anderson webwerf
by http://www.griquatownandersons.com

Mev. Karin Serfontein - e-posadres kss@mweb.co.za (sy werk aan Christopher
Petrus Jochemus Serfontein geb. 18.08.1880 oorl. 29.11.1959 en voorsate).
Hierdie inligting is al bietjie oud, nl. 2005.

Dan was daar een boek geskryf naamlik die Serfontein Atlas deur Dot Serfontein.

Verder sal jy die boedeleers van mense waarin jy belangstel om inligting oor
te bekom by die onderskeie argiewe moet trek. Boedelleers word gehou by die
argief in die provinsie waar die person oorlede is. Om 'n indeks van die
boedelleers te kry kan jy http://www.national.archives.gov.za besoek, jy sal
egter steeds die boedelleer fisies moet trek om toegang tot die inhoud te
kry. Jy kan in hierdie geval van eGGSA se boedelleer fotografiese diens
gebruik maak (behalwe in die geval van die Kaapse Argief Bewaarplek wat
fotografering verbied). Indien jy meer inligting oor hoe om te werk te gaan
wil ontvang kan ek dit stuur, laat my net weet.

Dan is daar ook nog kerk gemeentes se huweliks, doop en lidmaatregisters,
webwerwe, ens. te veel om alles hier te probeer verduidelik. Ek heg vir jou
die Genealogiese Genootskap van Suid Afrika se notas van die beginnerskursus
vir genealogie hierby aan.

Terloops ek is ook al oor die 70, maar is al by genealogie betrokke sederd
ek seker 40 was.

Beste groete,

Daan Hamman

From: SAGenealogie@yahoogroups.com
[mailto:SAGenealogie@yahoogroups.com] On
Behalf Of Marel Serfontein
Sent: 09 February 2010 05:13 PM
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Subject: [SA-Gen] Lidmaatskap

Baie dankie dat my aansoek aanvaar is. Ek is nog "jonk" in hierdie spel,
maar baie angstig. Dis net wonderlik hoe `n mens lang vergete familie en
vriende se name kan lees ens. Ek is ook al oor 70, maar dis wonderlik om
hierdie dinge te kan doen. Ek is net dringend op soek na meer inligting van
die Serfontein familie. Het reeds maar soek nog name. My lys van name en
vanne is nog baie lank en is ek angstig om ook daarmee te begin. Ek sal dit
waardeer indien iemand vir my kan se hoe en waar ek inligting kan kry.
Onthou ek is nou maar eers in "graad 1"

Baie dankie

Jaap Serfontein

Villiers

----------

8. [Koerant] Berea Mail 12 Feb 2010.
Posted by: "aletta magrieta.quebbemann" am.queb@mweb.co.za
alettaqea9fac
Sun Feb 14, 2010 10:04 am (PST)

Dag vriende,

QUICKQUIP:- " True love doesn't come to you, it has to be inside you." Julia ROBERTS American Actress.

VERJAARSDAG: GEITHRIE Peggie * 4 Feb 1908 in Kokstad. x Phillip. Hulle het 'n dogter en seun gehad. Sy het 5 kleinkinders en 4 agterkleinkinder en 2 agter -agterkleinkinders. Sy het 'n broer in Australia. Sy bly by haar kleindogter Lynn POLEY . Haar dogter is Phyllis FREEMANTLE . Ander kleindogter is Lynn ROPER. Agterkleindogter Tyler MARTIN ,en haar kinders Jodie en Brooke MARTIN . (foto beskikbaar)

REID Alwena Vera (Alvy) *2 Feb 1910 in Grahamstown. jongste lid van KOCK familie. Sy is ook die jongste kleinkind van Edward Hunt DELL II ,die seun van Edward Hunt DELL I 'n 1820 Britse Setlaar. Sy het skoolgegaan in PMB en haar hoër skool loopbaan afgesluit in Kokstad Convent .Daarna is sy na 'n Besigheids College in Durban. Alvey x Jack SMITH in 1939. Hy het in Wereld Oorlog II geveg. Hy sterf na 'n paar jaar na die oorlog. Sy trou toe met Alexander REID by wie sy 2 kinders gehad het. Sandy en Rowena. Sy het 4 kleinkinders en 2 agterkleinkinders. Sy bly nou in MOTHWA HAVEN Moore Rd vir die laaste 5 jaar. (foto beskikbaar).

Gegroet uit Durban
Rita Quebbemann

9a. Re: Die Grobler-Grobbelaar geslagsregister - Dr CL Grobler
Posted by: "B. Leach" bleach@lantic.net bdleach19490515
Sun Feb 14, 2010 10:48 am (PST)

Hallo Ina & Hannie,

Ek het laas by b6c1d3e4 - Hendrik Michael GROBLER*26.6.1813 x Helena
SCHOEMAN*1815 opgehou.

Hy is s.v - b6c1d3 - Nicolaas Johannes*1784 = 1.5.1786 (Swellendam)
+19.4.1837 (George) x 8.12.1805 (Swellendam)Hester Catharina BOTHA =
30.12.1787 xx 2.9.1832 (Graaff Reinet) Martha Magdalena ENGELBRECHT.

Hy is s.v. - b6c1 - Johannes Hermanus =20.2.1754 (Drakenstein) x
8.4.1781 (Tulbagh) Elsje Susanna KLOPPER =2.5.1762

Hy is s.v. - b6 - Nicolaas*25.12.1723 (Stellenbosch) x 15.4.1753
(Drakenstein) Johanna Hendrina COMBRINK =8.11.1733 (d.v.Hermanus
COMBRINK & Magdalena LEY)

Nicolaas (b6) is s.v. stamvader Johann GROBLER & Geertruyd KNOEDZEN.

groete,

barend leach

On 2010/02/10 10:31 AM, Kingsley's wrote:
>
>
> Barend
>
> Dankie dit is die regte persone. Ek het vir my ma (81) gewys want dit
is
> haar pa en oupa (Hans Dissel)en ons het eers gou ons trane oomblik
gehad. Ek
> het 'n foto en nou kan ons die regte name (spelling) en datums daarby
voeg.
> Hoe kan jy nog vra of ek die res wil weet as die gogga gebyt het wil
mens
> alles uitvind wat mens kan.
>
> Weereens dankie vir die moeite ek wag in spanning vir die res
>
> groete
> Ina en Hannie
>

9b. Die Grobler-Grobbelaar geslagsregister - Dr CL Grobler
Posted by: "B. Leach" bleach@lantic.net bdleach19490515
Sun Feb 14, 2010 11:45 am (PST)

Beste lede,

Ek het heelwat navrae oor die GROBLER boek gekry en wil graag aan lede 'n paar dinge uitwys.

Die boek het 'n inhoudsopgawe wat aandui dat daar 24 hoofstukke in die boek is.

HOOFSTUK 1 begin met die vroeë geskiedenis van die stamvader en lys dan sy 11 kinders. Vir die seuns b1 - Johannes ; b4 - Willem en b10 - Dirkje is geen nageslag bekend nie. Die res van die hoofstuk behandel 'n gedeelte van die nageslag van b5 - Petrus.

HOOFSTUKKE 2 tot 23 behandel die balans van b5 - Petrus en dan verder die nageslag :- b6 - Nicolaas*1723 ; b9 - Coert*1730 en b11 - Cornelis*1736

HOOFSTUK 24. Hoewel die inleiding en hoofstuk 1 dit duidelik dat stamvader 11 kinders gehad het, val hoofstuk 24 weg met :- DIE NAGESLAG VAN GERRIT ( b12.c1). Die stamboom begin dan met b12.c1 - Gerrit*15.10.1809 en daarna volg 7 bladsye se nageslag.

In die inleiding kry ek toe 'n verduidelikking dat dit die nageslag is van 'n ongekoppelde. Gerrit*15.10.1809 = 20.1.1811 was die seun van ene Willem GROBLER en Anna Catharina Cornelia Loiusa BRITS. Ek haal aan:- "Die ouers was nooit getroud nie. Die vermoede bestaan dat die ouers wel verloof was - soos dit baie keer gegaan het, al begin saam woon het en voordat 'n predikant hulle kon trou, die vader gedurende een van die vele K #ff ## oorloë gesneuwel het. Gerrit is oorlede op 10.3.1891 in die Rustenburgse distrik en meeste van sy nasate woon in die Transvaal. Die b12 benaming van Gerrit is dus duidelik foutief in terme van die DVP benoemings metode.

Die boek het 'n indeks van slegs die manlike GROBLER afstammelinge en hulle gades se name agter aan. Daar is derhalwe geen manier (anders as om lyn vir lyn deur die hele boek te gaan) om vir 'n GROBLER dogter te soek nie.

Lys lede wat navraag gedoen het wat net 'n vroulike GROBLER naam het kan
ek dus nie help nie.

Colin Pretorius moet miskien kyk of hy die regte op die boek kan bekom en dit op CD plaas - sodat die vroulike nageslag en aangetroudes dan ook
elektronies soekbaar is.

groete,

barend leach

9c. Die Grobler-Grobbelaar geslagsregister - Dr CL Grobler
Posted by: "B. Leach" bleach@lantic.net   bdleach19490515
Sun Feb 14, 2010 11:46 am (PST)

Beste lede,

Na aanleiding van my lang relaas net nog die volgende. Miskien kan iemand wat met die BRITS familie werk help om die koppeling van Willem GROBLER x Anna Catharina C. L. BRITS te maak.

groete,
barend leach

9d. Re: Die Grobler-Grobbelaar geslagsregister - Dr CL Grobler
Posted by: "Kingsley's" kingsley@cyberserv.co.za inakingsley
Sun Feb 14, 2010 12:40 pm (PST)

Barend

Al jou moeite met my navraag word vreeslik waardeer.
Nogmals baie dankie.
From: pjd van aardt [mailto:aardtsvader@ telkomsa. net]
Sent: 24 February 2010 14:37
To: 'Ann Tiran'
Subject:

Middag Annatjie

Ek het toevallig op die volgende inligting afgekom, as jy dit vir jou vriend
wil deurgee:

Carolus Johannes Van Aardt Kemp x Hester Catharina KAPP

Dis ongelukkig al wat ek kon kry.

Groete

Pieter

4. [KOERANT]DIE BURGER-van BILJON Madeleine [82]
Posted by: "TEIR Elizabeth" trcul.info@elisanet.fi   kerrieborrie
Thu Feb 25, 2010 12:51 am (PST)

Meer as lewensgroot
2010-02-25 04:19

Willem de Vries

Kaapstad

In Cecile Cilliers se woonplek in Vishoek het die telefoon -gister heeloggend feitlik sonder --op-hou gelui ná die nuus dat haar -suster, Madeleine van Biljon, (82) die vorige aand oorlede is. "Mense onthou haar met sulke mooi -her-inneringe," vertel sy.

"Dit is moeilik om in die verlede tyd oor Madeleine te dink, sy was so immer teenwoordig in die lewe van haar drie sibbe: Nic, Siela en Polla. Sy was betrokke by ons en ons -kinders, was slim, spits--von-dig, snaaks. Oor woorde, 'n ver-taling, kon jy haar enigiets vra, sy het beide Engels en -Afrikaans foutloos hanteer.

"Ek het haar haar geheue -beny - wyd belese, het sy selde -die titel, -outeur of inhoud van 'n boek vergeet. Sy het styl gehad, styl én flair. Sy kon lekker kook, en het met -outoriteit oor kos en kokke -gepraat. Soos oor die meeste -ander dinge - soms tot die sibbe se ergernis.

"Oudste susters word maklik voorskriftelik. Maar sy had 'n ruim hart, was vrygewig, liefdevol. En 'n teenwoordigheid in ons lewe. Moeilik, nee, onmoontlik, om in die -verlede tyd aan -Madeleine te dink."

Die skrywer Hennie -Aucamp het soos volg aan Van Biljon hulde -gebring: "Madeleine van Biljon, só het dr. Con de Villiers gesê, is -'roekeloos intelligent'. Ek wil hieraan toevoeg: En was roekeloos lewensdriftig en roekeloos nuuskierig. Al hierdie hoedanighede het verenig en haar die -voortreflike joernalis gemaak wat sy jare lank was, en let wel, in -beide landstale.

Chris Whitfield, redakteur van die Cape Argus, vertel sy was 'n groot karakter in die Suid-Afrikaanse joernalistiek. "Sy het -geestig en stylvol geskryf en was -altyd vermaaklik. Sy was ook 'n baanbreker: Haar skryfwerk oor kos was byvoorbeeld altyd in die kleurvolle en toeganklike manier wat modieus geword het".

Aucamp vertel haar lewe was -gemoeid met mense en boeke.

"Sy was byna skrikwekkend -belese en kon jou na die 'plots' lei wat deur plaaslike skrywers -'geleen' is, maar sy het die kennis nooit -openbaar gemaak nie, want sy was nie geniepsig nie, behalwe wanneer kleingeestigheid en -huige-lary haar darem te veel teen die bors gestuit het.

"Sy het graag mense om haar -versamel vir etes, want sy was 'n voortreflike, verbeeldingryke kok en 'n sjarmante gasvrou. En sy was 'n getroue vriendin, solank -omstandighede haar dit toegelaat het.

"Maar daar was ook tragiek in haar lewe; 'n man wat te vroeg -oorlede is en 'n afgedwaalde seun. Sy sou 'n moderne gelykenis oor Die Verlore Seun kon geskryf het, met 'n slot wat so skreinend is dat 'n mens nie daaraan wil dink nie.

" 'n Verdere tragiek in haar -lewe is dat haar beweeglikheid drasties afgeneem het, en dat sy nie meer spontaan agter haar -rekenaar kon inskuif nie. Sy het begin kwyn en het uit haar -vriende se lewens -begin verdwyn. Wat ek van Madeleine van -Biljon sal onthou, is dat sy

voluit mens was, meer as lewensgroot, met 'n gulhartige lag wat altyd in my ore sal bly náklink."

Die televisievervaardiger -Herman Binge onthou Van Biljon, "sy surrogaatmoeder", as iemand wat "in alle opsigte 'n formidabele persoonlikheid" was.

"Sy was gesofistikeerd, intellektueel, belese, berese, jolig en liefdevol - alles gelyk en in die -oor-treffende trap. Sy was 'n kos-kenner, 'n wynkenner, 'n taal-- kenner en 'n mensekenner.

"Sy was 'n boekeliefhebber (met verskeie skrywers as deel van haar vriendekring), 'n musiek-lief-hebber (haar man, Pieter, het 'n -internasionaal bekende plateversameling opgebou), 'n kunslief-hebber (met werke van kunste- naars-vriende soos Robert Hodgins en Christo Coetzee in haar -ver-sameling) en 'n lief-hebber van die lewe. Dit alles het van haar 'n -uitstekende joernalis en skrywer gemaak.

"Haar sketse en -rubrieke wat in -koerante en -tydskrifte -verskyn het en wat in verskeie -bundels -gepubliseer is, was netso vermaaklik as wat haar boek-resensies was.

"Sy was bekend vir haar --deel-name aan die radioprogram Skote Petoors saam met Cobus Robinson, en die -kykNET-televisieprogram Die Boeksusters, saam met haar -suster.

"Sy gaan deur talle mense in 'n groot verskeidenheid om-gewings gemis en onthou word.

"Sy was vir lank in Pretoria en Kaapstad 'n surrogaatmoeder vir my terwyl my ouers in Europa gewoon het en ek was vir haar baie lief. Ek het my adolessensie met haar ondersteuning en simpatie oorleef waarvoor ek haar dankbaar bly. Ek het graag by haar en haar gesin gekuier want sy kón 'n 'paartie gooi'. Die eksotiese kos-geregte en goeie wyn met -klassieke musiek tussen pragtige skilderye het saamgewerk om -elke kuier by die Van Biljons 'n -spesiale ondervinding te maak. Madeleine (sy het nie daarvan gehou as ek vir haar 'tannie' sê nie; 'maar dis deel van jou naam!' het ek gesê) was 'n uitstekende gasvrou wat 'n mens vermaak het met klassieke stories en staaltjies wat sy met oorgawe vertel het - elkeen afgerond met haar klok-helder skaterlag. Sy was net so lief vir boeke as wat sy vir mense was. Haar pa was 'n landdros en die patriarg van die familie en sy invloed het dit vir haar moontlik gemaak om ewe goed met die Oppen- heimer-familie as met 'n groep skool-kinders -bevriend te kon wees. Ek was 'n -intieme vriend van haar seun Pierre-Jacques wie se dood - en 'n deel van sy lewe - vir haar 'n tragedie was. Seker die grootste -tragedie naas die dood van haar pa en van haar man, Pieter, wat sy moes verwerk. Toe ek bel om te -simpatiseer sê sy dapper: 'Dit gaan heel jolly, dankie my darling'."

- Die Burger

5a. Begrafplaasprojek

Posted by: "Louis Hurn" louishurn@telkomsa.net   ljhurn
Thu Feb 25, 2010 12:57 am (PST)

Nou soek ek hulp. Ek het die Begraafplaasprojek Weergawe 3, maar ewe skielik kan my rekenaar dit nie lees nie. Ek kry die boodskap "Active controllers may harm your computer, are you sure you want to run Active controllers" Selfs as ek "Yes" insleutel werk dit nie. Ek kan sien die GGSA Logo kom op en dan sny dit dadelik weer uit. Kan iemand help?

Groete
Louis Hurn
Durban.
----------

5b. Re: Begraafnisbriefies
Posted by: "Louis Hurn" louishurn@telkomsa.net   ljhurn
Thu Feb 25, 2010 1:37 am (PST)

Ek het die volgende begrafnisbriefie geplaas;
Faure Lambertus Dirk Petrus. 06 09 1925 - 14 02 2009

Groete
Louis Hurn
Durban.

----------

6a. Re: Grobbelaar en Louw
Posted by: "B. Leach" bleach@lantic.net   bdleach19490515
Thu Feb 25, 2010 1:25 am (PST)

Hallo Annemie,

Die Grobler/Grobbelaar boek het :- b11c9d1e6f3 - Cornelis Andries*30.6.1867 = 14.7.1867(Riebeek -Wes) +8.9.1920 x (Malmesbury) Anna Catharina LOUW

Hy was s/v b11c9d1e6 - Cornelis Andries*28.2.1841 = 11.4.1841 (Riebeek Kasteel) + 6.8.1931 (Riebeek Wes) x (Riebeek Wes) Johanna Christina LOUW*1844 (Malmesbury) +26.4.1899 (Riebeek Wes)

xx Wilhelmina Johanna DE VILLIERS

Hy was s/v b11c9d1 - Cornelis*27.7.1806 = 19.10.1806 (Swartland) +31.10.1887 (Riebeek Wes) x 4.10.1829 (Swartland) Elizabeth Sophia SMIT*1813 = 7.2.1813 (Clan William) + 10.6.1841 (Riebeek Wes)
xx C DE WAAL

Hy was die s/v b11c9 - Evert* 9.11.1782 = 15.12.1782 (Tulbagh) +20.6.1859 x Maria Margaretha VAN JAARSVELD = 17.10.1790 + 1820
xx 4.3.1827 Maria Johanna BASSON*16.7.1800 = 17.8.1800 + 19.6.1858

Hy was die s/v b11 - Cornelis = 31.3.1736 (Drakenstein) x 15.8.1762 Magdalena Elizabeth VOLSCHENK = 2.8.1744 + 1813

Stamvader - Johann GROBLER *( vermoedelik 10.10.1688) a. ca. 1708 x 1715 Geertruyd KNOEDZEN = 11.7.1706

groete,

barend

On 2010/02/24 07:24 PM, lourensannemie wrote:
> Goeiedag Lede
> Ek is nog besig om te werk aan my ouma se Hugo Amos Louw tak.
> Ek het Cornelius Andries GROBBELAAR gebore 30 Jun 1867 trou 30 Mar 1891 Swartland met Anna Catharina Louw geb.20 Jun 1870 dv. Hugo Amos Louw en Catharina Hendrina Maria (Hendrika)De Kock.
> Ek sal graag sy ouers se name en kinders se name wil kry.
> Enige hulp sal waardeer word.
> Groete
> Annemie Lourens
> Malmesbury
>

7. Leach, Henry William
Posted by: "etiennedv" etiennedv@yahoo.com etiennedv
Thu Feb 25, 2010 2:23 am (PST)

Barend,

Ek het 'n oorgrootoupa Leach vir wie ek nie 'n verdere spoor optel nie.

Hy was Henry William Leach (ook genoem Harry) (c. 2/1867 - 13/11/1918) x 10/02/1891 NGK Heilbron Anna Maria Nagel (*6/1/1871 - c. 1946) d/v Hendrik Johannes Nagel en Magteld (Rachel) Maria Pelser.

Volgens sy SK is HW Leach op King Williams Town gebore. Vanuit ABO-eis dokumente van hom het hy en sy gesin ook in Mei 1900 Johannesburg verlaat en King Williamstown toe gegaan. Hulle keer in Augustus 1902 terug Johannesburg toe.

Volgens sy SK was sy ouers Alfred Leach en Emma Leach.

Sy seuns se name was:

Alfred David Leach
Henry William Leach
James George Leach
Johannes Rudolph Leach
George Charles Leach

Het jy enige idee wie Henry William Leach (1867 - 1918) se ouers was?

Groete

Etienne

8a. Robinson
Posted by: "Gert Esterhuizen" murdeira74@gmail.com jorgeestreux
Thu Feb 25, 2010 3:36 am (PST)

Middag almal,
Is daar iemand wat die Robinson-familie navors??
Dit klink deurmekaar, maar die Robinsons was heel deurmekaar met die Vd Nests/Swanepoels/ Van Wyks/Janse Van Vuurens. Dan was die Klerksdorpse Bronhorste ok met Robinsons/ Swanepoels deurmekaar. Ek soek nog na die voorgeslagte van Johannes Mattheus (Matthias/Matthew) Robinson.. veral die
een getroud met Johanna Francina VD NEST.

groete
Gert

Onderwerp: [SA-Gen] Bundel Nommer 4236

Datum: Thursday, February 25, 2010

Daar is 25 boodskappe in hierdie uitgawe

Onderwerpe in hierdie bundel:

1. Johannes Jacobus Oosthuizen From: pvandermerwe92
2a. Re: Robinson From: Isebelle
3a. Re: VILJOEN Gert/Gerrit Johannes en Gertruida Susanna Hendrina Potg From: Viljoen, HC
4a. Re: Willem Schalkszoon [van der Merwe] se kinders From: Van der Merwe
4b. Re: Willem Schalkszoon [van der Merwe] se kinders From: etiennedv
4c. Re: Willem Schalkszoon [van der Merwe] se kinders From: Jan van Rensburg
5a. KAB From: Louis Hurn
6. (Koerant) Beeld 25 Feb. 2010.doc From: Fanie Blignaut
7. Cornelis Hendrik VILJOEN From: Christelle Horne
8a. Re: Familie Register, Ou Swellendam Families From: JC Morgenthal
8b. Re: Familie Register, Ou Swellendam Families From: Gert Esterhuizen
8c. Re: Familie Register, Ou Swellendam Families From: Annami Jonker
8d. Re: Familie Register, Ou Swellendam Families From: Annami Jonker
8e. Re: Familie Register, Ou Swellendam Families From: Gert Esterhuizen
9a. Willy WONKA and the chocolate factory From: corneykeller
9b. Willy WONKA and the chocolate factory From: CorneyK
10a. Poolman x Heymans From: Christo Heymans
11. Matthysen x Bekker - Matthysen x Potgieter From: Hendrik at Loogkolk
12. [KOERANT]VOLKSBLAD KONTREI-NG kerk Dewetsdorp From: TEIR Elizabeth
13. [KOERANT]VOLKSBLAD KONTREI-Anglikaanse kerkgebou Pinkster-Oord From: TEIR Elizabeth
14. NEL x DE WET ... From: Hendrik at Loogkolk
15. DEACON x NEL From: Hendrik at Loogkolk
16. POTGIETER x VICTOR ... From: Hendrik at Loogkolk
17. DE WET x VIVIERS ... From: Hendrik at Loogkolk
18. [KOERANT]VOLKSBLAD KONTREI-LATEGAN oom Latie [91] en tannie Latie [9 From: TEIR Elizabeth

1. Johannes Jacobus Oosthuizen
Posted by: "pvandermerwe92" vanderm@icon.co.za pvandermerwe92
Thu Feb 25, 2010 3:54 am (PST)

Hallo,
Volgens die SAG se Oosthuizens kom daar ene Johannes Jacobus - b7c7d9 - voor. Hy is gebore in Swellendam c 1812, boer sterf "Voorbaat" 13.8.1834. Kan iemand my meer vertel van hom?
Dankie
Petrus van der Merwe, Florida

2a. Re: Robinson
Posted by: "Isebelle" kraussis@ldschurch.org iekrauss
Thu Feb 25, 2010 4:07 am (PST)

Ek hat al vir jare aan die Robinsons gewer vra maar sal help die lyn was William Robinson wat ek vir my oorl man gedoen het

Sent from my Windows Mobile® phone.

NOTICE: This email message is for the sole use of the intended recipient(s) and may contain confidential and privileged information. Any unauthorized review, use, disclosure or distribution is prohibited. If you are not the intended recipient, please contact the sender by reply email and destroy all copies of the original message.

3a. Re: VILJOEN Gert/Gerrit Johannes en Gertruida Susanna Hendrina Potg
Posted by: "Viljoen, HC " hcv@sun.ac.za hc_viljoen
Thu Feb 25, 2010 4:43 am (PST)

Beste Louw,
Gerrit Johannes Viljoen * 30 Oct 1829 ~ 1 Dec 1829 Uitenhage was die s.v. Christoffel Viljoen ~ 19 Oct 1792 Het Land van Waveren en Elizabeth Maria van Vuuren * 4 Sep 1831 Cradock.
Gerrit Johannes Viljoen * 30 Oct 1829 was 'n Voortrekker; verlaat die Kaapkolonie op 8 jarige ouderdom met die trek van Hendrik Potgieter, maak die hele trek mee, ook in Natal, en was teenwoordig met die Slag van Bloedrivier. Vestig hom te Piet Retief; later woonagtig Ohrigstad. Inskrywing in huweliksregister gee sy name as Gert Johannes.
Gerrit Johannes Viljoen * 30 Oct 1829 x 1 Jan 1848 (Voortrekkertroue te Potchefstroom) Gertruida Susanna Hendrina Potgieter * 4 Sep 1831
Die egpaar het tien kinders gehad, waarvan die vyfde Johannes Jacobus Viljoen * 8 Sep 1856; verhuis met die Dorslandtrek in 1894 na Angola, waar hy in 1918 oorlede is. Hy x 1880 Martha Maria Venter * 18 Dec 1859. Die egpaar het agt kinders gehad. Hy xx 1905 Susara Susanna Knoetse * 6 Jun 1852, kinderlose verbinding Hy xxx 16 Sep 1907 te Que Calonda, Angola met Martha Maria van den Berg * 10 Dec 1881 by wie hy 5 kinders gehad het.
Groete
Christo

---

VILJOEN Gert/Gerrit Johannes en Gertruida Susanna Hendrina Potgieter

Posted by: "duplessislouw" parexcel@iafrica.com duplessislouw

Wed Feb 24, 2010 11:19 pm (PST)

Môre lyslede, die Viljoen- en Potgieter kenners

Wil graag verneem of iemand dalk nadere besonderhede het van;

VILJOEN Gert/Gerrit Johannes getroud met Gertruida Susanna Hendrina Potgieter

Hulle was vermoedelik vanaf Oos Transvaal gedurende die laat 1880's en van hulle kinders het op die Dorsland Trek gegaan

Wie was sy ouers en wie was haar ouers.

Toeligting: Hulle het vermoedelik 'n seun gehad VILJOEN, Johannes Jacobus * 5 of 8.9.1856 Gatsrand Tvl Oorlede 1918 Angola x Martha Maria Venter ??

xx Susara Susanna KNOETZE * 6.6.1852 Info van Johan Pottas Bloemfontein.

xxx Que 16.9.1907 Du Preez, weduwee, geb. Van den Berg, Martha Maria * 10.12.1881

U hulp sal waardeer word.

Louw du Plessis

011 8883433

4a. Re: Willem Schalkszoon [van der Merwe] se kinders
Posted by: "Van der Merwe" vanderm@icon.co.za pvandermerwe92
Thu Feb 25, 2010 6:00 am (PST)

Hallo Michele,
Die naam is eintlik net Willem. Die Schalkzoon dui daarop hy die seun van Schalk is. Wanneer jy na sy buite egtelioke dogter se naam kyk sal jy sien dat dit as Maria Schalk aangedui word. Dus die dogter van Schalk.
Hoop dit klaar die gebruik op.
Petrus van der Merwe, Florida

4b. Re: Willem Schalkszoon [van der Merwe] se kinders
Posted by: "etiennedv" etiennedv@yahoo.com etiennedv
Thu Feb 25, 2010 6:07 am (PST)

Skies, maar dis verwarrend. Hoe kan die dogter van Willem, die dogter van Schalk wees?

--- In SAGenealogie@yahoogroups.com, "Van der Merwe" <vanderm@...> wrote:
>
> Hallo Michele,
> Die naam is eintlik net Willem. Die Schalkzoon dui daarop hy die seun van Schalk is. Wanneer jy na sy buite egtelioke dogter se naam kyk sal jy sien dat dit as Maria Schalk aangedui word. Dus die dogter van Schalk.
> Hoop dit klaar die gebruik op.
> Petrus van der Merwe, Florida
>
>

>

4c. Re: Willem Schalkszoon [van der Merwe] se kinders
Posted by: "Jan van Rensburg" janvrjfc@yahoo.com   janvrjfc
Thu Feb 25, 2010 10:26 am (PST)

Google " Southafricastamouers" en kliek op die Van der Merwes -Daar is die Nederlandse stamouers mooi uiteengesit.

--- On Thu, 2/25/10, etiennedv <etiennedv@yahoo.com> wrote:

From: etiennedv <etiennedv@yahoo.com>
Subject: [SA-Gen] Re: Willem Schalkszoon [van der Merwe] se kinders
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Date: Thursday, February 25, 2010, 10:22 AM

Schalk Willem van der Merwe is volgens Janet Melville se boek op 26 Feb 1696 Met Anna Prevot getroud.

Volgens SAG Vol 8 (Prevot) is Anna Prevot op 23 Jan 1680 gebore en op 18 Feb 1681 in Marcq, Frankryk gedoop.

--- In SAGenealogie@ yahoogroups. com, "pvandermerwe92" <vanderm@... > wrote:

>

> Hallo,

> 1. Sy oudste seun Scalck Willemzoon [Schalk] tree in Februarie 1702 in die huwelik met Anna Prevot. Sy is die dogter van Charles Prevot en Marie le Fevre. Sy is op 18 Februarie 1681 in Mark, Calais Frankryk gebore. Die vraag is wanneer en met watter skip het sy in die Kaap aangekom?

> 2. 'n Ander dogter van Willem Schalkszoon, Aletta - volgens die Stellenbosse Doopregister met die doop van haar en Nicolaas van Rensburg se seun word haar naam as Aaltie Willemse Schalk aangegee. Is daar iemand wat my meer van hulle kan vertel?

> Dankie

> Petrus van der Merwe, Florida.

>

5a. KAB
Posted by: "Louis Hurn" louishurn@telkomsa.net ljhurn
Thu Feb 25, 2010 6:31 am (PST)

Gegroet alle lyslede in die mooie Kaapstad.
Is daar dalk iemand wat vir my kan kyk wat in hierdie 2 leers staan.
Dit was my Stammoeder se eerste man en ek het absoluut niks oor die man nie. Hester was ook die stiefdogter van Jan Geeritze Bantjes. Ek sal dit baie waardeer.

1. DEPOT KAB

SOURCE MOOC

TYPE LEER

VOLUME_NO 7/1/203

SYSTEM 01

REFERENCE 159

PART 1

DESCRIPTION OOSTHUIZEN, HESTER MARIA. WIFE OF CORNELIS JACOBUS SMITH. INVENTORY.

STARTING 18490000 ENDING 18490000 REMARKS FILED 1850.

2. DEPOT KAB

SOURCE MOOC

TYPE LEER

VOLUME_NO 7/1/203

SYSTEM 01

REFERENCE 160

PART 1

DESCRIPTION OOSTHUIZEN, HESTER MARIA. WIFE OF CORNELIS JACOBUS SMITH.

APPRAISEMENT. STARTING 18500000 ENDING 18500000 REMARKS FILED 1850.

Groete.
Louis Hurn
Durban.
----------

6. (Koerant) Beeld 25 Feb. 2010.doc
Posted by: "Fanie Blignaut" blikkies@mabonline.co.za   blignautfanie
Thu Feb 25, 2010 7:23 am (PST)

BENSON; Bradley. Theuns en Carol BENSON kontak dringend vir Mieke vd SMIT
by 012-567-4551 oor aanneming van Bradley. (Beeld - 25/02/2010)

BENSON; Daniel. Theuns en Carol BENSON kontak dringend vir Mieke vd SMIT by
012-567-4551 oor aanneming van Daniel. (Beeld - 25/02/2010)

BENSON; Monique. Theuns en Carol BENSON kontak dringend vir Mieke vd SMIT
by 012-567-4551 oor aanneming van Monique. (Beeld - 25/02/2010)

CILLIERS; Justin Curtis Jon, ID-000523 5187 084. John Jason CILLIERS kontak
dringend vir Ansie LOUW by 011-764-8301 oor aanneming van Justin. (Beeld -
25/02/2010)

MALAN; Nathan Lee * 22/01/2007, ID-070122 5309 080. {Mr} Pieter Wilhelm MALAN contact {Mr} G SCHMIDT at 082-777-9162 for your consent of the changing of the surname & giving the consent of a passport of your biological child Nathan. (Beeld - 23, 24, 25/02/2010)

SMITH; Anna Sophia Catharina, in lewe van Pretoria. Roudiens: Huis Herman
Tehuis, Pretoria-Noord, 26/02/2010, 14:00. (Beeld - 25/02/2010) AVBOB Begrafnisdienste, Pretoria-Noord, 012-565-4269.

STRYDOM; Amore * 01/10/2002, ID-021001 0996 085. Kan die Biologiese Vader

van Amore, dringend 083-304-0526 skakel oor aanneming van Amore. (Beeld -23,
24, 25/02/2010)

THOMSON; Brain Robert, in lewe van Pretoria. Gedenkdiens: Metodiste Kerk,
Sinoville, Pretoria-Noord, 26/02/2010, 13:00. Verassing privaat. (Beeld -
25/02/2010) AVBOB Begrafnisdienste, Pretoria-Noord, 012-565-4269.

TROLLIP; Maria Magdalena, in lewe van Pretoria. Begrafnisdiens: NG Kerk,
Florandia, Pretoria, 26/02/2010, 09:30 # Heatherdale Begraafplaas, Britsweg,
Pretoria-Noord. (Beeld - 25/02/2010) AVBOB Begrafnisdienste, Pretoria-Noord,
012-565-4269.

VAN NIEKERK; Ellis. Verassingsdiens: OA Kerk, Van Dyk Park, Boksburg,
Gauteng provinsie, 26/02/2010, 11:00. (Beeld - 25/02/2010) AVBOB
Begrafnisdienste, Benoni, Gauteng provinsie, 011-421-5842.

Groete,

Fanie Blignaut (Blikkies),

Vanderbijlpark,

Gauteng provinsie.

7. Cornelis Hendrik VILJOEN
Posted by: "Christelle Horne" christelle@justicia.co.za balouchisa
Thu Feb 25, 2010 7:27 am (PST)

Middag almal,

Ek is 'n nuwe lid van die groep (eintlik 'n Engels-sprekende Viljoen)
wat hoop om weer te werk aan my stamboom waarmee ek jare terug begin
het. Het enigiemand meer inligting van hierdie groepie? Gerhardus
Cornelius VILJOEN is my "Oupa Gert". .

=======================================================================================================================
Husband: Cornelis Hendrik VILJOEN
=======================================================================================================================
Born: +- 1850 Place:
Christened: Place:
Died: 28 Aug 1892 Place:
Buried: Place:
----------------------------------------------------------

Married: 11 May 1890 Place: Methodist Church, Uitenhage
----------------------------------------------------------
Husband's father: Christoffel Johannes VILJOEN
Husband's mother: Maria Aletta PRINSLOO
=======================================================================
===============================================
Wife: Maria Petronella SNYMAN
=======================================================================
===============================================
Born: ?25 Nov 1852 Place: ?Uitenhage
Christened: Place:
Died: Abt 1926 Place:
Buried: Place:
----------------------------------------------------------
Wife's father: SNYMAN
Wife's mother:
==============================================================
Children
==============================================================
1. Gerhardus Cornelius VILJOEN
----------------------------------------------------------
M Born: 2 Dec 1892 Place: Uitenhage, Eastern Cape, South Africa
Christened: Place:
Died: 19 Jun 1972 Place: Middelburg, Mpumalanga
Buried: Place: Grave 557 Ermelo
----------------------------------------------------------
Spouse: Martha Catharina ROSSLEE
Married: Place:
==============================================================
2. Jacomina VILJOEN
----------------------------------------------------------
F Born: Place:
Christened: Place:
Died: Place:
Buried: Place:
----------------------------------------------------------
Spouse: DORFLING
Married: Place:
================================================================

Sover ek weet, is hierdie besonderhede van Cornelis Hendrik VILJOEN se tweede huwelik. Ek het ook inligting van die eerste huwelik.

Christelle Horne (nee Viljoen)
Durban, South Africa
Researching HORNE, VILJOEN, SWANEPOEL & SMITH

8a. Re: Familie Register, Ou Swellendam Families
Posted by: "JC Morgenthal" 27828984140@vodamail.co.za
johan.morgenthal
Thu Feb 25, 2010 7:46 am (PST)

Middag Annami: Ek merk op dat die van Schoeman nie in jou lys te vinde is nie, en tog was daar baie van hulle in Swellendam en omgewing. Ek sal nog met die Drosdy in verbinding tree, maar as jy intussen iets sien oor die Schoemans van Swellendam sal ek bly wees om daarvan te hoor.
Baie dankie!
Johan Morgenthal, Stellenbosch
Vanne: Morgenthal; Schoeman; Kotze

----- Original Message -----
From: Annami Jonker
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Sent: Thursday, February 11, 2010 4:47 PM
Subject: [SA-Gen] Familie Register, Ou Swellendam Families

Beste David en ander lyslede

Die Drostdy Museum het reeds 3 registers uitgegee. Deel1 handel net oor die van Steyn. Deel 2 bevat die volgende vanne: Adshade, Anderson, Ashford, Van As, Badenhorst, Bam, Barry, Blanckenberg, Crous, Dodds, Dunn, Emmet, Kerr, Lingerfelder, Rothmann, Sibert, Stiglingh, Tomlinson en Aspeling. Deel 3 handel oor: Beyers, Borcherds, Van Eeden, Eksteen, Fourie, Gildenhuys, Helm, Hendriks, Human, Lourens, Van Noordwyk, Odendaal, Rall, Reitz, Uys, Wessels en Van Zijl.

Ek vermoed dat hulle besig is met nog vanne, want ek mis van die bekende ou families - vanne soos Cilliers en Swart. Die Streichers het self 'n register uitgegee.

Indien enige iemand navraag oor een van bg. vanne het, kan ek dit naslaan. Wanneer ek weer by die Drostdy kom, sal ek vasstel of deel 2 en 3 nog beskikbaar is. Deel een is uitverkoop.

Groete
Annami Jonker

8b. Re: Familie Register, Ou Swellendam Families
Posted by: "Gert Esterhuizen" murdeira74@gmail.com jorgeestreux
Thu Feb 25, 2010 8:20 am (PST)

Annami,
Een van die mense wat my 3 hare minder maak is Christina Hamman (Hauman/Houman) X Marthinus David Ras op 14 Apr 1771. Ek het nou afgekom
waar daar beweer word dat sy die dogter is van Jan (Johann) Jurgen HAMMAN en
Johanna Margaretha GILDENHUIZEN. Kan jy so iets opspoor??

Gert

2010/2/11 Annami Jonker <annamijonker@yahoo.com>

>
>
> Beste David en ander lyslede
>
> Die Drostdy Museum het reeds 3 registers uitgegee. Deel1 handel net oor
> die van Steyn. Deel 2 bevat die volgende vanne: Adshade, Anderson,
> Ashford, Van As, Badenhorst, Bam, Barry, Blanckenberg, Crous, Dodds, Dunn,
> Emmet, Kerr, Lingerfelder, Rothmann, Sibert, Stiglingh, Tomlinson en
> Aspeling. Deel 3 handel oor: Beyers, Borcherds, Van Eeden, Eksteen,
> Fourie, Gildenhuys, Helm, Hendriks, Human, Lourens, Van Noordwyk, Odendaal,
> Rall, Reitz, Uys, Wessels en Van Zijl.
>
> Ek vermoed dat hulle besig is met nog vanne, want ek mis van die bekende ou
> families - vanne soos Cilliers en Swart. Die Streichers het self 'n
> register uitgegee.
>
> Indien enige iemand navraag oor een van bg. vanne het, kan ek dit naslaan.
> Wanneer ek weer by die Drostdy kom, sal ek vasstel of deel 2 en 3 nog
> beskikbaar is. Deel een is uitverkoop.
>
> Groete
> Annami Jonker
>

>
>
>

8c. Re: Familie Register, Ou Swellendam Families
Posted by: "Annami Jonker" annamijonker@yahoo.com annamijonker
Thu Feb 25, 2010 9:38 am (PST)

---

From: JC Morgenthal <27828984140@vodamail.co.za>
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Sent: Thu, February 25, 2010 5:35:34 PM
Subject: Re: [SA-Gen] Familie Register, Ou Swellendam Families

Middag Annami: Ek merk op dat die van Schoeman nie in jou lys te vinde is nie, en tog was daar baie van hulle in Swellendam en omgewing. Ek sal nog met die Drosdy in verbinding tree, maar as jy intussen iets sien oor die Schoemans van Swellendam sal ek bly wees om daarvan te hoor.
Baie dankie!
Johan Morgenthal, Stellenbosch
Vanne: Morgenthal; Schoeman; Kotze

----- Original Message -----
From: Annami Jonker
To: SAGenealogie@ yahoogroups. com
Sent: Thursday, February 11, 2010 4:47 PM
Subject: [SA-Gen] Familie Register, Ou Swellendam Families

Beste David en ander lyslede

Die Drostdy Museum het reeds 3 registers uitgegee. Deel1 handel net oor die van Steyn. Deel 2 bevat die volgende vanne: Adshade, Anderson, Ashford, Van As, Badenhorst, Bam, Barry, Blanckenberg, Crous, Dodds, Dunn, Emmet, Kerr, Lingerfelder, Rothmann, Sibert, Stiglingh, Tomlinson en Aspeling. Deel 3 handel oor: Beyers, Borcherds, Van Eeden, Eksteen, Fourie, Gildenhuys, Helm, Hendriks, Human, Lourens, Van Noordwyk, Odendaal, Rall, Reitz, Uys, Wessels en Van Zijl.

Ek vermoed dat hulle besig is met nog vanne, want ek mis van die bekende ou families - vanne soos Cilliers en Swart. Die Streichers het self 'n register uitgegee.

Indien enige iemand navraag oor een van bg. vanne het, kan ek dit naslaan. Wanneer ek weer by die Drostdy kom, sal ek vasstel of deel 2 en 3 nog beskikbaar is. Deel een is uitverkoop.

Groete
Annami Jonker

Goeie naand Johan

Ek het nog min die van Schoeman m.b.t. Swellendam families teëgekom. Oudtshoorn en De Rust is mos eintlik Schoeman-wêreld.  In die boek oor die Steyns wat die Drostdy uitgegee het, is daar slegs een verwysing na 'n Schoeman.  Dit is Petronella Helena Schoeman wat in 1825 getroud is met Johannes Christoffel Steyn.  Sy was 'n niggie van kommandant-generaal Stephanus Schoeman, een van die stigters van die Lydenburgse Republiek.  Ek sal my oë oophou vir nog Schoemans.

Groete
Annami

8d. Re: Familie Register, Ou Swellendam Families
Posted by: "Annami Jonker" annamijonker@yahoo.com   annamijonker
Thu Feb 25, 2010 10:08 am (PST)

Beste Gert

Ek kry wel vir Johanna Margaretha GILDENHUYS gedoop 22-3-1721 en getroud met Jan Jurgen HAMMAN.  Haar ouers was Barend Gildenhuys gedoop 9-9-1682 en getroud op 31-8-1710 met Anna Margaretha SIEK gedoop 13-3-1695.  (Sou daar nog mense met die van SIEK in Suid-Afrika wees?). Barend en sy vrou het 5 kinders gehad, van wie Johanna Margaretha die jongste was.

Jammer ek kan nie help met Christina nie.

Groete
Annami Jonker

________________________________
From: Gert Esterhuizen <murdeira74@gmail.com>
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Sent: Thu, February 25, 2010 6:04:07 PM
Subject: Re: [SA-Gen] Familie Register, Ou Swellendam Families

Annami,
Een van die mense wat my 3 hare minder maak is Christina Hamman (Hauman/Houman) X Marthinus David Ras op 14 Apr 1771. Ek het nou afgekom
waar daar beweer word dat sy die dogter is van Jan (Johann) Jurgen HAMMAN en
Johanna Margaretha GILDENHUIZEN. Kan jy so iets opspoor??

Gert

2010/2/11 Annami Jonker <annamijonker@yahoo.com>

>
>
> Beste David en ander lyslede
>
> Die Drostdy Museum het reeds 3 registers uitgegee.  Deel1 handel net oor
> die van Steyn.  Deel 2 bevat die volgende vanne:  Adshade, Anderson,
> Ashford, Van As, Badenhorst, Bam, Barry, Blanckenberg, Crous, Dodds, Dunn,
> Emmet, Kerr, Lingerfelder, Rothmann, Sibert, Stiglingh, Tomlinson en
> Aspeling.  Deel 3 handel oor:  Beyers, Borcherds, Van Eeden, Eksteen,
> Fourie, Gildenhuys, Helm, Hendriks, Human, Lourens, Van Noordwyk, Odendaal,
> Rall, Reitz, Uys, Wessels en Van Zijl.
>
> Ek vermoed dat hulle besig is met nog vanne, want ek mis van die bekende ou
> families - vanne soos Cilliers en Swart.  Die Streichers het self 'n
> register uitgegee.

>
> Indien enige iemand navraag oor een van bg. vanne het, kan ek dit naslaan.
> Wanneer ek weer by die Drostdy kom, sal ek vasstel of deel 2 en 3 nog
> beskikbaar is.  Deel een is uitverkoop.
>
> Groete
> Annami Jonker
>

>
>
>

------------------------------------

SAGenealogie is â€˜n poslys vir die bespreking van genealogiese en genealogies-verwante aangeleenthede alleenlik, onderhewig aan die voorwaardes soos uitgespel by http://www.sagenealogie.com  Lede wat aangeleenthede wil opper wat nie van 'n suiwer genealogiese aard is nie, word versoek om dit nie op die poslys te doen nie, maar dit liefs van die lys af  direk aan die betrokkene te stuur.  Probleme, klagtes en voorstelle vir verbetering moet gestuur word aan:
SAGenealogie-owner@yahoogroups.com

Besoek ons webblad by:
http://www.sagenealogie.com
http://www.sagenealogy.com

Yahoo! Groups Links

8e. Re: Familie Register, Ou Swellendam Families
Posted by: "Gert Esterhuizen" murdeira74@gmail.com   jorgeestreux
Thu Feb 25, 2010 11:21 am (PST)

Annami,
Dankie.. sy was Anna of Adriana Christina = 9 Jul 1741 + 1816.. sou sy inpas
met hulle tyd?? Dit wil so voorkom??

Gert

2010/2/25 Annami Jonker <annamijonker@yahoo.com>

>
>
> Beste Gert
>

> Ek kry wel vir Johanna Margaretha GILDENHUYS gedoop 22-3-1721 en
getroud
> met Jan Jurgen HAMMAN. Haar ouers was Barend Gildenhuys gedoop 9-9-
1682 en
> getroud op 31-8-1710 met Anna Margaretha SIEK gedoop 13-3-1695. (Sou
daar
> nog mense met die van SIEK in Suid-Afrika wees?). Barend en sy vrou
het 5
> kinders gehad, van wie Johanna Margaretha die jongste was.
>
> Jammer ek kan nie help met Christina nie.
>
> Groete
> Annami Jonker
>
> ________________________________
> From: Gert Esterhuizen <murdeira74@gmail.com
<murdeira74%40gmail.com>>
> To: SAGenealogie@yahoogroups.com <SAGenealogie%40yahoogroups.com>
> Sent: Thu, February 25, 2010 6:04:07 PM
> Subject: Re: [SA-Gen] Familie Register, Ou Swellendam Families
>
> Annami,
> Een van die mense wat my 3 hare minder maak is Christina Hamman
> (Hauman/Houman) X Marthinus David Ras op 14 Apr 1771. Ek het nou
afgekom
> waar daar beweer word dat sy die dogter is van Jan (Johann) Jurgen
HAMMAN
> en
> Johanna Margaretha GILDENHUIZEN. Kan jy so iets opspoor??
>
> Gert
>
> 2010/2/11 Annami Jonker <annamijonker@yahoo.com
<annamijonker%40yahoo.com>
> >
>
> >
> >
> > Beste David en ander lyslede
> >
> > Die Drostdy Museum het reeds 3 registers uitgegee. Deel1 handel net
oor
> > die van Steyn. Deel 2 bevat die volgende vanne: Adshade, Anderson,
> > Ashford, Van As, Badenhorst, Bam, Barry, Blanckenberg, Crous,
Dodds,
> Dunn,
> > Emmet, Kerr, Lingerfelder, Rothmann, Sibert, Stiglingh, Tomlinson
en
> > Aspeling. Deel 3 handel oor: Beyers, Borcherds, Van Eeden, Eksteen,
> > Fourie, Gildenhuys, Helm, Hendriks, Human, Lourens, Van Noordwyk,
> Odendaal,
> > Rall, Reitz, Uys, Wessels en Van Zijl.
> >
> > Ek vermoed dat hulle besig is met nog vanne, want ek mis van die
bekende
> ou

> > families - vanne soos Cilliers en Swart. Die Streichers het self 'n
> > register uitgegee.
> >
> > Indien enige iemand navraag oor een van bg. vanne het, kan ek dit
> naslaan.
> > Wanneer ek weer by die Drostdy kom, sal ek vasstel of deel 2 en 3
nog
> > beskikbaar is. Deel een is uitverkoop.
> >
> > Groete
> > Annami Jonker
> >

> >
> >
> >
>

>
> ------------------------------------
>
> SAGenealogie is ‘n poslys vir die bespreking van genealogiese en
> genealogies-verwante aangeleenthede alleenlik, onderhewig aan die
> voorwaardes soos uitgespel by http://www.sagenealogie.com Lede wat
> aangeleenthede wil opper wat nie van 'n suiwer genealogiese aard is
nie,
> word versoek om dit nie op die poslys te doen nie, maar dit liefs van
die
> lys af direk aan die betrokkene te stuur. Probleme, klagtes en
voorstelle
> vir verbetering moet gestuur word aan:
> SAGenealogie-owner@yahoogroups.com <SAGenealogie-
owner%40yahoogroups.com>
>
> Besoek ons webblad by:
> http://www.sagenealogie.com
> http://www.sagenealogy.com
>
> Yahoo! Groups Links
>

>
>
>

9a. Willy WONKA and the chocolate factory
Posted by: "corneykeller" corney.keller@hetnet.nl   corneykeller
Thu Feb 25, 2010 7:51 am (PST)

Hallo Almal,

Nee, nee ..., Willy Wonka is geen voorouer van my nie, en nee ek wil ook nie oor Willy praat nie, maar wel oor die sjokoladefrabriek.

Ek wil weet of enige iemand iets weet oor 'n sjokoladefabriek in die buurt van Maitland of Newlands, Kaapstad, tussen die jare 1915 en 1920. My Ouma, Alwyna Jacoba PETTIT en van haar susters het as jong meisjes in die tydperk daar gaan werk om die (ouerlike) huishoudkas aan te vul. Hulle het heelemaal uit die Baviaanskloof gekom om daar te gaan werk. Daar, in Newlands, het sy toe my Oupa, vrywillige in die SAMC, ontmoet wat net teruggekom het uit Dar-es-salam nadat hy malaria daar gekry het.

Ek wil graag weet of iemand my meer informasie kan gee oor die fabriek en is daar ook andere wat voorouers gehad het wat daar gewerk het. Dit was natuurlik oorglogstyd, en na wapens en ammunusie, was sjokolade natuurlik hoog op die verlanglys van elke soldaat. Dus hulle produyksielyne het volop gedraai en moes baie arbeiders hê.

Enige informasie, ook al lyk dit onbenullig, sal baie welkom wees.

Groete,
Corney Keller
Zaandam

9b. Willy WONKA and the chocolate factory
Posted by: "CorneyK" corney.keller@hetnet.nl   corneykeller
Thu Feb 25, 2010 7:59 am (PST)

Hallo Almal,

Nee, nee ..., Willy Wonka is geen voorouer van my nie, en nee ek wil ook nie oor Willy praat nie, maar wel oor die sjokoladefrabriek.

Ek wil weet of enige iemand iets weet oor 'n sjokoladefabriek in die buurt van Maitland of Newlands, Kaapstad, tussen die jare 1915 en 1920. My Ouma, Alwyna Jacoba PETTIT en van haar susters het as jong meisjes in die tydperk daar gaan werk om die (ouerlike) huishoudkas aan te vul. Hulle het heelemaal uit die Baviaanskloof gekom om daar te gaan werk. Daar, in Newlands, het sy toe my Oupa, vrywillige in die SAMC, ontmoet wat net teruggekom het uit Dar-es-salam nadat hy malaria daar gekry het.

Ek wil graag weet of iemand my meer informasie kan gee oor die fabriek en is daar ook andere wat voorouers gehad het wat daar gewerk het. Dit was natuurlik oorglogstyd, en na wapens en ammunusie, was sjokolade natuurlik hoog op die verlanglys van elke soldaat. Dus hulle produyksielyne het volop gedraai en moes baie arbeiders hê.

Enige informasie, ook al lyk dit onbenullig, sal baie welkom wees.

Groete,
Corney Keller
Zaandam

10a. Poolman x Heymans
Posted by: "Christo Heymans" cheymans@mweb.co.za   christo_heymans
Thu Feb 25, 2010 10:20 am (PST)

Beste Lyslede,

Ek het op 21 Feb 2010 navra gedoen oor:

Daniël Poolman x Martina J Heymans *13/06/1890 (dv Marthinus Jacobus Heymans
*4/02/1859 x Maria Susara Elizabeth Magdalena HERN *6/08/1867).

Maar geen reaksie gekry nie. Is daar iemand wat die Poolman familie navors
of vir my kan help met inligting asb?

Grte.

Christo Heymans

Boksburg

082 469 1557

11. Matthysen x Bekker - Matthysen x Potgieter
Posted by: "Hendrik at Loogkolk" hendrik@loogkolk.co.za   loogkolk09
Thu Feb 25, 2010 10:26 am (PST)

Beste vriende ...

Ek is opsoek na:
1. Al die kinders in die gesin
2. Die ouers en waar moontlik die lyne van onderstaande Vader & Moeder ...

Baie dankie
Hendrik LOUW
082 722 6500
011 976 4262 (Kempton Park)

Eliza Nathaniël MATTHYSEN x Cornelia Jacoba BECKER
b1 F Cornelia Jacoba MATTHYSEN * 24.06.1907 x 13.05.1929 Hendrik Bezuidenhout POTGIETER

SOURCES
1. Vrystaatse Argief Bewaarplek, Bloemfontein - MHG M3594 MATTHYSEN,

Cornelia Jacoba * BEKKER S/S Eliza Nathaniel MATTHYSEN (1918) LDS Film 1439194 is nog nie nagegaan nie

12. [KOERANT]VOLKSBLAD KONTREI-NG kerk Dewetsdorp
Posted by: "TEIR Elizabeth" trcul.info@elisanet.fi   kerrieborrie
Thu Feb 25, 2010 10:36 am (PST)

Vleis laat geld inrol op kerkbasaar
2010-02-17 07:01

Siska Martin

DEWETSDORP. - Altesaam 115 skape, 17 beeste, 25 varkies, 200 hoenders en 'n reuse-verskeidenheid ander tradisionele basaarprodukte is vanjaar weer op die NG kerk Dewetsdorp se jaarlikse basaarspyskaart.

Sedert 2007 het dié basaar 'n ongekende groei getoon. In 2006 het die gemeente R60 000 wins gemaak. Die volgende jaar was sy wins R101 000. Dit was grotendeels danksy die vleis, 45 skape en 7 beeste, wat op aandrang van ds. Horace van Coller verwerk en verkoop is. Van Coller wat aan die begin van 2007 op Dewetsdorp aangeland het van die NG kerk Karatara tussen George en Knysna af, is self as 'n blokman opgelei en neem elke jaar aktief leiding wanneer die vleis verwerk word.

In 2008 het 80 lammers en 14 beeste die basaar se wins opgejaag tot R151 000 en verlede jaar, toe daar ook 115 lammers, 17 beeste en 7 varke geslag is, was die wins R242 000.

Met hierdie geld het die gemeente, wat uit 578 volwasse lidmate en 125 kinders bestaan, reeds alle toerusting aangekoop wat nodig is om die vleis te verwerk. Vanjaar het hulle ook 'n koelkamer geïnstalleer.

Besoekers van oor die Vrystaat heen word op 6 Maart op die dorp verwag. Van Coller vertel dat die basaar 'n ekonomies inspuiting vir die hele distrik is, want mense kom woon vir die naweek op die dorp. "Selfs die slaghuise sê hulle doen dan goeie sake." Hy sê hoewel hulle geld maak op die basaar, is die samesyn van die mense vir hom die belangrikste. "Ons wil hê die mense moet hier kom kuier."

Al die vleis word in die week of wat voor die basaar verwerk. Die skape word glad nie gevries nie en die Woensdag voor die basaar kom gemeentelede in massas byeen om die skaapvleis te verwerk. Alles saagsels word van die vleis afgekrap en alles word vakuumverpak.

Van 08:00 die dag van die basaar kan besoekers al iets te ete gaan koop en die saal met die vleis open om 09:30.

- Volksblad

13. [KOERANT]VOLKSBLAD KONTREI-Anglikaanse kerkgebou Pinkster-Oord
Posted by: "TEIR Elizabeth" trcul.info@elisanet.fi kerrieborrie
Thu Feb 25, 2010 10:37 am (PST)

Eeu oue kerkgebou op dorp kry nuwe lewe
2010-02-03 07:55

Siska Martin

EDENBURG. - Die Anglikaanse kerkgebou op die dorp het jare leeg gestaan toe mnr. Hansie Heinemann so vyf jaar gelede weer 'n aanbod gemaak het om die eiendom vir sy kerk, die gemeente Pinkster-Oord, te koop.

Dié keer is die aanbod aanvaar en Heinemann het met die reuse-taak begin om die gebou, wat meer as 100 jaar oud is, op te knap.

Aanvanklik het die gemeente in 'n pakhuis by Heinemann se huis dienste gehou. Later het Heinemann twee huise gekoop en gesien dat een van die huise relatief maklik as kerk ingerig kan word. Hy het toe binnemure begin uitbreek om dit so in te rig. "Maar toe sê die Here nee, nie 'n kerk nie, maar wel woonstelle. Ek moes toe maar die mure wat ek die oggend afgebreek het, weer opbou," vertel Heinemann.

'n Jaar later is die woonstelle voltooi en daar is nou huurders in al drie eenhede oorkant die huidige kerkterrein.

"Ek het só na die ou Anglikaanse kerkgebou gekyk en besluit toe om maar weer 'n aanbod te maak. En hulle het sowaar my aanbod aanvaar. "Die kerk was in 'n toestand van verwaarlosing."

Heinemann, 'n opgeleide elektrisiën, vertel dat die kerkgebou binne 30 werkdae opgeknap en die saal aangebou is. Klip moes aangery word om die fondasie van die saal by dié van die kerk te laat aanpas.

Hoewel daar 'n pragtige klipdoopvont in die kerk was, moes 'n doopbad vir die gemeente ingerig word. Dié is voor in die kerk, kompleet met Perspex-plate om te keer dat die water uitspat. Bokant die doopbad hang 'n skildery van 'n waterstroom wat me. Anna Coertzen, toe reeds in die 70 en 'n oudinwoner van Edenburg, spesiaal vir die gemeente geskilder het.

Vandag hou die sowat 35 lidmate elke Sondag onder leiding van past. Johnny van Wyk dienste in die gebou waarvan die hoeksteen op 16 November 1905 gelê is. Volgens die oorsponklike planne wat in die kerksaal hang, was die argitek ene Fred. W. Masey.

Die opknap van huise is vir Heinemann nie 'n nuutjie nie. "Ek geniet dit só om ou huise reg en mooi te maak," sê dié veteraan wat die afgelope 45 jaar al sowat 70 huise op die dorp gekoop, opgeknap en verkoop het. Heinemann het van Kroonstad af hierheen verhuis, maar het op Magogong op die Vaalharts-besproeiingskema grootgeword.

- Volksblad

14. NEL x DE WET ...
Posted by: "Hendrik at Loogkolk" hendrik@loogkolk.co.za   loogkolk09
Thu Feb 25, 2010 10:51 am (PST)

Beste vriende ...

Ek is opsoek na:
1. Al die kinders in die gesin
2. Die ouers en waar moontlik die lyne van onderstaande Vader & Moeder
...

Baie dankie
Hendrik LOUW
082 722 6500
011 976 4262 (Kempton Park)

Phillippus Wilhelmus NEL * 11.08.1876 x Maria Petronella Elizabeth DE
WET *
15.10.1882 {d.v. Johannes Petrus DE WET * 16.06.1853 & Maria Petronella
Cornelia VAN WYK * 4.4.1861

b1 M Pieter Gabriël NEL * 19.12.1912 x Ouida Maria DEACON

BRONNE:
E-SAGI - Lucas Rinken
DE WET BOEK - HENK DE WET
AT NEL persoonlik

15. DEACON x NEL
Posted by: "Hendrik at Loogkolk" hendrik@loogkolk.co.za   loogkolk09
Thu Feb 25, 2010 10:58 am (PST)

Beste vriende ...

Ek is opsoek na:
Ouida Maria DEACON se OUERS asb. (Indien lyne beskikbaar is, help asb)

Baie dankie
Hendrik LOUW
082 722 6500
011 976 4262 (Kempton Park)

Pieter Gabriël NEL * 19.12.1912 {s.v. Phillippus Wilhelmus NEL *
11.08.1876
& Maria Petronella Elizabeth DE WET * 15.10.1882 x Ouida Maria DEACON *
9.03.1924

b1 M Adriaan Thomas NEL * Johannesburg 1.01.1946 x Johannesburg 13.03.1976
Theunsina Johanna POTGIETER

NOTA'S: Adriaan Thomas NEL
General: oba: At

16. POTGIETER x VICTOR ...
Posted by: "Hendrik at Loogkolk" hendrik@loogkolk.co.za   loogkolk09
Thu Feb 25, 2010 11:05 am (PST)

Beste vriende ...

Ek is opsoek na:
1. Al die kinders in die gesin
2. Die ouers en waar moontlik die lyne van onderstaande Vader & Moeder ...

Baie dankie
Hendrik LOUW
082 722 6500
011 976 4262 (Kempton Park)

Hendrik Bezuidenhout POTGIETER * 04.09.1860 ? ca. 1918 x Anna Maria VICTOR

b1 M Hendrik Bezuidenhout POTGIETER * 04.09.1906 x 13.05.1929 Cornelia Jacoba MATTHYSEN

SOURCES
1. Transvaalse Argief Bewaarplek, Pretoria. MHG 9546/68 POTGIETER, Hendrik
Bezuidenhout (1968) S/S Cornelia Jacoba POTGIETER. (Hierdie dokumente is nog
nie besigtig nie)

17. DE WET x VIVIERS ...
Posted by: "Hendrik at Loogkolk" hendrik@loogkolk.co.za   loogkolk09
Thu Feb 25, 2010 11:06 am (PST)

Beste vriende ...

Ek is opsoek na:
1. Al die kinders in die gesin
2. Die ouers en waar moontlik die lyne van onderstaande Vader & Moeder ...

Baie dankie
Hendrik LOUW

082 722 6500
011 976 4262 (Kempton Park)

Pieter Gabriel DE WET * ca. 1825 x Anna Catharina VIVIERS * ca. 1825

b1 M Johannes Petrus DE WET * 16.06.1853 Riversdal + 17.07.1903 x Maria Petronella Cornelia VAN WYK

Bronne
DE WET BOEK: Henk de Wet
E-SAGI DVD: Lucas Rinken

18. [KOERANT]VOLKSBLAD KONTREI-LATEGAN oom Latie [91] en tannie Latie [9
Posted by: "TEIR Elizabeth" trcul.info@elisanet.fi kerrieborrie
Thu Feb 25, 2010 11:11 am (PST)

Egpaar van Kroonstad 70 j. getroud
2010-01-27 03:15

MINNIE BURGER

KROONSTAD. - As 'n egpaar al 70 jaar getroud is, is dit heeltemal aanvaarbaar dat hulle nou al dieselfde naam het - oom Latie (91) en tannie Latie (95) Lategan het op 16 Januarie hierdie groot mylpaal saam met hul kinders, kleinkinders en agterkleinkinders gevier.

Dié twee inwoners van Huis Edelkroon, die afdeling vir verswakte bejaardes in die Kroonstadse Sentrum vir Bejaardes, is op 16 Januarie 1940 op Oudtshoorn in die huwelik bevestig.

Albei het op plase in die distrik Oudtshoorn grootgeword.

Met hul huweliksbevestiging het hulle belowe om aan mekaar getrou te bly en vandag kan hulle getuig van die Here se genade en seën op hul huwelik.

Uit die huwelik is vyf kinders gebore. Die jongste dogter is op 21-jarige ouderdom oorlede. Die kinders besef dat hulle ongelooflik bevoorreg is dat albei hul ouers nog leef.

Die egpaar het nege kleinkinders, van wie een oorlede is, en 11 agterkleinkinders.

Oom Latie was 27 jaar werksaam by die destydse Kroonstad-landbouskool.

Hy het gewerk tot op die ouderdom van 71 jaar.

Hy getuig dat harde werk bydra tot 'n positiewe lewe as bejaarde.

- Volksblad

Onderwerp: [SA-Gen] Bundel Nommer 4237

Datum: Friday, February 26, 2010

Daar is 16 boodskappe in hierdie uitgawe

Onderwerpe in hierdie bundel:


1. [KOERANT]VOLKSBLAD KONTREI-DAW H From: TEIR Elizabeth
2. Regstelling's vir BADENHORST boek ... From: Hendrik at Loogkolk
3a. ROBBERTZE From: Helena Garner
3b. Re: ROBBERTZE From: Ann Tiran
3c. Re: ROBBERTZE From: Ann Tiran
4a. Re: POTGIETER x VICTOR ... From: Dennis Pretorius
5. [Koerant] The Mercury Donderdag 25 Feb 2010 From: aletta magrieta.quebbemann
6. Re: Familie Register, Ou Swellendam Families: Schoeman From: JC Morgenthal
7a. Re: Willem Schalkszoon [van der Merwe] se kinders From: Van der Merwe
8a. Christina Adriana Houman From: jos_leroux
8b. Re: Christina Adriana Houman From: Gert Esterhuizen
8c. Re: Christina Adriana Houman From: Gert Esterhuizen
9. [KOERANT]VOLKSBLAD KONTREI-FURMAN Yvonne [82] From: TEIR Elizabeth
10. [Koerant] Koerant bylae Berea Mail Feb 2010 Huwelike. From: aletta magrieta.quebbemann
11a. "Slavery" From: Andries & Marelize Keyter
11b. Re: "Slavery" From: Ann Tiran


